# HOOFSTUK 5

# D.P.J. SMITH

## 5.1 LEWENSKETS

### 5.1.1 INLEIDING

Net soos in die geval van J.W. Postma en C.M. Smit is dit noodsaaklik om eers 'n oorsig oor die lewe van D.P.J. Smith te kry voordat daar tot 'n bespreking van die bydraes wat hy ten opsigte van die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika gelewer het, oorgegaan kan word. Hierdeur kan 'n relatief duidelike beeld van sy persoonlikheid, die milieu waarin hy geleef het, die omstandighede waaronder hy moes arbei asook die invloede wat hy ondergaan het, verkry word. Met hierdie kennis van Smith se lewe as agtergrond kan daar gevolglik met groter insig oor die bydraes wat hy gelewer het, geskryf word.

Ten einde 'n kursoriese oorsig oor die persoonlike lewe van D.P.J. Smith en van sy loopbaan te verkry, word aandag aan die volgende fasette daarvan gegee: sy jeugjare en basiese opleiding (1912 - 1933), die tydperk wat hy onderwys gegee het (1934 - 1935), die tydperk van verbondenheid aan die Potchefstroomse Onderwyskollege (1936 - 1944), die tydperk van besondere dienslewering aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (1945 - 1973) en enkele algemene opmerkings oor Smith self.

## 5.1.2 JEUGJARE EN BASIESE OPLEIDING: 1912 - 1933

David Petrus Jacobus Smith is op 3 Mei 1912 in die distrik Barkley-Wes, waar sy ouers op die plaas Blikfontein geboer het, gebore (Anon., 1948c:33). Nadat albei sy ouers in 1918 aan griep oorlede is, is hy deur sy oupa op 'n plaas in die distrik Daniëlskuil, grootgemaak. Nadat hy standerd ses by die laerskool te Daniëlskuil voltooi het, wou hy graag vir 'n predikant studeer. Die nodige finansies was egter nie beskikbaar om hoërskool toe te gaan nie en buitendien wou die hoërskool hom ook nie aanvaar nie as gevolg van sy jeugdige leeftyd, met die gevolg dat Smith in 1925 vir 'n jaar lank by sy oupa op die plaas skape moes oppas. Volgens Smith (1976) het hy gedurende hierdie tyd sy hoogspringtalent ontwikkel deur oor drade en miershope te spring, terwyl hy geëksperimenteer het met die gebruik van sy arms in die springproses.

In 1926 het Smith sy hoërskoolloopbaan te Seodin Hoërskool in Kuruman begin. Volgens Smith (1976) was dit swaarkry-jare gewees omdat hy selfs nog in matriek kaalvoet skool toe gegaan het en vakansiewerk moes doen om skoolboeke te bekom. Gedurende sy hoërskoolloopbaan het hy deelgeneem aan atletiek (hoofsaaklik hardloop- en springnommers), rugby, krieket "sommer met 'n houtkolf, tennisbal en 'n viergallonblik", en tennis "met 'n plank as raket" (Smith, 1976). Sy besondere balvaardigheid het toe reeds al geblyk uit die feit dat die tenniskampioen van die dorp hom gevra het om teen hom te oefen, al het hy nie eens 'n raket besit nie (De Klerk, 1977:1).

Na matriek het Smith na Bloemfontein verhuis waar hy in 1930 en 1931 by die S.A. Miling Company as klerk gewerk het. Terselfdertyd het hy twee keer per week aandklasse in boekhou, tik en snelskrif by die Polytegniese Kollege geloop. Daarbenewens het hy by die Universiteitskorrespondensiekollege van Suid-Afrika ingeskryf vir deeltydse studies vir die B.A.-graad (Anon., 1948c:33). Gedurende die aande wat hy nie aandklasse geloop het nie, het hy geboks en gestoei en oefeninge gedoen om hom fiks te maak vir hierdie twee sportsoorte - hoofsaaklik deur die Sweedse gimnastiek te beoefen (Smith, 1976). Dat hierdie oefening nie verniet was nie blyk uit die feit dat hy in 1930 en

1931 die liggewigstoeikampioen van die Oranje-Vrystaat was (De Klerk, 1977:2).

In 1932 het Smith 'n studiebeurs gekry en het hy by die Potchefstroomse Onderwyskollege (die destydse Normaalkollege) ingeskryf vir die O.2-kursus. Dit was 'n driejarige kursus waarvan die eerste en tweede jaar hoofsaaklik akademies en die derde jaar professioneel was. As gevolg van sy deeltydse studies by die Universiteitskollege van Suid-Afrika, tydens sy verblyf in Bloemfontein, het hy reeds die eerstejaar van die B.A.- en 'n gedeelte van die O.2-kursus afgehandel. Hy was 'n entoesiastiese student met besondere deursettingsvermoë. Gedurende hierdie jare het hy aan 'n verskeidenheid sportsoorte deelgeneem en wel in so 'n mate dat hy die kollege in drie sportsoorte verteenwoordig het, naamlik rugby, tennis en atletiek (De Klerk, 1977:2).

Omdat Smith se oupa in 1932 oorlede is, het hy vakansietye by die familie rondgekuier. Sy enigste vervoermiddel om by die familie in Kuruman uit te kom was sy fiets. Hy het dus sy koffertjie op sy fiets gelaai en sonder onderbreking die afstand na Kuruman aflê (Smith, 1976). As die gehalte van die paaie van destyds in ag geneem word, dan is hierdie prestasie ten opsigte van moed, durf en deursettingsvermoë des te meer merkwaardig (De Klerk, 1977:2).

Smith het sy studies in 1933 voltooi deur die verwerwing van die O.2.-sertifikaat en die B.A.-graad (Anon., 1948c:33). Gedurende hierdie tyd het die depressie aangebreek en tydens hierdie moeilike jare bevind Smith hom in sy eerste beroep naamlik die onderwysberoep.

### 5.1.3 ONDERWYSJARE : 1934-1935

In 1934 het Smith 'n tydelike onderwyspos by onder andere die Kalahari Hoërskool, Seodin, aanvaar. In 1935 was hy onderwyser by die Vryburgse Hoërskool. Hier het hy Liggaamlike Opvoedkunde vir die hele skool, Duits vir standerd nege en tien, Engels vir standerd sewes en

agt en Geskiedenis vir standerd agt gegee. Benewens hierdie vakke moes hy ook die buitemuurse sportafrigting in atletiek, tennis en soms rugby waarneem (Smith, 1976). Sy kennis van Liggaamlike Opvoedkunde het hy verkry deur 'n vakansiekursus in Liggaamlike Opvoedkunde onder leiding van mnr. H.J. Taylor by te woon. Hy het die vak met entoesiasme deel van sy lewe gemaak en verskeie puik gimnastiekvertonings met sy skoolseuns te Vryburg gelewer (De Klerk, 1977:2).

In 1936 het Smith 'n pos as dosent in Liggaamlike Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Onderwyskollege aanvaar. Benewens sy verpligtinge as dosent aan bogenoemde kollege het hy ook die Liggaamlike Opvoedkundelesse by die volgende skole waargeneem: Gimnasium Hoërskool, Hoër Volkskool en High School for Boys. Daar was ook sprake daarvan dat hy aan sekere laerskole onderrig in Liggaamlike Opvoedkunde moes gee. In 'n skrywe van die Sekretaris van die Transvaalse Onderwysdepartement aan die Inspekteur van Onderwys (Potchefstroom) in Maart 1936 word hy onder andere versoek "... om in oorleg met die hoofde van die Potchefstroomse Normaalkollege, Gimnasium Hoërskool, Volks Hoërskool en High School for Boys 'n tydtafel van werksaamhede van mnr. Smith op te stel. As mnr. Smith dan nog nie die vereiste aantal ure per dag werksaam is nie, moet u reëlings tref om hom aan sekere laerskole onderrig te laat gee" (TOD, 1936:1).

### 5.1.4 POTCHEFSTROOMSE ONDERWYSKOLLEGE : 1936-1944

Smith is in 1936 as dosent in Liggaamlike Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Onderwyskollege aangestel. Hy was 'n gewilde keuse op grond van sy akademiese kwalifikasies, sy besondere bekwaamheid asook sy geesdrif (Van der Merwe, 1935:1).

Soos reeds gemeld was Smith benewens sy verpligtinge as dosent aan bogenoemde kollege ook verantwoordelik vir die Liggaamlike Opvoedkundeperiodes aan verskeie skole in Potchefstroom gedurende 1936 en 1937. Daarbenewens was Smith betrokke by die aanbieding van 'n

groot aantal Liggaamlike Opvoedkundevertonings. (Hierdie vertonings is destyds aangebied as "liggaamsoefening-uitvoerings", "liggaamsoefeningdemonstrasies" asook "liggaamskultuurvertonings"). So was Smith onder andere in beheer van die "gimnastiekvertonings" wat tydens 'n Gesondheidsdag in 1937 in Potchefstroom aangebied is. Volgens mev. C.J.M. Smith het die vertonings so 'n indruk op minister O. Pirow van destyds gemaak dat hy vir Smith 'n beurs vir verdere studies in Liggaamlike Opvoedkunde, namens die Unie-Onderwysdepartement, aangebied het. Na verdere onderhandelinge het Smith uiteindelik 'n beurs van die Transvaalse Onderwysdepartement aanvaar vir studies in Europa (Smith, 1982).

Op 30 Maart 1937 is Smith in die huwelik bevestig met Cornelia Johanna Maria Bosman. In dieselfde jaar is hy saam met sy gade na Europa vir verdere studies in Liggaamlike Opvoedkunde. Hier het hy vir twaalf maande gestudeer aan die Hochschule für Leibesübungen van die Universiteit van Berlyn, die Reichsakademie für Leibesübungen in Berlyn asook die Academie voor Lichamelijke Opvoeding te Amsterdam (Smith, 1939a:1). Smith het in Januarie 1939 terug gekeer na Suid-Afrika en onmiddellik voortgegaan met sy werksaamhede by die Potchefstroomse Onderwyskollege (De Klerk, 1977:3).

Op daardie stadium was Smith saam met mej. K. Junker verantwoordelik vir die aanbieding van die volgende kursusse vir die opleiding van onderwysers in Liggaamlike Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Onderwyskollege:

1. 'n Dr.iejarige basiese opleidingskursus vir die gewone onderwyser in die laer- en hoërskool.
2. 'n Eenjarige voltydse diploma wat op bogenoemde opleiding gevolg het en wat gespesialiseerd was.
3. Kursusse (voortsettings) vir diensdoende onderwysers.
4. Spesiale kursus vir die onderwys van "agterlike" kinders.

Benewens bogenoemde verpligtinge was Smith ook behulpsaam met die sportaangeleenthede van die studente veral ten opsigte van swem- en atletiekonderrig. Omdat die personeel van die Potchefstroomse

Onderwyskollege nie 'n groot ledetal gehad het nie was Smith se dienste oral benodig (Van der Merwe, 1939:1).

Ten spyte van die hoë werksbelading het Smith gedurende hierdie tyd ook vakansiekursusse in Liggaamlike Opvoedkunde vir onderwysers aangebied. Verder het hy een keer per week na Parys gery waar hy "liggaamsoefeningklasse" vir die publiek aangebied het (Smith, 1982).

Vanaf 1 Augustus 1940 was Smith en mej. E. Hartmannn (sy het die plek gevul van mej. Junker wat in Junie 1939 uit diens getree het) behulpsaam met die opleiding van die Universiteits-onderwydsiplomastudente (U.O.D.-studente) van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (die destydse Potchefstroomse Universiteitskollege). Benewens hul werk aan die Onderwyskollege het hul twee middae in die week - dit wil sê vyf uur per week - aan die doseer van Liggaamlike Opvoedkunde op die kampus van die Universiteitskollege spandeer (Du Toit, 1940:1). Hierdie kursus in "liggaamsoefening" was verpligtend vir alle U.O.D.-studente en het "... al die bekende vorme van fisiese beweging soos dril, gimnastiek en atletiek omvat" (PU vir CHO, 1941:109). Toe die Universiteit van Suid-Afrika 'n leergang vir Liggaamlike Opvoedkunde (wat in 1942 as 'n eenjarige B.A.-kwalifikasiekursus aan die PU vir CHO erken sou word), gemagtig het, is Smith en mej. Hartmannn gevra om hierdie kursus te behartig vir nog 'n ekstra twee periodes per week (Du Toit, 1942:1). Op hierdie wyse het Smith, benewens sy werk aan die Onderwyskollege ook diens gelewer aan die PU vir CHO, totdat hy in 1945 as senior lektor in Liggaamlike Opvoedkunde aan die PU vir CHO aangestel is en uit sy pos by die Onderwyskollege bedank het.

Gedurende Smith se dienstydperk aan die Potchefstroomse Onderwyskollege het hy ook diens gelewer aan sport in Wes-Transvaal. Benewens sy betrokkenheid by die sport van die Potchefstroomse Onderwyskollege en die "Universiteitskollege" het hy ook diens gelewer aan die sport van Wes-Transvaal. Hy het ook onder andere op die uitvoerende bestuur van die destydse Potchefstroom Interklub Amateur Atletiek Assosiasie gedien en as bron van inligting aan afrigters oor die

hele Wes-Transvaal gedien (Smith, 1982). Verder het hy ook 'n leidende rol gespeel in die tenniskringe van Wes-Transvaal (De Klerk, 1977:4).

Gedurende hierdie tydperk het Smith hom ook besig gehou met verdere studies sodat hy sy M.Ed.-graad in 1943 verkry het met die verhandeling: 'n Histories-kritiese ondersoek na die opleiding van onderwysers in Liggaamlike Opvoeding op die openbare skool.

Hierdie besonder besige tyd in Smith se lewe tydens sy verbondenheid aan die Potchefstroomse Onderwyskollege is aan die einde van 1944 beëindig. Hierna het Smith in 1945 'n pos by die PU vir CHO as dosent in Liggaamlike Opvoedkunde aanvaar (De Klerk, 1977:5).

### 5.1.5 POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS: 1945 - 1973

'n Belangrike tydperk in die lewe van Smith het aangebreek toe hy aan die begin van 1945 as senior lektor in Liggaamlike Opvoedkunde (vir 'n proeftydperk van een jaar) aan die PU vir CHO benoem is. In 1947 is hy aangewys as hoof van die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde aan die Universiteit en in dieselfde jaar behaal hy sy D.Phil.-graad met die proefskrif: Die samestelling van prestasieskale in die Atletiek vir studerende blanke jongelinge van 16 jaar en ouer. In 1950 is hy tot Professor in Opvoedkunde aangestel. Hierdie posisie het hy beklee tot en met sy aftrede in 1972.

Gedurende Smith se 38-jaar lange verbondenheid aan die PU vir CHO het hy hom beywer vir die bevordering van Liggaamlike Opvoedkunde op velerlei terreine. Hy was onder andere verantwoordelik vir die instelling van kursusse en vakrigtings in Liggaamlike Opvoedkunde, die samestelling van leerplanne vir die verskillende kursusse in Liggaamlike Opvoedkunde, die bevordering van navorsing ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkunde, die organisasie en beheer van die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde asook die daarstelling en verbetering van

fasiliteite vir Liggaamlike Opvoedkunde en sport. Hy het ook op 'n verskeidenheid van komitees en rade van die Universiteit gedien op welke wyse hy 'n bydrae kon lewer tot die bevordering van Liggaamlike Opvoedkunde en sport aan die Universiteit.

Benewens die besondere bydraes wat Smith tot die uitbouing van die vak Liggaamlike Opvoedkunde gelewer het, het hy gedurende sy verbondenheid aan die PU vir CHO ook 'n leidende rol in die samelewing op verskeie gebiede gespeel. Hier word veral gedink aan die besondere diens wat hy gelewer het ten opsigte van atletiek op universitêre-, provinsiale- sowel as nasionale vlak. Ten opsigte van tennis het hy nie net die tennis van die PU vir CHO uitgebou nie, maar was hy die persoon wat daarin geslaag het om tennis in Wes-Transvaal as provinsiale sportsoort gevestig te kry.

Die tydperk wat Smith aan die PU vir CHO werksaam was, word gekenmerk deur die besondere bydrae wat Smith gedurende hierdie tydperk gelewer het ten opsigte van drie aspekte naamlik:

- Opleiding van studente
- Navorsing op die terrein van Liggaamlike Opvoedkunde
- Bydraes ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkundige- en sportverenigings

Volgens Strydom (1985) het Smith daarin geslaag om 'n goeie balans tussen bogenoemde drie aspekte te handhaaf.

Smith se dienstydperk aan die PU vir CHO was in 1957 vir ses maande onderbreek toe hy ernstig siek geraak het aan pulmonale tuberkulose. Tydens sy siekte het hy die volgende woorde aan die Registrateur van die PU vir CHO geskryf:

> "Intussen sien ek met verlange uit daarna om weer in my werk te staan wat ek in swakheid maar met liefde en toegewydheid probeer doen het" (Smith, 1957:1).

Dit is dan ook met liefde en toegewydheid dat Smith (tot en met sy aftrede aan die einde van 1973), aan die PU vir CHO gearbei het. Hy het 'n onuitwisbare stempel gelaat op die Universiteit, veral ten opsigte van die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde. In die verband sal dit gepas wees om die woorde van 'n kollega van Smith, G.J.L. Scholtz, in 'n skrywe aan Smith, aan te haal:

> "Die Departement was gelukkig om 'n persoon van u kaliber te hê om dit te lei deur die eerste en moeilikste skof. U het 'n Departement met 'n trotse tradisie en gerespekteerde akademiese status nagelaat" (Scholtz, 1973:1).

### 5.1.6 SMITH AS PERSOON

Met Smith se afsterwe op 23 September 1977 het prof. H.J.J. Bingle, gewese rektor van die PU vir CHO, die volgende aan mev. Smith gesê:

> "David was uit en uit 'n ordentlike mens" (Smith, 1982).

Strydom (1985) huldig dieselfde opinie as Bingle en omskryf ordentlike mens as 'n gentleman. Volgens hom was Smith altyd 'n ware heer.

Uit bogenoemde woorde kan 'n mens met reg die afleiding maak dat Smith persoonlikheidseienskappe besit het wat eie is aan 'n ordentlike mens of anders gestel 'n gentleman, naamlik eienskappe soos opregtheid, eerlikheid, standvastigheid, regverdigheid, waardigheid en wellewendheid. Scholtz (1986:2) beskryf Smith as 'n man van groot selfbeheersing, waardigheid en hoë integriteit. Hy was volgens Scholtz reguit en eerlik maar deurgaans diplomaties, afgerond en konsidererend. In 'n huldeblyk aan Smith het prof. W.J. Putter, huidige hoof van die PU vir CHO se Departement Liggaamlike Opvoedkunde, die volgende van Smith as mens geskryf:

"As mens was David Smith wellewend, sonder valsheid, altyd fyn beskaafd in sy optrede, uiters netjies, maar sonder oordaad of swier. Wat hy gedoen het, is goed gedoen" (Putter, 1977).

Uit bogenoemde aanhaling blyk dit onder andere dat Smith "uiters netjies" was. Hy was veral besonder netjies ten opsigte van sy persoonlike voorkoms. Volgens prof. J.C. Coetzee, destydse rektor van die PU vir CHO, was Smith altyd "deftig aangetrek" (Coetzee, 1983). Prof. G.L. Strydom, wat 'n student en later medekollega van Smith was, is van opinie dat een van die grootste indrukke wat Smith op hom gemaak het, sy netheid op sy persoon was. Hieroor het Strydom onder andere die volgende gesê:

"Ek het prof. Smith in my hele lewe nooit met 'n deurmekaar kop gesien nie - al was hy op die tennisbaan" (Strydom, 1986).

Smith was besonder ambisieus en vooruitstrewend. Volgens Coetzee "wou hy altyd hoër en hoër gaan" (Coetzee, 1983). Hierdie menings is deur Scholtz (1977b) onderskryf, want in 'n huldeblyk aan Smith het hy Smith beskryf as "'n man met onderneming en dryfkrag". Hiermee saam gaan Putter se mening oor Smith se ambisieuse karaktertrekke deurdat hy Smith se lewe as "kragdadig" en "koersvas" beskryf het (Putter, 1977).

Smith was 'n sterk leier. Op bykans al die terreine waarop hy beweeg het, het hy as leier uitgestyg. Hierdie besondere vermoë van Smith om leiding te neem kan grootliks toegeskryf word aan sy buitengewone intellek asook sy vermoë om 'n situasie op te som en daarvolgens op te tree. Scholtz, wat 'n student en medekollega van Smith was, het in 'n huldeblyk aan Smith geskryf dat Smith onder andere altyd deur ons onthou sal word as 'n man met onderneming en dryfkrag en as "'n sterk leier" (Scholtz, 1977b).

Smith het 'n besondere vaderlandsliefde gehad. Volgens Scholtz (1977b) was hy 'n man met sterk oortuigings en 'n "warme liefde vir sy land en mense". Smith was trots op sy Afrikanerskap en die dinge wat eie aan sy volk was. Hy het byvoorbeeld onder andere sy moedertaal, in kringe waar Afrikaans nie altyd tot sy reg gekom het nie, gepraat en sodoende

indirek gesorg dat Afrikaans al hoe meer veld gewen het (Anon., 1973d). Oor die uitlewing van sy vaderlandsliefde het Putter die volgende oor Smith geskryf:

> "Sy toegewyde liefde vir sy volk en sy land het hy nie onder 'n maatemmer verberg nie; hy het dit ook aan studente en kollegas oorgedra" (Putter, 1977).

Alhoewel Smith verskeie kere genader is om tot die politiek toe te tree, het hy, met inagneming van verskeie faktore, dit nie wenslik geag nie. Hy is egter dikwels genader om feesredes te lewer tydens Geloftedag soos onder andere op Aasvoëlkop, Kuruman en Ventersdorp.

Smith was van kindsbeen af 'n geesdriftige en veelsydige sportbeoefenaar. Sy rugbyloopbaan het hy op laerskool begin as skrumskakel, maar hy het later sy Hoërskool en Onderwyskollege as heelagter in die eerste spanne gedien. In atletiek het hy gereeld vir die Onderwyskollege sowel as PU vir CHO by Dalrymple-byeenkomste opgetree. In 1936 is hy gekies as lid van die Atletiekspan van die S.A. Universiteite. In die dertigerjare het hy die OVS-liggewigkampioen in stoei geword. Hy het gereeld vir sy Hoërskool, die Normaalkollege, PU vir CHO en ander klubs tennis gespeel (Anon., 1948c). Hy het tennis gespeel tot op 'n baie laat leeftyd. Dat Smith 'n besondere sportmangees openbaar het, blyk uit die volgende woorde wat Putter in 'n huldeblyk aan Smith geskryf het:

> "As sportman was hy altyd 'n gedugte maar waardige opponent, blymoedig oor die voorregte wat hy kon geniet. Hy kon met volle oorgawe die spel speel volgens die reëls. Soos sy spel, so ook was sy lewe: bepland, kragdadig, koersvas en met blymoedigheid"(Putter, 1977).

Smith was 'n uitstaande student en akademikus. Volgens Coetzee (1983) was Smith 'n goeie student wat hom onbeperk toegewy het aan sy werk. Smith was voortdurend student en het hom deurgaans daarvoor beywer om op hoogte te bly met die nuutste ontwikkeling op sy vakgebied. Volgens Coetzee (1983) het Smith "net vir Liggaamlike Opvoedkunde"

geleef. Smith was 'n uitmuntende akademikus (Scholtz, 1977b). As akademikus het Putter die volgende oor Smith geskryf:

> "Hy was as dosent wetenskaplik, regverdig, objektief. Hy was bouer aan die wetenskap. Met visie het hy realisties beplan en gevorm" (Putter, 1977).

Smith het 'n besondere verhouding teenoor sy medemens geopenbaar. Hy was altyd baie ordentlik in sy optrede teenoor sy medemens (Smith, 1982). Volgens Scholtz het Smith 'n warm hart vir sy medemens gehad. Hieroor het hy onder andere die volgende geskryf:

> "Sy lewe was die van aktiwiteit, van diens en noue betrokkenheid by die gebeure en mense van sy tyd" (Scholtz, 1977).

Sy "gentleman"-skap het baie duidelik geblyk ten opsigte van sy verhouding met sy studente sowel as medekollegas. Ten opsigte van sy verhouding met sy studente blyk dit dat hul groot agting en respek vir hom gehad het. Hieroor het Scholtz (1986:3) die volgende geskryf:

> "As studente was ons lief vir hom, meer 'n liefde wat uit respek en agting gebore was".

Hy het ook hoë aansien onder sy medekollegas geniet. Volgens Strydom (1985) was hy 'n voorbeeld van 'n wetenskaplike wat nog sy "menswees" behou het. In 'n huldeblyk aan Smith het Putter die volgende woorde oor hom as kollega geskryf:

> "Hy was 'n kollega, opreg, toegewyd, hulpvaardig en onkreukbaar lojaal" (Putter, 1977).

Smith was 'n gesinsman. Uit sy huwelik met Cornelia Johanna Maria Bosman is drie kinders gebore naamlik Cornelia Johanna Maria, David Petrus Jacobus en Nicola Bosman. Smith het uit sy pad gegaan om ten spyte van sy besige beroepslewe genoeg tyd aan sy familie te bestee.

Smith was 'n gelowige Christen wat na die voorbeeld van sy Saligmaker die lewe betree het (Putter, 1977). Die stempel van sy opregte geloof is afgedruk op al sy doen en late onder andere ook op die wyse waarop hy die vak beoefen het. Hieroor het Putter die volgende ten opsigte van Smith geskryf:

> "In sy wetenskapsbeoefening het sy opregte geloof steeds die goue draad gebly wat aan sy gedagtes die stempel van uniekheid, volheid en afronding gegee het " (Putter, 1977).

Dit sal gepas wees om hierdie gedeelte oor Smith as persoon af te sluit met 'n aanhaling uit die huldeblyk wat Scholtz oor Smith geskryf het na sy afsterwe op 23 September 1977:

> "Ons sal hom onthou as 'n uitmuntende akademikus, 'n man met onderneming en dryfkrag, 'n sterk leier, 'n ewewigtige mens, iemand met 'n warm hart vir sy medemens en 'n sterk anker in God" (Scholtz, 1977b).

## 5.2 SMITH SE BESKOUINGS TEN OPSIGTE VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE EN SPORT

### 5.2.1 INLEIDING

Ter verklaring en verduideliking van Smith se bydrae tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde as vak, is dit noodsaaklik om insae te kry in die wetenskaplike, voorwetenskaplike asook die filosofiese benaderings wat hy gehandhaaf het. Vir die doeleindes van die afdeling word die aandag bepaal tot die volgende fasette: sy beskouings ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkunde as vakwetenskap, die doel en plek van Liggaamlike Opvoeding in die opvoedingsprogram, die beginsels van Liggaamlike Opvoedkunde, Liggaamlike Opvoedkunde en die opleiding van

onderwysers, toetsing en meting in die Liggaamlike Opvoedkunde, Liggaamlike Opvoedkunde en fiksheid en Liggaamlike Opvoedkunde en sport. Vanweë die feit dat dit onmoontlik is om alle fasette in die verband te dek, word die aandag tot die prominentste fasette bepaal. Die veronderstelling is dat Smith se voorwetenskaplike en filosofiese opvattings 'n invloed op sy wetenskapsiening sou hê.

## 5.2.2 LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE AS WETENSKAP

Soos gemeld (kyk 3.2.2 wat handel oor Postma se beskouings ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkunde as wetenskap) was die vraag of Liggaamlike Opvoedkunde 'n "volwaardige" dissipline is al dan nie, 'n hoogs debatteerbare aangeleentheid gedurende die veertiger- en vyftigerjare.

Smith het van die veronderstelling uitgegaan dat Liggaamlike Opvoedkunde as 'n wetenskap beskou kon word indien dit aan die vereistes voldoen wat daar aan 'n volwaardige wetenskap gestel word. Hy het 'n wetenskap gedefinieer as versamelde, gekoördineerde, gesistematiseerde en verifieërbare kennis. Volgens hom het Liggaamlike Opvoedkunde aan al hierdie eise voldoen en kon dus as 'n volwaardige wetenskap beskou word (Putter, s.a).

Om te bepaal watter soort wetenskap Liggaamlike Opvoedkunde is, het Smith van die veronderstelling uitgegaan dat 'n mens tussen twee soorte wetenskappe moes onderskei naamlik "suiwer" of eksakte wetenskappe en toegepaste of normatiewe wetenskappe. Die eksakte wetenskappe het die teorie ter wille van die teorie beoefen en het die praktyk net in diens van die teorie gestel. Hierteenoor was die toegepaste wetenskap 'n wetenskap wat die teoretiese bevindings in die praktyk toegepas het. Smith het Liggaamlike Opvoedkunde beskou as 'n toegepaste wetenskap omdat sy teorie in diens van sy praktyk gestaan het (Putter, s.a.).

Wat die plek van Liggaamlike Opvoedkunde in die wetenskap betref, het Smith die volgende beskouing gehuldig: indien 'n wetenskap 'n eie

gesigshoek het wat geen ander wetenskap het nie, het hy bestaansreg. Die Liggaamlike Opvoedkunde het 'n eie veld van ondersoek en betrek die feite van normatiewe sowel as eksakte wetenskappe op die bewegende mens. Die Liggaamlike Opvoedkunde wil die versamelde gegewens ten opsigte van die mens koördineer en gebruik tot voordeel van die mens. So byvoorbeeld sal kennis van die sielkunde en fisiologie in die Liggaamlike Opvoedkunde aangewend word tot psigiese en fisiese voordeel (Putter, s.a.).

Smith was van mening dat Liggaamlike Opvoedkunde sy eie veld van ondersoek, dit wil sê 'n sentrale terrein het, maar dat ook hulpwetenskappe byvoorbeeld fisiologie, sosiologie en psigologie betrokke was by sy veld van ondersoek. Die hulpwetenskappe van die geesteswetenskappe en die natuurwetenskappe het kennis aan Liggaamlike Opvoedkunde verskaf waardeur hy sy eie veld kon opbou. Liggaamlike Opvoedkunde se terrein van ondersoek kon dus natuurwetenskaplik sowel as geesteswetenskaplik van aard wees (Putter, s.a.).

Smith het die Liggaamlike Opvoedkunde se terrein van ondersoek soos volg omlyn:

1. **Teorie**
    a. Teoretiese gedeelte van Liggaamlike Opvoedkunde soos grondslae, grondvraagstukke en die doel van Liggaamlike Opvoedkunde
    b. Historiese gedeelte van Liggaamlike Opvoedkunde
    c. Empiriese gedeelte van Liggaamlike Opvoedkunde soos byvoorbeeld toetsing en meting en die ontwikkeling van die kind
    d. Motoriekleer
    e. Higiëne van Liggaamlike Opvoedkunde
    f. Metodiek van Liggaamlike Opvoedkunde
2. **Praktyk**
    a. Gimnastiek
        - Met swaar apparaat
        - Spronge
        - Tuimelwerk of Bodemgimnastiek
        - Met klein apparaat
        - Ritmiese gimnastiek

- Vrystaande oefening

b. Sport en spele
   - Klein spele
   - Groot spele
   - Sportsoorte

(Putter, s.a.; Du Plooy, s.a.)

Gedurende Smith se verbondenheid aan die PU vir CHO het hy geleentheid gehad om sy beskouings oor Liggaamlike Opvoedkunde as wetenskap in die praktyk toe te pas. (Vergelyk 5.4.3 wat handel oor Smith se bydrae ten opsigte van die instelling en uitbouing van kursusse en vakrigtings en samestelling van leerplanne).

### 5.2.3 DIE DOEL EN PLEK VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDING IN DIE OPVOEDINGSPROGRAM

Smith was van mening dat die aangewese plek wat Liggaamlike Opvoeding in die opvoedingsprogram van die geordende maatskappy moes inneem, bepaal moes word deur die bydrae wat dit tot die totale opvoeding van die mens sou lewer. Sodanige bydrae was volgens hom (Smith, 1951a:2) die produk van 'n vooropgestelde doel.

Volgens hom was daar nie 'n algemeen aanvaarde doel in die liggaamlike opvoeding nie omdat die geskiedenis van die Liggaamlike Opvoeding aantoon hoe die brandpunt van belangstelling deur die eeue heen verwissel en verskuif. Hieroor het hy die volgende gesê:

> "'n Besondere belangrike faktor wat hierdie verskuiwing veroorsaak en die doel en karakter van die liggaamlike opvoeding van elke tydperk bepaal het, was die opvatting oor die verhouding van gees en liggaam" (Smith, 1953:37).

Alhoewel daar deur die eeue heen verskeie beskouings was ten opsigte van die liggaam en siel, naamlik of hul as afsonderlike entiteite of as 'n

ondeelbare eenheid van die mens beskou moes word, was Smith van mening dat die uitgangspunt moes wees dat die liggaamlike opvoeding 'n wesentlike deel van die mens is. Gods Woord leer ons eerbied en hoogagting vir die liggaam want dit is ook Sy skepping (Smith, 1951a:3).

Hieroor het Smith die volgende geskryf:

> "By die bepaling van die doel van liggaamlike opvoeding moet egter ook gewaak word teen 'n oorskatting van die liggaam, want die mens is nie net 'n liggaam nie. Die liggaamlike opvoeding moet weliswaar die ontwikkeling van die liggaam en die versterking van sy organe beoog, maar die nadruk moet val op die opvoeding van die hele mens deur middel van die liggaam. Om hierdie rede moet die doel van liggaamlike opvoeding by die doel van die hele opvoeding ingepas word" (Smith, 1953:37).

In die verskillende rigtinge in die intellektuele opvoeding het daar 'n verskeidenheid oogmerke bestaan wat die noodsaaklikheid vir 'n samevatting en rangskikking daarvan laat ontstaan het. Dit is gedoen deur 'n kommissie van die National Education Association van Amerika wat al die verskillende oogmerke van opvoeding onder sewe hoofde ingeskakel het (Smith, 1953:38). Smith het hierdie sewe kardinale oogmerke van die opvoeding as 'n basis vir bespreking geneem en kortliks nagegaan watter bydrae die liggaamlike opvoeding tot elkeen kan lewer. Hier volg 'n samevattende uiteensetting van die sewe oogmerke:

1. Die bevordering van gesondheid moet nie gesoek word in die uitskakeling van vergiftende faktore of besmetting deur bakterieë nie maar wel in 'n volledige groei en ontwikkeling van die liggaam, met ander woorde in 'n uitskakeling van liggaamlike swakheid wat 'n verlies aan lewenslus en 'n lae geestelike en sosiale produktiwiteit tot gevolg het (Smith, 1953:38).

2. Die beheer oor die fundamentele prosesse. 'n Vroeëre opvatting was dat die fundamentele prosesse in die opvoeding slegs uit lees, skryf en reken bestaan het. Die skool moes volgens Smith (1951:7) die fundamentele kennis lewer, maar nie net kennis nie, maar ook 'n

lewenshouding, 'n persoonlikheid, 'n maatskaplik volwaardige mens. Die indiwidu moet nie slegs geestelik gevorm word nie, maar ook liggaamlik want die totale vorming gaan sy optrede, gedrag, handelinge en reaksies bepaal. Die liggaamlike vorming van die mens is gevolglik ook van fundamentele betekenis (Smith, 1953:40).

3. Die Liggaamlike Opvoeding kan op die gesinslewe 'n merkbare invloed uitoefen. Volgens Smith (1951:8) het die liggaamsopvoeder 'n gunstige geleentheid om die kind te leer ken om met die ouer te beraadslaag oor sy probleme. Die aktiwiteite wat oorgedra kan word tot die huisgesin en tuis beoefen word, sal die band tussen ouer en kind hegter maak. Dit sal aanleiding gee, aldus Smith, tot ontspanningsgeriewe in die huis en in die agterplaas, wat die kind se huis 'n aangename plek sal maak en daarmee die behoefte aan buitenshuise ontspanning, meestal van gekommersialiseerde aard, teenwerk.

4. 'n Waardige beroepslewe vereis van die individu dat hy toegerus sal wees om vir homself en sy afhanklikes te sorg, om die gemeenskap deur sy beroep nuttig te dien en sy moontlikhede ten volle tot ontplooiing te laat kom. Volgens Smith (1951a:8) is dit skynbaar vergesog om te verwag dat Liggaamlike Opvoeding ook tot hierdie doel sal kan bydra, veral in die moderne beroepslewe waar elektrisiteit en masjinerie die hande-arbeid vervang het en die meeste beroepe geen besondere spierinspanning vereis nie. Hy was egter van mening dat as gevolg van die innige verband tussen gees en liggaam, vermoeienis van die een ook vermoeienis van die ander sou meebring (Smith, 1951a:8). Al hang liggaamlike prestasie ook af van geestelike faktore soos wilskrag en belangstelling, beskik die liggaamlik-geoefende persoon oor 'n groter reserwekrag of uithouvermoë as die ongeoefende. Hieroor het Smith die volgende gesê:

> "Hy sal dus nie slegs tot hoër produktiwiteit in sy beroep in staat wees en langer teen 'n hoë tempo kan werk nie maar sal teen die einde van die dagtaak nog vol energie wees, wat sy

vatbaarheid vir siekte sal verminder, want vermoeidheid verlaag die weerstand teen siekte" (Smith, 1951a:8).

5. **Goeie burgerskap** hang volgens Smith (1953:40) ten nouste saam met die gesins- en beroepslewe. Dit is 'n vereiste dat die kind onder geskikte omstandighede en die regte leiding geplaas word om gehoorsaamheid, samewerking, vaderlandsliefde en weerbaarheid en enkele eienskappe van goeie burgerskap te ontwikkel. Ook die Liggaamlike Opvoeding bied besondere geskikte geleenthede vir die bevordering van hierdie eienskappe, mits die onderwyser doelbewus hierop afstuur en sy metode van onderwys hiervolgens kies (Smith, 1951a:9). In spele byvoorbeeld ervaar die individu dat elke oortreding van die spelreëls en speletiket hom ongunstig tref en dat selfsugtigheid deur sy spanmaats afgekeur word. Die kind leer om die regte van ander te respekteer en hom blymoedig aan reëls en gesag te onderwerp en om sy samewerking te gee tot bereiking van sukses. Volgens Smith (1951a:9) kom die lewensituasie hiermee ooreen en kan ons verwag dat die eienskappe in 'n groot mate oorgedra sal word.

6. Omdat vrye tyd die vernaamste industriële en sosiale vraagstuk van die volgende generasie sou wees (Smith, 1951:9) moes daar volgens Smith (1953:41) 'n belangrike plek in die opvoeding gegee word aan die voorbereiding van die kind om sy vrye tyd nuttig te bestee. Smith was van mening dat die Liggaamlike Opvoedkunde in hierdie verband van groot waarde kon wees deur middel van die beoefening van gesonder liggaamlike ontspanningsaktiwiteite sowel as ten opsigte van die kundigheid van sodanige ontspanningsaktiwiteite (Smith, 1953:41). Smith was verder van mening dat liggaamlike ontspannigsaktiwiteite in 'n mate ook as hulpmiddel kon dien om jeugmisdaad teë te werk aangesien vrye tyd oor die algemeen die tyd vir wangedrag was. Volgens Smith (1951a:10) het die nasionale ontspanningsbeweging van Amerika vasgestel "dat goedgeleide ontspanning die misdaadsyfer met 25 tot 75 persent verminder het".

7. **Karaktervorming**. Smith (1953:41) was van mening dat Liggaamlike Opvoedkunde op verskeie terreine 'n bydrae kon lewer tot sedelike

vorming. So byvoorbeeld bevind die kind hom by die beoefening van aktiwiteite van Liggaamlike Opvoeding in besondere sedelike situasies wat die geleentheid bied om hulle te lei. Die uiting van emosies soos onder andere vrees, woede, simpatie en vreugde staan, volgens Smith (1951a:10), in besonder noue verband met sedelike gedrag en word gewoonlik nie in die klaskamer aangetref nie maar in situasies waarin teëstand, gevaar, selfgelding, opoffering, samewerking en lojaliteit ter sprake is. Smith was egter van mening dat daar van hierdie psigologies-pedagogiese vorming weinig sou kom indien die onderwyser dit nie doelbewus sou nastreef nie. Hieroor het hy die volgende uitlating gemaak:

> "Die onderwyser mag nie maar hoop dat sedelike deugde as newe-produkte van die aktiwiteite sal ontwikkel nie" (Smith, 1951a:11).

Smith het die bogenoemde kardinale oogmerke egter nie as voldoende beskou nie, omdat onder andere die godsdienstige vorming ook erken moes word. Hy (Smith, 1951a:11) was van mening dat "... watter deugde en watter vorming die onderwyser ook mag nastrewe, dit verbind en ondergeskik moes wees aan die godsdienstige vorming van die mens." Ook die Liggaamlike Opvoedkunde het hiertoe mooi geleenthede gebied om 'n regte waardering vir die liggaam tuis te bring (Smith, 1953:41).

Uit bogenoemde bespreking van Smith se beskouings oor die doel van Liggaamlike Opvoeding is slegs die vernaamste oogmerke beklemtoon. Hieruit vloei sy beskouings oor die plek van Liggaamlike Opvoeding in die opvoedingsprogram voort. Volgens Smith (1951a:12) moet daar vir die doeltreffende toepassing van Liggaamlike Opvoeding wat die gestelde oogmerke betref, op grond van die bydrae wat dit tot die totale opvoeding lewer, 'n ruim plek toegeken word.

Hy was van mening dat die plek wat Liggaamlike Opvoeding op skole inneem, uit die toekenning van tyd per week afgelei kon word. Dit het hom ontstel dat die toestand in die verband in Suid-Afrika so swak vergelyk het met die toestand in vele ander oorsese lande (Smith, 1953:42). Alhoewel die NARLO in Suid-Afrika 'n "beskeie" eis van drie

periodes van 40 minute elk, per week gestel het, het min daarvan tereg gekom in die Suid-Afrikaanse skole. Hieroor het Smith die volgende geskryf:

> "Weens die beklemtoning van eksamenvakke, word inderdaad, by sommige skole slegs twee periodes en by die meeste skole slegs een periode per week aan liggaamlike opvoeding gewy, en hierdie voorreg word die hoër klasse soms nog heeltemal ontneem" (Smith, 1953:42).

Omdat liggaamlike opvoeding in die dertiger- en veertigerjare nie baie aansien in die Suid-Afrikaanse skole gehad het nie, het Smith (1947:29) die mening uitgespreek dat "... die liggaamlike opvoeding 'n veel belangriker plek op die middelbare skool in Suid-Afrika behoort in te neem" en dat dit juis die plig van die Liggaamlike Opvoedkundiges was om bewyse aan te voer waarom die Liggaamlike Opvoeding op die laerskool noodsaaklik was. Hy het die taak van die laerskool in hierdie verband uitgesonder omdat dit die fondament vir 'n gesonde volk moes lê en die gesonde groei en ontwikkeling van die kind as sy eerste en belangrikste doel moes stel (Smith, 1947:29).

Smith het sy onvergenoegdheid uitgespreek oor die geringe tydstoekenning aan liggaamlike opvoeding op skole. Volgens hom kon daar met so 'n toestand geen berekenbare resultate behaal word nie en "... sou dit onbillik wees om van liggaamsopvoeders te eis dat hulle bewyse van vrugbare arbeid sal lewer" (Smith, 1953:42). Die gevaar verbonde aan hierdie toedrag van sake is soos volg deur Smith beskryf:

> "Die gevaar van hierdie onwaardige posisie is dat onderwysers van liggaamlike opvoeding belangstelling verloor, die kinders doelloos "besig hou", roepingsgevoel en entoesiasme kwytraak en 'n ongelukkige, onvrugbare beroepslewe lei" (Smith, 1953:42).

Smith was van mening dat bogenoemde optrede nie die skuld van die onderwysers van liggaamlike opvoeding was nie, maar dat die skuld op die rekening van die onderwysowerhede en leiers op opvoedkundige

gebied, wat aan hierdie deel van die opvoeding nie sy regmatige plek in die land toeken nie, geplaas moet word (Smith, 1953:42).

Die sterk gevoel wat Smith gehad het oor die regmatige plek van Liggaamlike Opvoeding op skole blyk onder andere uit die bespreking wat op 11 Januarie 1950 te Stellenbosch tydens die tweede Suid-Afrikaanse Kongres vir Liggaamlike Opvoeding plaasgevind het. Gedurende hierdie bespreking, waartydens daar onder andere gepraat is oor die toestand waarin Liggaamlike Opvoedkunde was, het Smith dit ten sterkste beklemtoon dat Liggaamlike Opvoeding meer tyd op die skoolrooster moes hê om resultate te kon toon. Hy het verder die mening uitgespreek dat veral hoofde van skole "bekeer" moes word, omdat hulle die mense was wat, ná die inspekteurs, die Onderwysdepartement beïnvloed het. Die moontlikheid van affiliasie by bestaande Onderwysorganisasies moes ook ondersoek word (Anon., 1950:F4).

In 'n artikel **Die produk van ons Onderwys uit die gesigspunt van die Liggaamlike Opvoeding** wat in April 1946 in Liggaamsopvoeding verskyn het, het Smith sterk standpunt ingeneem ten opsigte van die regmatige plek van Liggaamlike Opvoeding in die opvoedingsprogram van die skool. Hierin het hy daarvan melding gemaak dat die TOD in 1945 besluit het dat die waarde van 'n suiwer verstandelike opvoeding oorskat, en te min waarde aan die emosionele en liggaamlike opvoeding geheg is. Daar het egter niks uit hierdie besluit voortgespruit nie. Smith het hierdie "... onbereidheid om die liggaamlike opvoeding as 'n onontbeerlike deel van die totale opvoedingsproses te beskou, 'n onwil om besluite soos dié van die TOD met verskuldigde erns aan te pak en sodanig te verander" beskou as 'n ongeloof in die waarde van liggaamlike opvoeding (Smith, 1946a:28). Hy het verder geskryf:

> "Aangesien Liggaamsopvoeders in Suid-Afrika dan nie die geleentheid kry om op daadwerklike manier bewyse te lewer nie, moet ons maar die tweede beste weg tot oorreding kies: ons moet praat en skrywe totdat ons saak aan 'n regverdige toets vir 'n redelike tyd onderwerp word. Dit is dan die motief waarom ek die onderwerp in ons blad behandel met die vertroue dat liggaamsopvoeders die enkele gedagtes tot hul eie sal byvoeg en

by elke geleentheid sal herhaal, totdat liggaamlike opvoeding 'n regmatige plek in die opvoedingsprogram van die skool gegee word" (Smith, 1946a:28).

Vir Smith was die skool nie die enigste plek waar Liggaamlike Opvoedkunde 'n belangrike rol in die opvoedingsprogram gespeel het nie. Hy het ook die noodsaaklikheid daarvan ingesien dat Liggaamlike Opvoedkunde op universiteite beoefen moes word om sodoende 'n bydrae te kan lewer tot die vorming van diensbare leiers. Hieroor het hy die volgende gesê:

"Indien die universiteit sy taak wil bly vervul, moet 'n wisselwerking met die omgewing behou word. Die materiaal van die universiteit is lewende mense wat die 'gees van die tyd' in die universiteit sal indra, en die tydgees het groot waardering vir die liggaamlike opvoeding" (Smith, 1951a:13).

Volgens hom moes egte wetenskaplike vorming tog ook persoonlikheidsvorming beteken, wat die ontwikkeling van liggaamlike eienskappe ingesluit het. Hy was dus 'n voorstaander daarvan dat alle universiteitstudente liggaamlike opvoeding op een of ander wyse sou beoefen. Alhoewel die meeste universiteite in Suid-Afrika Liggaamlike Opvoedkundekursusse vir die opleiding van onderwysers aangebied het, het die grootste meerderheid studente geen sistematiese liggaamlike opvoeding geniet nie. Smith was van mening dat "... indien minstens een kursus in alle fakulteite vereis word, kan die eerste beginsel van die werking van die liggaam en sy organe bygebring word, en aktiwiteite beoefen word wat in die beroepslewe die behoud van liggaamlike geskiktheid sal verseker" (Smith, 1951a:13).

## 5.2.4 DIE BEGINSELS VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE

### 5.2.4.1 Inleiding

Smith het 'n beginsel gedefinieer as 'n algemeen geldende wet wat gebaseer is op feite en wat dien as rigsnoer in die bepaling en oordeling van ons handelinge (Du Plooy, 1956:48). Hy was van mening dat feite wat van hulpwetenskappe soos onder andere die Biologie, Fisiologie, Sosiologie, Psigologie en Opvoedkunde bekom is, gebruik moes word om die Liggaamlike Opvoedkunde as wetenskap te bou.

Smith se sienswyses oor die beginsels van Liggaamlike Opvoedkunde het in 'n groot mate ooreen gekom met die sienswyses van twee Amerikaanse deskundiges op die gebied, naamlik J.R. Sharman en J.F. Williams (Sharman, 1937; Williams, 1938). Hy het egter van hul daarin verskil dat hy die religieuse grondslag van Liggaamlike Opvoedkunde baie sterk beklemtoon het terwyl beide Sharman en Williams geen melding hiervan maak nie. 'n Verdere verskilpunt was dat beide Sharman en Williams met feite begin het in plaas daarvan om beginsels voorop te stel en die feite in die lig daarvan te stel. Smith was van mening dat beginsels wel op feite gebou kon word, maar dat ware beginsels voorop gestel moes word. Sharman het byvoorbeeld net beginsels erken wat op feite gebaseer is. Smith was van mening dat hierdie beginsels egter maklik deur nuwe feite verander kon word en dan sou nuwe beginsels aangeneem moes word. Hieroor het Smith gesê:

> "Beginsels wat dus vooropgestel is staan vas, terwyl die wat op feite berus kan verander" (Putter, s.a.:26).

Volgens Smith was beginsels wat op die Bybel gegrond was, vasstaande. Die Liggaamlike Opvoedkundiges wat 'n religieuse grondslag vir Liggaamlike Opvoedkunde voorgestaan het, het voortdurend beginsels gebruik wat op feite gebaseer was, maar het die ware beginsel wat vooropstaan uit die Bybel verkry (Putter, s.a.:26).

Alhoewel Smith definitiewe sienswyses gehad het oor die volgende grondslae (ook beginsels genoem) van Liggaamlike Opvoedkunde, naamlik die biologiese-, fisiologiese-, psigologiese-, sosiologiese-, opvoedkundige-, filosofiese- en religieuse grondslae, sal daar in die volgende paragrawe slegs op drie van die belangrikste grondslae, naamlik die biologiese-, sosiologiese- en psigologiese grondslae gekonsentreer word. (By die bestudering van vraestelle in Liggaamlike Opvoedkunde wat deur Smith opgestel is, blyk dit dat hy veral dié drie grondslae as besonder belangrik geag het).

### 5.2.4.2 Die biologiese grondslag van Liggaamlike Opvoedkunde

Smith was van mening dat dit belangrik was dat die onderwyser in Liggaamlike Opvoedkunde kennis van die biologiese grondslag van Liggaamlike Opvoedkunde moes hê, omdat dit aan hom riglyne sou verskaf waarvolgens hy die kind moes opvoed. Meeste van hierdie beginsels was afgelei van die sogenaamde ewolusionistiese ontwikkeling van die mens, die biologiese en sosiale erfenis van die mens, die ontwikkeling en aard van die menslike skelet, die invloed van liggaamlike aktiwiteit op die skelet, spierontwikkeling, die verhouding tussen verstandelike en liggaamlike ontwikkeling, die werking van die senuweestelsel en die werking van die asemhalingstelsel (Sharman, 1937:55; Du Plooy, 1956:48).

Alhoewel Smith nie 'n aanhanger van die ewolusionistiese beskouing ten opsigte van die ontstaan van die mens was nie, het hy dit wel onder die aandag van sy studente gebring dat aanhangers van dié beskouing geglo het dat kennis van die mens se biologiese agtergrond wel 'n indikasie gegee het van watter soort aktiwiteite in die Liggaamlike Opvoedkundeprogram ingesluit moes word en op watter wyse dit aangeleer moes word. Smith self het egter 'n Bybelse beskouing ten opsigte van die ontstaan van die mens gehad, naamlik dat God die mens as unieke wese geskep het na die beeld van God. (Vergelyk Genesis 1:27).

Ten opsigte van die invloed van erflikheid op die ontwikkeling van die mens, was Smith van mening dat die volwasse mens die resultaat was van twee erfenisse, naamlik die biologiese erfenis en die sosiale erfenis. Hieroor het hy gesê:

> "'n Mens is die produk van die biologiese erfenis van jou ouers maar ook die sosiale erfenis wat 'n mens van jou omgewing ontvang" (Du Plooy, 1956:52).

Uit bogenoemde stelling kon die volgende afleidings gemaak word wat (volgens Smith) in die praktyk in ag geneem moes word:

1. Aangeleerde vaardighede kan nie oorgeërf word nie.

2. Siektetoestande kan ook nie oorgeërf word nie.

3. Die relatiewe lengte van die verskillende liggaamsdele verskil in elke individu maar ook ten opsigte van individu tot individu. Die gevolg hiervan is dat dit onmoontlik is om 'n eenvormige simmetriese ontwikkeling te verkry al word dit nagestreef (Du Plooy, 1956:52).

Ten opsigte van die ontwikkeling en aard van die menslike skelet het Smith die volgende stellings gemaak. Die menslike skelet bestaan uit meer as tweehonderd bene wat bedoel is om die liggaam in 'n regop posisie te hou, as aanhegtingsplek vir die spiere te dien en om die inwendige organe te beskerm (Sharman, 1937:36; Du Plooy, 1956:52). Die menslike embrio se skelet bestaan hoofsaaklik uit kraakbeen. Ossifikasie van bene begin voor geboorte en word eers voltooi as die individu fisiologiese volwassenheid bereik het, gewoonlik op 17/18-jarige leeftyd. Aangesien daar aanduidings was dat bene gedurende die groeiproses gevorm kon word volgens die druk wat daarop toegepas is, was Smith van mening dat Liggaamlike Opvoeding 'n belangrike rol kon speel ten opsigte van die inwendige struktuur van die bene sowel as die relatiewe posisie van die bene in die skelet. Gevolglik kon die hele vorm en houding van die liggaam beïnvloed word (Sharman, 1937:38).

Verder het Smith vir Sharman ondersteun in die gedagtegang dat beenweefsel, net soos spier- of enige ander soort weefsel, geneig is om op te hou groei indien dit nie gebruik word nie en dat dit dus nie normaal sal ontwikkel nie (Sharman, 1937:38; Du Plooy, 1956:55). Die metabolisme van die beenselle moes dus gestimuleer word deur middel van aktiwiteit. Om hierdie rede was dit belangrik dat lewendige/kragtige aktiwiteite gedurende adolessensie, wanneer die bene vinnig groei, beoefen moes word.

Daar moes egter daarteen gewaak word dat die groeiende kind, veral tydens adolessensie, nie aan te uitputtende en volgehoue liggaamlike aktiwiteite moes deelneem nie. Die gevaar in hierdie verband het veral gelê by deelname aan kompetisiesport. Smith was van mening dat seuns en dogters ten minste 17 jaar oud moes wees voordat hulle hulself sou toelê op deelname aan kompetisiesport op hoë vlak.

Ten opsigte van spierontwikkeling was Smith van mening dat oningeligte persone dikwels onder die indruk verkeer dat Liggaamlike Opvoedkunde slegs met spierontwikkeling te doen het. Hy het dit egter beklemtoon dat die belangrikste doel van Liggaamlike Opvoedkunde beweging- en vaardigheidsontwikkeling is (Du Plooy, 1956:56; Sharman, 1937:38). Oor spierontwikkeling het Smith (Du Plooy, 1956:58) die volgende feite onderskryf: By geboorte bestaan 'n kwart van die totale liggaamsmassa van die mens uit spiere. Sodra fisiologiese volwassenheid bereik word, bestaan die helfte van die mens se totale massa uit spiere. Vanaf geboorte tot volwassenheid ontwikkel die spiere ten opsigte van krag en grootte maar hul elastisiteit neem af. Die koördinasie ten opsigte van die groot spiergroepe ontwikkel gouer as die van die kleiner spiergroepe. So byvoorbeeld kan 'n kind loop en hardloop voordat hy 'n bal kan slaan of kan hardloop én spring. Die simmetriese ontwikkeling van spiere moes ook besondere aandag geniet.

Smith (Du Plooy, 1956:60) was verder van mening dat daar ongelykheid by die ontwikkeling van die liggaam bestaan het, net soos in die geval van intelligensie, persoonlikheid en kennis. Hy het net soos Sharman (1937:41) die volgende soorte leeftye onderskei: kronologiese-, anatomiese-, fisiologiese-, verstands-, skolastiese- en gevoels- of

persoonlikheidsleeftye. Kennis van die verskillende leeftye of kwosiënte daarvan sou volgens Smith (Sharman, 1937:47; Du Plooy, 1956:61) aan onderwysers hulp kon verskaf in die opvoedingsprogram van die kind. Geeneen van hierdie leeftye of kwosiënte kon egter, volgens Smith, 'n doeltreffende basis verskaf waarop 'n deeglike program vir Liggaamlike Opvoedkunde gebou kon word nie.

Ten opsigte van die werking van die senuweestelsel het Smith baie van Sharman se idees in die verband ondersteun. Hul albei was van mening dat dit algemeen aanvaar word dat alle gedrag 'n senuweebasis het (Du Plooy, 1956:61; Sharman, 1937:42). Die menslike senuweestelsel bestaan uit drie samestellende dele naamlik die ontvangsapparaat (sensoriese senuwees), die verbindingsapparaat (brein) en die uitvoerapparaat (motoriese senuwees). Die sintuiglike organe met hul verskillende senuwees ontvang stimuli en verplaas dit in die vorm van senuwee-energie na die rugmurg of brein. Hierdie gewaarwordinge is belangrik ten opsigte van die sametrekking van die willekeurige spieer en om goeie spierkoördinasie te verseker. Hul is veral belangrik ten opsigte van die ontwikkeling van motoriese vaardighede. Verder is die vermoë van die senuweestelsel om wederkerige senuweewerking doeltreffend te laat verloop van groot belang in die Liggaamlike Opvoedkunde. As gevolg hiervan is dit moontlik dat 'n spiergroep met gemak kan saamtrek deurdat die antagonistiese spiere ontspan. Wanneer 'n persoon 'n motoriese vaardigheid aanleer, lyk hy soms lomp en gespanne. Dit is te wyte aan die feit dat die nodige koördinasie tussen die verskillende betrokke spiergroepe nog nie na wense ontwikkel het nie (Sharman, 1937:45; Du Plooy, 1956:62).

Smith se idees ten opsigte van die werking van die asemhalingstelsel toon ook groot ooreenkoms met dié van Sharman (Sharman, 1937:51). Die senuweesentrum wat die werking van die diafragma en die interkostale spiere tydens asemhaling beheer, is die asemhalingsentrum wat in die medulla geleë is. Asemhaling word outomaties deur hierdie senuweesentrum beheer. Om hierdie rede is dit onnodig om doelbewuste aandag aan die asemhalingwerking te gee. As die liggaam meer suurstof benodig, sal 'n persoon outomaties dieper en vinniger begin asemhaal en daarmee aanhou totdat die normale balans tussen suurstof en koolsuurgas

in die bloed herstel is. Beide Smith en Sharman was van mening dat diep-asemhalingsoefeninge as deel van die Liggaamlike Opvoedkundeprogram sowel as die toediening van suurstof aan atlete nie aanbeveel moes word nie (Sharman, 1937:52).

Bogenoemde bespreking het slegs die belangrikste punte gedek ten opsigte van Smith se beskouings rakende die biologiese grondslag van Liggaamlike Opvoedkunde. Gemeet aan die standaard en gehalte van kennis wat gedurende daardie tydperk ten opsigte van die biologiese grondslag van Liggaamlike Opvoedkunde beskikbaar was, blyk dit dat Smith op hoogte was van die nuutste ontwikkelinge op dié gebied.

### 5.2.4.3 Die sosiologiese grondslag van Liggaamlike Opvoedkunde

By bestudering van Smith se beskouings oor die sosiologiese grondslag van Liggaamlike Opvoedkunde (Bosman, s.a.:12-24) blyk dit dat daar groot ooreenkomste was tussen Smith se beskouings in die verband en die van J. R. Sharman (Sharman, 1937:58-75).

Beide Smith en Sharman was van mening dat die samelewing van 'n mens maak wat hy is (Bosman, s.a.:13; Sharman, 1937:58). Die kultuur waarin 'n kind opgroei beïnvloed en vorm die kind se persoonlikheid. Onderwysers moes dus op hoogte bly met die agtergrond, doelstellings en eienskappe van die volkskultuur. Liggaamlike Opvoedkunde is 'n belangrike en integrale deel van programme wat opvoeding, ontspanning en liggaamlike en geestelike gesondheid aangaan. Die ervaringsveld wat die mensdom ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkunde het, vorm 'n groot en belangrike deel van die sosiale erfenis wat van geslag tot geslag oorgedra word en dra definitief by tot 'n voller en gelukkiger lewe (Sharman, 1937:59; Bosman, s.a.: 14).

Smith was van mening dat georganiseerde opvoeding altyd 'n noodsaaklikheid word wanneer die ervaring van die ouers op 'n bepaalde terrein onvoldoende geword het om die kind voor te berei vir die

samelewing. Hoe eenvoudiger die samelewing, hoe minder was die behoefte aan georganiseerde onderwys. In die primitiewe tyd was die behoeftes van die mens minder en daarom het die ouers die opvoeding van die kind behartig. Namate die samelewing ingewikkelder geword het, het die onderwys oorgegaan na opgeleide onderwysers (Bosman, s.a.:14). In die meeste gemeenskappe is 'n uitgebreide program in Liggaamlike Opvoedkunde dus nodig om die ontwikkelings-, ontspannings- en opvoedkundige behoeftes van die kind en jeug te vul (Sharman, 1937:60).

Die vermoë van die mens om te leer is die grootste en belangrikste middel tot aanpassing. As gevolg van sy ervaring is hy instaat om sy gedrag en reaksies te wysig. Die mens leer meeste van die dinge wat vir hom nuttig is aan deur middel van assosiasie met ander mense. Elke generasie dra van sy ervarings oor na die volgende generasie. Dit hang van elke generasie af wat hul as nuttig ag en in die opvoedingsprogram wil insluit. Onderwysers het dus die geleentheid en verantwoordelikheid om elke geslag gelukkiger en beter te maak as die vorige geslag (Bosman, s.a.:16). Liggaamlike Opvoedkunde kan en moet sy bydrae tot die verbetering van die sosiale erfenis maak veral ten opsigte van ontspanning, gesondheid en sportmangees (Sharman, 1937:61).

Smith was verder van mening dat die mens, as sosiale wese, van nature geselskap soek. Omgang met ander mense maak dit vir die mens moontlik om ervaring op te doen en idees te verkry. In die beoefening van spele asook Liggaamlike Opvoeding word ryklik voorsiening gemaak vir sosiale ondervinding vir seuns en dogters. Op hierdie wyse kan kinders ook geleer word om meer verdraagsaam te wees teenoor kinders van ander stande (Bosman, s.a.:16; Sharman, 1937:62). Sport, in besonder, speel 'n belangrike rol ten opsigte van die ontwikkeling van wedersydse respek en belangstelling onder verskillende sosiale groepe en klasse. As gevolg van die feit dat die beste spelers vir 'n span gekies word - ongeag hul sosiale status - dra dit daartoe by dat 'n groepbewustheid en groepsgees ontwikkel word (Bosman, s.a.:17; Sharman, 1937:62).

Soos Sharman, was Smith ook van mening dat daar verskeie instellings was wat ten doel gehad het om die sosiale lewe beter te laat funksioneer. Die belangrikste instellings was die opvoeding, ontspanning, beroepe,

die familie, die regering en religieuse instellings. Dit sou dus wenslik wees dat onderwysers in Liggaamlike Opvoedkunde bekend moes wees met die basiese sosiale instellings en dat hulle hulself op hoogte moes hou met veranderinge wat in die verband in die samelewing plaasgevind het (Bosman, s.a.:22; Sharman, 1937:63).

Ten opsigte van opvoeding het die moderne filosofie (gedurende die veertigerjare) dit gestel dat opvoeding 'n groeiproses en aanpassing deur ervaring was. Die belangrikste aspekte rondom hierdie filosofie was: die opvoeding van die kind as geheel, die kind-gesentreerde skool, leer-deur-te-doen asook vryheid van uitdrukking. Hierdie beginsels kon volgens Smith baie doeltreffend in die Liggaamlike Opvoedkundeprogram toegepas word (Bosman, s.a.:18).

Ten opsigte van ontspanning was Smith van mening dat dit 'n basiese behoefte van die mens is wat vir elkeen nodig is ten einde die gesondheid en groei van die persoonlikheid te verseker. Alhoewel daar verskillende aktiwiteite was wat as ontspanning kon dien, het Smith die volgende aktiwiteite by liggaamlike ontspanning ingesluit: atletiek, spele, wateraktiwiteite, uitstappies en wintersportsoorte (Bosman, s.a.:19; Sharman, 1937:64). Volgens Smith was 'n opvoeding wat jong mense net vir werk opgelei het en nie ook vir spel en ontspanning nie, 'n onvoltooide opvoeding.

Ten opsigte van die beroepslewe was Smith van mening dat die meganisasie van die industrieë en die landbou die meeste werkers van die geleentheid ontneem het om kreatief te wees. Hiermee saamhangend het dit verder bygedra tot 'n groot toename in vrye tyd. Die opvoeding het hier dus 'n groot taak want dit moet iets terugplaas tot bevrediging van die mens se behoefte om te skep en andersyds moet dit ook rekening hou met 'n groot hoeveelheid vrye tyd wat die moderne mens tot sy beskikking het. Liggaamlike Opvoedkunde kan op hierdie gebied 'n bydrae lewer deur die massa bewus te maak van en op te lei in definitiewe ontspanningsaktiwiteite wat hul in hul vrye tyd kan beoefen (Bosman, s.a.:20; Sharman, 1937:67).

Die familie was volgens Smith die mees fundamentele sosiale groep en het die beste basis vir verwantskap tussen geslagte en die grootmaak van kinders verskaf. Om hierdie rede behoort die familie seggenskap te hê in die daarstelling van die doelstellings, program en prosedures van Liggaamlike Opvoedkunde. Liggaamlike Opvoedkunde kan veral ten opsigte van die gesondheid van kinders en ontspanning 'n bydrae lewer tot 'n beter familielewe (Bosman, s.a.:21; Sharman, 1937:68).

Ten opsigte van religieuse instellings en Liggaamlike Opvoedkunde was Smith van mening dat 'n groot aantal kerke en ander religieuse organisasies een of ander faset van Liggaamlike Opvoedkunde gebruik het om die moraal van die jeug op te bou, om waardering vir etiese beginsels te vestig en om 'n verskeidenheid van goeie eienskappe op te bou (Bosman, s.a.:22; Sharman, 1937:70).

Smith was verder van mening dat 'n volk se nasionale gevoelens ook 'n belangrike invloed op die Liggaamlike Opvoedkunde kon hê. Hy het onder andere gesê:

> "Die algemene en gangbare filosofie van 'n volk benadruk die samewerking op alle terreine van die volkslewe" (Bosman, s.a.:22).

Smith het dit egter beklemtoon dat van al die organisasies wat bydra tot die liggaamlike opvoeding van die volk, die skoolprogram die duidelikste en vernaamste bydrae gelewer het. Volgens hom was die aktiwiteite wat by die skool beoefen was, beter uitgekies, georganiseer en gegradeer. Verder het die skoolprogram kontinuïteit bevorder en was 'n wetenskaplike werkmetode gevolg. Tydens die aanbieding van Liggaamlike Opvoedkunde op skool was menslike verhoudinge, sosiale waardes en morele standaarde ook beklemtoon, sodat die leerling hierdeur 'n totale opvoeding sou ontvang (Bosman, s.a.:24).

#### 5.2.4.4 Die sielkundige grondslag van Liggaamlike Opvoedkunde

Smith was van mening dat die mens in staat was om ervaringe wat hy vroeër opgedoen het, te gebruik om nuwe probleme op te los asook om kreatief te dink en ideale vir die toekoms te koester (Du Plooy, 1956:62; Sharman, 1937:92). Om hierdie rede was dit belangrik dat die onderwyser doeltreffende leermetodes moes gebruik. Kennis in verband met hierdie metodes kon volgens Smith veral van die Sielkunde verkry word omdat dit feite versamel oor die denke, gevoelens en handelinge van die mens (Du Plooy, 1956:62). Die volgende terreine van die Sielkunde was veral hier ter sprake: Genetiese Sielkunde, Abnormale Sielkunde, Sosiale Sielkunde, Vergelykende Sielkunde en Opvoedkundige Sielkunde. Kennis van die Opvoedkundige Sielkunde help om te verstaan hoe kinders leer en optree. Elke normale kind word met bepaalde moontlikhede gebore en dit hang in 'n groot mate af van sy ervaringe wat hy tuis en op skool opdoen of hierdie moontlikhede korrek ontwikkel gaan word. Smith het dit beklemtoon dat 'n mens die produk is van sy omgewing wat hom opgevoed het, terwyl oorerwing slegs die moontlikhede voorsien het (Du Plooy, 1956:63).

Volgens Smith was die volgende sake ten opsigte van Opvoedkundige Sielkunde van belang by die aanbieding van Liggaamlike Opvoedkunde:

1. Die oorspronklike natuur van die mens
2. Die fisieke basis van gedrag
3. Motivering van gedrag
4. Die leerproses
5. Oordrag van inoefening

(Sharman, 1937:93; Du Plooy, 1956:64).

1. **Die oorspronklike natuur van die mens**

Soos Sharman (1937:93) was Smith ook van mening dat opvoeding primêr gemoeid was met die verandering in die individu se gedrag en sy reaksie op stimuli (Du Plooy, 1956:64). Dit is aanvaar dat hierdie veranderinge

goed en wenslik was en in die meeste gevalle bygedra het tot intellektuele en persoonlikheidsontwikkeling. Mense handel oor die algemeen eenders as gevolg van die eendersheid van die menslike liggaam en meer spesifiek as gevolg van die besondere aard van die menslike senuweestelsel. Hierdie ingebore eienskappe kan gegroepeer word as: reflekse, drange, emosies en moontlikhede (Sharman, 1937:93; Du Plooy, 1956:64).

Volgens Smith is reflekse eenvoudige, onwillekeurige handelinge wat in verskillende dele van die liggaam voorkom soos byvoorbeeld die knip van 'n oog en 'n knierefleks. Party reflekse kan miskien verander word met baie inspanning en inoefening, maar dit sou nie wenslik wees nie en kan 'n mens se gesondheid benadeel (Sharman, 1937:94; Du Plooy, 1956:65).

Die natuurlike neigings by die mens, wat gewoonlik as drange bestempel word, speel volgens Smith 'n belangrike rol in die bepaling van die menslike gedrag asook die vorm van die samelewing waarin mense leef. Hierdie aspekte moet in ag geneem word in die opvoedkundige program (Sharman, 1937:94; Du Plooy, 1956:65).

Waar drange en reflekse uiting vind deur middel van aktiwiteite waar willekeurige spiere betrek word, betrek emosies hoofsaak die ingewande, die endokriene kliere en die outonomiese senuweestelsel. Indien die mens onder groot emosionele spanning geplaas word, word die adrenalienafskeiding in die bloedstroom verhoog met die gevolg dat die bloeddruk verhoog, die hartslag versnel en die kapasiteit van die rooibloedliggaampies om suurstof te absorbeer verhoog (Sharman, 1937:96). Die liggaam word dus gereed gemaak vir aksie om uiting te gee aan emosies en om die spanning te verlig. Indien daar nie uiting kan plaasvind nie word spanning onderdruk. Dit is noodsaaklik dat uiting aan emosies gegee moet word, want volgens Smith lei "... gesonde uiting tot emosionele stabiliteit" (Du Plooy, 1956:67).

Smith was van mening dat die onderwyser in Liggaamlike Opvoedkunde besondere aandag aan die invloed van emosies op die opvoedkundige ervaringe van die kind moes gee, omdat die situasies wat in Liggaamlike Opvoedkunde voorkom, belaai is met emosionele stimuli. Die onderwyser moes hul lesse so beplan dat daar genoeg geleentheid was vir emosionele

uitdrukking. Om hierdie rede moes daar afgewyk word van formele, onderwysgerigte metodes (Du Plooy, 1956:67; Sharman, 1937:96).

## 2. Die fisieke basis van gedrag

Dit is deur beide Sharman en Smith beklemtoon dat elke ervaring wat 'n individu ondervind verandering in die individu tot gevolg kan hê (Sharman, 1937:99). Die belangrikste fisieke eienskappe van die mens wat menslike gedrag beïnvloed sluit die senuweestelsel, die sintuiglike organe, die endokriene kliere en die skelet- en spierstelsel in (Sharman, 1937:99; Du Plooy, 1956:68). Die volgende drie dele van die senuweestelsel speel 'n belangrike rol by die uitvoering van bewegings: die afferente senuweestelsel (ontvangsapparaat), die sentrale senuweestelsel (verbindingsapparaat) en die efferente senuweestelsel (uitvoerapparaat). Die afferente senuwees dra die impulse na die sentrale senuweestelsel waar dit gekorreleer en gekoördineer word en daarna deur die efferente senuweestelsel uitgestuur word (Sharman, 1937:99; Du Plooy, 1956:68). Smith (Du Plooy, 1956:68) was van mening dat die doeltreffende aanleer van 'n beweging ten nouste saamgehang het met die sinapsweerstand tussen die senuwees sowel as die doeltreffende koördinering wat in die sentrale senuweestelsel plaasvind. Volgens hom sou 'n aangeleerde beweging al hoe doeltreffender uitgevoer word indien daar al hoe meer geoefen word omdat "... 'n pad oopgemaak word deurdat die senuwees 'geredeliker' word en beter beheer word" (Du Plooy, 1956:69).

## 3. Motivering van gedrag

Beide Sharman en Smith was van mening dat die term motivering hoofsaaklik gebruik word om die innerlike dryfkrag wat 'n bepaalde gedrag van 'n persoon tot gevolg het, te beskryf (Sharman, 1937:102; Du Plooy, 1956:69). Volgens Smith (Sharman, 1937:103; Du Plooy, 1956:69) kan die volgende punte as waardevolle kriteria dien by die keuse van motiveringsprikkels:

- 'n Prikkel moet gewens en op alle leerlinge in die klas van toepassing wees. Dit is dus nie gewens om pryse toe te ken wat slegs deur een of 'n paar leerlinge gewen kan word nie.

- 'n Prikkel moet blywende invloed hê en moet aanleiding gee tot verdere deelname en wyer belangstelling. So byvoorbeeld kan die individuele leerlinge aangemoedig word om 'n grafiek aan te hou waarop sy verbetering aangetoon word.

- 'n Prikkel moet aanleiding gee tot 'n strewe na waardevolle oogmerke. So byvoorbeeld is 'n prikkel om ten alle koste te wen 'n gevaarlike en onwaardige prikkel in sport. Smith was van mening dat "... 'n gesonde leefwyse wat groter prestasies tot gevolg het", eerder by die leerlinge aangemoedig moes word (Du Plooy, 1956:70).

4. **Die leerproses**

Soos Sharman (1937:103) was Smith (Du Plooy, 1956:72) ook van mening dat leer 'n proses is van verandering en aanpassing van reaksies waarby die leerder aktief betrokke is. Die volgende beginsels ten opsigte van leer is deur Smith onderskryf:

- Die mens leer deur ervaring wat uit wisselwerking tussen die organisme en sy omgewing bestaan. Ervaring is nodig om te leer en daarom word selfwerksaamheid en self-doen so belangrik geag.

- Die betekenis van nuwe ervaringe hang af van vorige kennis en ervaring. Iemand met 'n breë agtergrond sal meer leer uit 'n nuwe ervaring as iemand anders.

- Indiwidue leer maniere aan om te reageer op situasies en prikkels. Bykans al die reaksies in Liggaamlike Opvoedkunde is die resultaat van gekompliseerde situasies wat veroorsaak word deur 'n groot verskeidenheid impulse wat die sentrale senuweestelsel gelyktydig bereik, en die gladde uitvoering van so 'n beweging is die resultaat van baie herhaling of drilwerk.

- Sommige reaksies is natuurlik en ingebore soos refleksbewegings, terwyl ander reaksies aangeleer word soos gewoontes en doelbewuste aangeleerde gedrag. Liggaamlike Opvoedkunde bied ruim geleentheid vir die vorming van goeie gewoontes, menslike gedrag asook karakter- en persoonlikheidsvorming.

- Die leerkurwes vir die meeste aktiwiteite en Liggaamlike Opvoedkunde toon dieselfde vorm. 'n Tipiese kurwe toon meestal 'n vinnige beginnersfase wat gevolg word deur 'n plato waarin 'n geleidelike styging plaasvind wat met 'n vinnige groei eindig.

- Drilwerk speel 'n belangrike rol in Liggaamlike Opvoedkunde om 'n vaardigheid "outomaties" te maak. Die meeste vaardighede in Liggaamlike Opvoedkunde moet so goed ingeoefen wees dat die leerling dit meganies en outomaties moet uitvoer om perfekte vertoning te verseker.

### 5.2.4.5 Samevatting

Oorsigtelik gesien blyk dit dat Smith baie sterk deur die Amerikaanse denkskool van die veertigerjare ten opsigte van die beginsels van Liggaamlike Opvoedkunde beïnvloed was. Die stelling word gemaak op grond van die groot ooreenkomste tussen die klaslesings wat Smith in die verband gelewer het en die inhoud van die Amerikaner, J.R. Sharman se publikasie: Modern principles of Physical Education sowel as die van J.F. Williams: The principles of Physical Education.

Dit blyk ook dat Smith die beginsels/grondslae van Liggaamlike Opvoedkunde as 'n belangrike afdeling van die vak in geheel geag het. Hy het dit as essensieel beskou dat die student in Liggaamlike Opvoedkunde besonder deeglik hierin onderlê moes wees.

## 5.2.5 LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE EN DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS

Die beskouings wat Smith oor die opleiding van onderwysers in Liggaamlike Opvoedkunde gehad het, was gebaseer op die ervaring wat hy in die verband vir meer as 37 jaar lank opgedoen het, sowel as die navorsing wat hy in die verband gedoen het - die onderwerp van sy verhandeling vir die graad van Magister Educationis het gehandel oor 'n Histories-kritiese ondersoek na die opleiding van onderwysers vir liggaamlike opvoeding op die openbare skole.

Smith se beskouings oor Liggaamlike Opvoedkunde en die opleiding van onderwysers word onder die volgende hoofde bespreek: die taak en verantwoordelikheid van die liggaamsopvoeder, die doel van die opleiding, keuring en toelatingseise, opleidingsinrigtings, die status van die liggaamsopvoeder en sy vak, die leerprogram, duur van die opleiding, fasiliteite en navorsing.

Smith was van mening dat dit die verantwoordelikheid van die voornemende liggaamsopvoeder, dit wil sê die student self, was om deur objektiewe oordeel te bepaal of hy die nodige eienskappe van 'n goeie liggaamsopvoeder besit het al dan nie (Smith, 1945:129). Die belangrikste eienskap was sy gesindheid teenoor die vak. Verder moes hy oordeelkundig besluit in watter rigting (vir watter tipe skool) hy opgelei wou word, aangesien dit 'n belangrike rol sou speel ten opsigte van die sukses of mislukking, geluk of ongeluk, in sy beroep (Smith, 1945:130).

Volgens Smith moes die liggaamsopvoeder 'n ware onderwyser wees met kennis van die behoeftes van die kind. Hy moes die opvoeding van die kind op simpatieke wyse kon waarneem, sodat die kind tot 'n karaktervolle, beginselvaste persoonlikheid kon ontwikkel wat diensbaar vir die samelewing kon wees. Hy moes deur 'n program van aktiwiteite "... die liggaamlike kragte van die kind ontwikkel, sy emosionele ewewig bewaar en sy intellek voed" (Smith, 1944:198). Verder moes die onderwyser self 'n goeie voorbeeld stel deur sy lewe, sy handel en

wandel, sy kleding, voorkoms en taal. Hy moes in elke opsig navolgenswaardig wees.

Smith het van die onderwyser verwag om leiding te neem, nie alleen in die skool nie, maar ook in die gemeenskap. Hy moes sy kennis aanwend tot hul voordeel en diens. Op hierdie wyse sou hy die onontbeerlike samewerking van die gemeenskap buite die skool verseker (Smith, 1944:190).

Volgens Smith het die doel van opleiding ten nouste saamgehang met die taak van die liggaamsopvoeder, soos in bogenoemde paragrawe uiteen gesit is (Smith, 1944:191). Alhoewel liggaamlike geskiktheid 'n belangrike vereiste was, was dit nie al nie. Die opleiding van die onderwyser in Liggaamlike Opvoedkunde moes dit ook ten doel stel om die persoon geestelik en akademies te vorm (Smith, 1944:191). Smith het dit ook belangrik geag dat die opleiding die student tot wetenskaplike ondersoek en voortdurende studie moes prikkel.

Smith was van mening dat indien die opleiding verbeter en 'n beter produk verkry wou word, daar besondere aandag aan keuring en toelatingsvereistes ten opsigte van die student gegee moes word (Smith, 1944:192). Die liggaamsopvoeder moes iemand wees wat die moontlikhede van 'n leier besit het en sy intelligensie moes gemiddeld wees. Smith (1944:192) was van mening dat 'n persoon met 'n I.K. minder as 100 nie geskik sou wees vir opleiding vir so 'n verantwoordelike werk nie.

Dit was vanselfsprekend dat 'n aspirant-onderwyser goeie gesondheid moes geniet en 'n mediese sertifikaat as bewys hiervoor moes voorlê. Smith was van mening dat die liggaamlike geskiktheid van voornemende studente eers deur die dosent(e) van die opleidingsinrigting getoets moes word en dat geen student finaal toegelaat moes word voordat 'n proefperiode van veertien dae eers verloop het nie (Smith, 1944:192).

Wat opleidingsinrigtings betref was Smith (1944:193) van mening dat opleiding van onderwysers vir Liggaamlike Opvoedkunde vir die primêre skool aan normaal- en opleidingskolleges moes plaasvind. Die gewone

onderwyser van die primêre skool moes hier opgelei word en die opleiding in Liggaamlike Opvoedkunde moes parallel daarmee loop.

Smith het genoeë geneem met die feit dat die onderwysers vir die sekondêre skool op daardie stadium aan die universiteite opgelei is, waar die probleme van die sekondêre skool, die middele, metodes en doelstellings bestudeer is. Smith was van mening dat die onderwyser by die universiteit sy akademiese opleiding moes ontvang, wat aan hom 'n breë agtergrond sou verskaf om sy hoofvak, Liggaamlike Opvoedkunde, met die grootste sukses te onderrig. Volgens Smith (1944:193) was dit die basis waarop 'n student se verdere studies moes berus, naamlik wetenskaplike ondersoek van die probleme van sy vak. Dit sou hom voorberei vir die onderwys van minstens nog een hoofvak, en vir meerdere byvakke, waardeur hy hom verdienstelik kon maak as hulp in die laer klasse van die sekondêre skool.

Wat die status van die liggaamsopvoeder en sy vak betref was Smith (1944:194) van mening dat die opleiding van die normaal en opleidingskolleges vir die onderwyser in Liggaamlike Opvoedkunde dieselfde posisie verseker het as die van enige ander onderwyser en dat sy vak dieselfde erkenning geniet het. Volgens Smith (1944:194) was dié student 'n bekwame onderwyser in al die gewone vakke van die primêre skool en kon hy die Liggaamlike Opvoedkunde van sy klas met sukses waarneem. Die onderwyser wat spesiale opleiding in Liggaamlike Opvoedkunde, behalwe sy gewone opleiding, geniet het, kon die organisasie van die vak in die hele skool waarneem (Smith, 1944:194).

Die opleiding aan 'n universiteit het 'n akademiese status aan Liggaamlike Opvoedkunde verleen. Volgens Smith (1944:194) het hierdie opleiding dieselfde erkenning en dieselfde voordele geniet wat van toepassing was op enige ander akademiese leergang. As gevolg van die feit dat die liggaamsopvoeder met die kind kontak maak op die sportterrein sowel as in die klaskamer, het hy, volgens Smith (1944:194) die hele mens ontmoet - gees en liggaam - en was hy gevolglik in 'n beter geleentheid gestel tot gebalanseerde opvoeding. Hierom het Smith die volgende geskryf:

"Deur hierdie opleiding verloor die liggaamlike opvoeding dan sy afwesigheid en hy neem sy plek naas ander vakke in die skoollewe in" (Smith, 1944:194).

Die leerprogram vir die opleiding van onderwysers moes so saamgestel word dat die onderwyser deeglik toegerus sou wees vir die uitvoering van sy taak. Volgens Smith (1944:194) moes sy studie uitloop op die formulering van 'n doel wat die volksbehoeftes, -aard, sosiale strewe en praktyke van die tyd, lewensbeskouing en geskiedenis van die volk in ag neem. Die onderwyser moes 'n grondige kennis van die fundamentele beginsels van die vak opdoen, die leerstof (praktiese sowel as teoretiese) goed beheers en die geskiedenis van die Liggaamlike Opvoedkunde deeglik bestudeer. Hierby was verdere onderrrig betreffende die metodiek van Liggaamlike Opvoedkunde 'n noodsaaklikheid (Smith, 1944:195).

Smith was van mening dat daar nie 'n oorbeklemtoning van die teoretiese deel van Liggaamlike Opvoedkunde ten koste van die praktiese deel moes wees nie. Verder was hy nie 'n voorstaander van spesialisering nie en het veelsydigheid aangeprys. Hy het geskryf:

"Onderwysers moet beskik oor 'n redelike vaardigheid in elke onderafdeling van die program van liggaamsoefeninge en het daarna tyd om hom toe te lê op een of ander rigting wat hom die beste pas" (Smith, 1944:198).

Hy was van mening dat die onderwyser benewens die teoretiese deel van Liggaamlike Opvoedkunde ook die beginsels, spesiale metodiek, reëls en regulasies, organisasie en praktyk van die gimnastiek, spele, atletiek, watersport, selfverdediging en ritmiese aktiwiteite moes bestudeer en ken. Hierby was 'n foutlose kennis en vaardigheid van hulpverlening by elke oefening 'n absolute vereiste (Smith, 1944:199).

Die duur van opleiding vir die gewone onderwyser vir die primêre skool moes volgens Smith (1943:128) drie jaar lank wees. Hy het die bepaling van die NARLO ten opsigte van die opleiding van onderwysers naamlik "... 5 periodes van 45 minute elk per week vir Liggaamlike Opvoeding, oor twee jaar versprei, of 'n gelykstaande indeling" onderskryf (Smith,

1944:199). Elke onderwyser van die primêre skool moes hierdie opleiding ondergaan vir sy eie gesondheid en om hom te bekwaam om Liggaamlike Opvoedkunde in sy klas waar te neem.

Die opleiding van onderwysers in die sekondêre skool moes gemiddeld vier jaar duur (Smith, 1945:128). Die opleiding van onderwysers vir Liggaamlike Opvoedkunde moes hierby aansluit. Gedurende die eerste drie jaar moes die student 'n akademiese kursus (B.A. of B.Sc.) volg waarby Liggaamlike Opvoedkunde as hoofvak geneem is. In die vierde jaar moes die student 'n prof.essionele kursus volg waarby die metodiek van Liggaamlike Opvoedkunde, skoolhigiëne, organisasie en administrasie en proefonderwys die vernaamste deel van sy program in Liggaamlike Opvoedkunde sou vorm (Smith, 1944:200).

Smith (1944:201) was van mening dat geen opleiding doeltreffend deurgevoer kon word sonder behoorlike fasiliteite nie. 'n Gimnastieksaal van minstens 24 meter lank, 12 meter breed, 6 meter hoog, met die nodige bad- en kleedgeriewe aangrensend, was 'n vereiste vir elke opleidingsentrum. Daar moes ook voorsiening gemaak word vir lesinglokale, kantore en 'n goed-voorsiene biblioteek. Verder moes swemfasiliteite en sportterreine in die nabyheid aangelê word, terwyl al die nodige apparaat vir die beoefening van die verskillende afdelings van die vak voorsien moes word.

Smith was 'n groot voorstaander van navorsing en het daarop aangedring dat die verskillende onderwysdepartemente hulle daadwerklike steun moes gee aan navorsing op die gebied van Liggaamlike Opvoedkunde. Volgens hom (Smith, 1944:202) het 'n groot veld van ondersoek in hierdie vak nog braak gelê. Daar was talle probleme van maatskaplike, ekonomiese, opvoedkundige en biologiese aard in Suid-Afrika wat op die pad van onderwysers in Liggaamlike Opvoedkunde gelê het. Smith (1944:202) was van mening dat die nodige aansporing tot navorsing reeds by die opleiding gegee moes word, maar dat dit verder van owerheidskant aangemoedig moes word deur die beskikbaarstelling van fondse vir ambisieuse manne wat in hierdie rigting belang gestel het.

Die wyse waarop Smith sy beskouings oor die Liggaamlike Opvoedkunde en die opleiding van onderwysers in die praktyk kon toepas word breedvoerig onder hoofpunte 5.3 en 5.4 bespreek.

### 5.2.6 TOETSING EN METING IN DIE LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE

Smith se beskouings oor toetsing en meting in Liggaamlike Opvoedkunde is baie sterk beïnvloed deur die denkwyse van Amerikaanse vakkundiges op die gebied. Hier word onder andere gedink aan manne soos J.F. Bovard, H.H. Clarke, F.W. Cozens, T.K. Curenton (Jr.) en C.H. McCloy. Uit die bibliografie van navorsingswerke oor toetsing en meting wat deur Smith voltooi is, blyk dit baie duidelik dat hy hoofsaaklik by sy Amerikaanse kollegas inligting oor hierdie onderwerp bekom het. Hy het ook in sy lesings oor toetsing en meting aan studente wat die kursus in Liggaamlike Opvoedkunde gevolg het, voortdurend na bronne verwys wat deur Amerikaanse kenners op die gebied geskryf is soos Bovard et al., 1949; Clarke, 1945; McCloy & Young, 1954.

Volgens Smith (1948:ii) het toetsing en meting in die Liggaamlike Opvoedkunde gegroei uit die opvoedkundige meting. Dit het in die tweede helfte van die negentiende eeu begin as antropometriese metinge, kragtoetse, kardio-vaskulêre toetse en die meting van vaardigheid en atletiese bekwaamheid. Daarna het dit verbasend vinnig in aantal en gehalte toegeneem (Smith, 1948:ii). Smith was van mening dat die ontwikkeling van toetsing en meting in enige vak sy wetenskaplike status verhoog het en dat die groeiende tendens in die Liggaamlike Opvoedkunde om te toets en om meetprosedures te voorsien, bygedra het tot sy vestiging as wetenskap (Smith, 1961a:1). Omdat Liggaamlike Opvoedkunde net soos die Algemene Opvoedkunde - ook oor geldige, betroubare, objektiewe en gekontroleerde toetse "... om die moontlikhede en bekwaamhede in sy veld te meet" beskik, kon hy volgens Smith (1948:1) daarom ook saam met die Algemene Opvoedkunde sy plek as wetenskap inneem. Smith was verder van mening dat toetsing en meting in die

Liggaamlike Opvoedkunde 'n baie belangrike plek in die ontwikkeling van dié wetenskap beklee het. In die verband het hy die volgende geskryf:

> "Meting in die Liggaamlike Opvoedkunde is 'n wetenskaplike prosedure wat onontbeerlik is vir sy vooruitgang" (Smith, 1948:1).

Smith het die opinie gehuldig dat daar op alle lewensterreine wetenskaplike prosedures en navorsing in toenemende mate toegepas is met die doel om beter insig in die probleme van die mensdom te verkry. So byvoorbeeld moes die liggaamsopvoeder aan wie die opvoeding van die kind toevertrou was, ewe-eens 'n wetenskaplike benadering hê om 'n beter begrip en kennis van sy leerlinge op te bou. Volgens hom (Smith, s.a.:1) het die toepassing van toetsing en meting in die Liggaamlike Opvoedkunde die nodige wetenskaplike basis ten opsigte van bogenoemde voorsien. Smith was van mening dat toetsing en meting noodsaaklik was om kinders se moontlikhede, bekwaamhede en vordering te bepaal. Dit was ook belangrik omdat dit die kind in staat gestel het om die "... swakhede in hul liggaamlike toerusting te diagnoseer; om hulle tot self-oefening te prikkel; en, om die bekwaamheid van die onderwyser en die doeltreffendheid van sy metodes vas te stel" (Smith, s.a.:1).

Smith het dit sterk beklemtoon dat 'n goeie toets aan bepaalde eise moes voldoen. Hieroor het hy die volgende geskryf:

> "'n Goeie toets moet, in die eerste plek, geldig wees - dit moet meet wat dit bedoel om te meet; dit moet, tweedens, betroubaar en objektief wees; derdens, moet dit eenvoudig wees en nie te veel tyd of koste meebring nie; verder moet dit 'n standaard prosedure van meting hê en prakties bruikbaar wees" (Smith, s.a.:1).

Smith het ook definitiewe beskouings gehad oor die metodes vir die samestelling van toetse. Hy het dit beklemtoon dat die navorser presies moes weet wat gemeet moes word. Indien 'n toets in die Liggaamlike Opvoedkunde geldig wou wees, dit wil sê meet wat dit beoog om te meet, kon, volgens Smith (1948:58) onder andere van die volgende metodes gebruik gemaak word om die geldigheid daarvan te bepaal: gesamentlike oordeel van deskundiges op die gebied, korrelasie met suksesvolle

prestasies op die gebied, toename van prestasie namate die leeftyd toeneem, korrelasie met toetse waarvan die geldigheid reeds bepaal is asook die bepaling van die sosiale nuttigheid van 'n toets.

Ten opsigte van die metodes vir die toepassing van toetse was Smith (1948:63) van mening dat dit baie sorgvuldig deurdink moes word. Hy het geskryf:

> "'n Weldeurdagte prosedure bespaar baie tyd, verseker betroubare resultate en skakel moeilikhede uit" (Smith, 1948:63).

Smith het aanbeveel dat die navorser, vir die gladde verloop van sy werk by die toepassing van sy toetse veral aan die volgende punte aandag moes skenk: die voorbereiding van apparaat, die beheer van proefpersone, die standaardisering en voorbereiding van voorskrifte en die neerskrywe, berekening en gebruike van die resultate (Smith, 1948:63).

Gemeet aan die standaarde van sy tyd, getuig Smith se beskouings oor toetsing en meting in Liggaamlike Opvoedkunde, van wetenskaplike gefundeerdheid. In Suid-Afrika het hy baanbrekerswerk op hierdie gebied verrig en het hy met sy beskouings ten opsigte van toetsing en meting diep spore getrap in die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika.

## 5.2.7 LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE EN FIKSHEID

Smith was altyd 'n sterk voorstaander van fiksheid want vanaf sy jeugjare tot en met sy laaste jare was hy betrokke by een of ander vorm van sportbeoefening waardeur hy gepoog het om sy fiksheidstoestand in 'n bevredigende toestand te hou. Sy beskouings oor fiksheid was gematig want hy het nooit daarna gestreef om "super"-fiksheid te propageer nie. Vir hom was die hele mens - naamlik sy liggaam en gees - betrokke by sy fiksheid of anders genoem geskiktheid.

Volgens hom (Smith, 1961b:2) was die begrip fiksheid 'n baie omvattende term. In Afrikaans sou daar byvoorbeeld duidelik onderskei moes word tussen die term fiksheid en geskiktheid Smith was van mening dat die begrip fiksheid veel meer omvattend was. 'n Definisie moes gevind word wat fiksheid van die hele mens, liggaamlik en geestelik, ingesluit het (Smith, 1961b:2). Smith self het fiksheid soos volg gedefinieer:

> "Die vermoë om 'n taak sonder groot vermoeidheid te verrig sodat die persoon na afhandeling daarvan nog oor genoeg energie beskik in aktiewe ontspanningsvorme en noodgevalle. Die kwaliteit wat dit moontlik maak, is die van die totale persoonlikheid (Smith, 1961:3).

Ten opsigte van die basiese komponente van fiksheid was Smith dit eens dat die mens so 'n komplekse wese was dat dit nie verbasend is dat daar uiteenlopende menings bestaan het nie. Verskillende skrywers het hul ontledings van sodanige basiese komponente van fiksheid gegee en volgens Smith (1961:3) het die meeste van hulle gepraat van "freedom from disease", "organic health" en "organic efficiency". Smith self het Berends (1960:42) ondersteun met sy meer omvattende uiteensetting van die basiese komponente van fiksheid - soos blyk uit die volgende:

1. Liggaamlike geskiktheid waaronder
    - 1.1 Mediese geskiktheid
    - 1.2 Liggaamsbou
    - 1.3 Organiese geskiktheid
    - 1.4 Motoriese geskiktheid
2. Geestelike geskiktheid waaronder:
    - 2.1 Intellektuele geskiktheid
    - 2.2 Emosionele geskiktheid
    - 2.3 Sosiale geskiktheid

Volgens Smith kon bogenoemde komponente ook nog verder onderverdeel word (Smith, 1961:3).

Benewens Smith se beskouings oor wetenskaplik-gefundeerde programme vir die ontwikkeling van bogenoemde komponente soos onder andere die

kwaliteite van krag, snelheid, uithouvermoë en motoriese geskiktheid, het hy ook definitiewe beskouings gehad ten opsigte van fiksheid en die vrou, fiksheid en ouderdom sowel as fiksheid en liggaamsmassa.

Ten opsigte van die fiksheid van die vrou het Smith dit duidelik gestel dat daar nie dieselfde fiksheidstandaarde aan haar in vergelyking met die man gestel mag word nie. Die man was anatomies en fisiologies haar meerdere ten opsigte van aerobiese kapasiteit, longkapasiteit, spierkrag, hemoglobien in die bloed, aanhegting van spiere asook swaartepunt van liggaam - om maar 'n paar te noem (Smith, 1961:17). Smith (1961:17) was verder van mening dat behalwe bogenoemde verskille ook die sielkundige en sosiologiese faktore 'n rol gespeel het ten opsigte van die bepaling van die fiksheidsvereistes van die vrou (Smith, 1961:17).

Ten opsigte van fiksheid en ouderdom was Smith van mening dat "... 'n onaktiewe lewe op enige ouderdom die liggaam laat aftakel" (Smith, 1961:18). Hy het verskeie navorsingsprojekte (waarin veral van mans as proefpersone gebruik gemaak is) aangehaal, om aan te dui dat daar 'n afname in onder andere die suurstofkapasiteit, die maksimale hartslagsnelheid, elastisiteit van die slagare, vitaalkapasiteit en spierkrag is namate leeftyd toeneem, veral vanaf dertigjarige leeftyd (Smith, 1961:18). Op die vraag of veranderinge dan onvermydelik was het hy Astrand, ('n bekende sportfisioloog) se mening hieroor onderskryf en hom soos volg aangehaal:

> "... through a regimented living routine where regular physical exercise is included the degeneration that comes with age could be reduced to a minimum" (Smith, 1961:18).

Smith het verder sy mening uitgespreek oor fiksheid en liggaamsmassa. Hy het saam met bekende navorsers op die gebied soos Steinhaus en Cureton gestem dat aangesien 'n groot hoeveelheid arbeid verrig moes word om maar van een kilogram liggaamsmassa ontslae te raak, dit met 'n korrekte dieet gepaard moes gaan (Smith, 1961:19). Smith was verder van mening dat daar nie gepoog moes word om alle oortollige massa oor een naweek te verloor nie. Om aan te toon hoekom dit nie van waarde

sou wees nie, het hy ter verduideliking 'n aanhaling van Steinhaus gebruik:

> "... but let me remind you that the weight came on slowly and it might just as well go off slowly. In other words a little exercise each day, a little more than you have done before and you can take off weight slowly, systematically and painlessly" (Steinhaus, 1965).

Dat Smith liggaamlike fiksheid in die lewe van die individu, maar ook in die volkslewe baie hoog aangeskryf het, het nie net uit sy beskouings oor fiksheid geblyk nie, maar ook uit sy betrokkenheid by verskeie fiksheidsprojekte. So byvoorbeeld het mnr. T.F. Breedt, voorsitter van die Wes-Transvaalse gebied van die Varsmelkraad in Oktober 1968 'n trofee en 'n tjek aan prof.essor Smith, as hoof van die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde aan die PU vir CHO, oorhandig vir die fiksheidsprestasies van persone wat aan die Universiteit verbonde was Anon., 1968). So ook het die studente en dosente van die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde van die PU vir CHO onder aanvoering van professor Smith op 16 September 1970 hul eie lenteloop, as deel van die nasionale projek wat deur die Departement van Nasionale Opvoeding geloods was, gehou. Volgens die PU-Kaner (Anon., 1940) was dit 'n baie goeie voorbeeld wat deur Smith en sy studente gestel was.

Smith se betrokkenheid by die fiksheidskema op nasionale vlak word verder bevestig deur 'n artikel in die PU-Kaner van 8 September 1972 waarin melding gemaak word van Smith en sy personeel van die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde se hulp met betrekking tot die Nasionale Fiksheidskema (Anon., 1972).

### 5.2.8 LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE EN SPORT

Smith was van mening dat die plek wat sport in die lewe van die individu sowel as in die lewe van die volk moes inneem ten nouste saam gehang

het met die doel wat daarmee bereik wou word (Smith, 1965a:1). Volgens hom was sport 'n onderdeel van die praktiese Liggaamlike Opvoedkunde, en "... die wese van laasgenoemde was sy aandeel in die totaalopvoeding van die mens" (Smith, 1965a:1). Die doel van sport moes inskakel by die doel van opvoeding wat, saamgevat, die harmoniese ontwikkeling was van alle gawes en kragte wat die mens van God ontvang het sodat hy toegerus kan wees tot diensbaarheid (Smith, 1965a:1). Dit was vir Smith 'n riem onder die hart dat talle befaamde sportlui die beskouing gehuldig het dat hulle ook deur hul sport hul Skepper wou verheerlik. Volgens hom (Smith, 1965a:1) was dit die voorbeeld wat gegee en die spoor waarin die jeug gelei moes word by die beoefening van sport.

Smith was oortuig daarvan dat sport 'n belangrike plek in die volkslewe moes inneem. Hy het die pogings van liggame soos die S.A. Federasie vir Jeug en Sport en die Sportstigting van Suid-Afrika ter uitbouing van 'n verskeidenheid van sportaktiwiteite onder die Suid-Afrikaanse bevolking, geloof. Die werk wat in die verband aan opvoedkundige inrigtings gedoen was, was volgens hom ook prysenswaardig. Hieroor het hy onder andere die volgende uitlating gemaak:

> "Op ons skole en kolleges en aan ons universiteite word voortdurend gearbei deur liggaamlike opvoeders en belangstellende onderwysers ter bevordering van sport, en die uitwerking van hul gesamentlike pogings kan moeilik oorskat word" (Smith, 1965a:1).

Smith het sport as 'n belangrike middel beskou om Suid-Afrika se beeld na buite te versterk. Hy het gevoel dat die waarde van sportmanne as ambassadeurs van hulle land nie altyd hoog genoeg geskat is nie (Smith, 1963:1). Namate Suid-Afrika al hoe meer geïsoleerd op sportgebied geraak het as gevolg van sportboikotte, het Smith dit bepleit dat die Suid-Afrikaanse sportmanne hul daarvoor moes beywer om hul sportprestasies te verbeter. Die rede hiervoor blyk uit die volgende aanhaling uit 'n toespraak wat op 5 Oktober 1973 deur Smith gelewer is:

> "Juis omdat Suid-Afrika op sportgebied geïsoleer word, moet ons land se prestasies verbeter word sodat die wêreld daarvan kan kennis neem" (Smith, 1973a).

Smith was van mening dat Suid-Afrika se sportprestasies veral ten opsigte van Olimpiese nommers, as gevolg van verskeie faktore, al hoe meer deur die res van die Afrikalande verby gesteek word (Smith, 1973a). Om te verseker dat die Republiek nie agterbly nie, maar tred hou met die prestasies van ander volke sou iets daadwerkliks in Suid-Afrika gedoen moes word. Om hierdie rede het Smith 'n sterk pleidooi daarvoor gelewer dat die Departement van Sport en Ontspanning in die Republiek van Suid-Afrika sterker uitgebou moes word (Smith, 1973c).

Ten opsigte van sport en afrigting het Smith dit voortdurend bepleit dat die wetenskap by afrigting ingespan moes word (Smith, 1973a). Die tydperk wat sportafrigting in Suid-Afrika op lukrake wyse geskied het, was iets van die verlede. Volgens Smith (1973a) moes sportmanne se aanleg wetenskaplik getoets word en moes hul vordering met toetsing gevolg word. Daar moes ook voorsiening gemaak word vir wetenskaplike oefenprogramme vir die verskillende sportsoorte (Smith, 1973b).

Smith was van mening dat die universiteite, maar veral die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys - omdat Smith hoof was van die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde van hierdie universiteit - op die gebied van sport 'n volksdiens het om te verrig. Volgens hom moes die Universiteit afrigters voorsien wat kennis kan uitdra tot voordeel van die land se sport (Smith, 1973a). Om hierdie rede was dit nodig "... dat afrigters by die Universiteit nie net aan klubs nie maar ook aan die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde verbonde moes wees" (Smith, 1973a). Smith was verder van mening dat die tyd aangebreek het dat die Universiteit sy sportgeriewe aan die publiek beskikbaar moes stel. Hieroor het hy die volgende gesê:

> "Die Potchefstroomse Universiteit moet sy sporthekke vir die publiek oopgooi soos in Wes-Duitsland, waar die regering dit ten opsigte van sportgeriewe doen" Anon., 1973e:11).

Die beskouings wat Smith oor Liggaamlike Opvoedkunde en sport gehad het, het hy uitgeleef en op verskeie terreine in die praktyk toegepas. 'n Volledige bespreking hieroor word in 5.6 - wat handel oor Smith se

bydrae ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkundige- en sportverenigings - gedoen.

## 5.3 SMITH SE BYDRAE TEN OPSIGTE VAN DIE ONTWIKKELING VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE EN SPORT AAN DIE POTCHEFSTROOMSE ONDERWYSKOLLEGE

### 5.3.1 INLEIDING

Voordat daar enigsins 'n begin gemaak kan word met 'n bespreking van Smith se bydrae tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Onderwyskollege, is 'n kort oorsig oor die stand van sake, rakende Liggaamlike Opvoedkunde, aan die Kollege voordat Smith daar aangestel is, nodig. Teen hierdie agtergrond kan daar met groter begrip, bespreking gevoer word oor die omstandighede waaronder Smith moes werk en in hoe 'n mate daar ontwikkeling as gevolg van sy toedoen kon plaasvind.

Daar is eers in 1935 'n begin gemaak met 'n volwaardige kursus in Liggaamlike Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Onderwyskollege (POK, 1953:1). Voor 1935 was Liggaamlike Opvoedkunde nie 'n volwaardige vak nie. Dit was egter verpligtend dat "elementary drill and physical training" deur alle studente van die Onderwyskollege beoefen moes word (TOD, 1926:1). Dit het egter geblyk dat daar nie veel sprake van die beoefening van "liggaamsoefeninge" deur die mansstudente van die Kollege was gedurende hierdie tydperk nie. Hieroor het die Prinsipaal van die Kollege soos volg aan die Sekretaris van die Transvaalse Onderwysdepartement geskryf:

> "... I beg to inform you that in spite of the regulation that all Normal College students should pass through a course of physical

training, nothing has been done at this College as far as the men students are concerned" (POK, 1926:1).

Wat die damesstudente van die Kollege betref was daar op gereelde basis voorsiening gemaak vir die beoefening van "liggaamsoefeninge". Die instruktrise was gewoonlik verbonde aan 'n plaaslike skool en daar is dan op 'n deeltydse basis van haar dienste gebruik gemaak. So byvoorbeeld is daar in die laat twintigerjare van die dienste van mej. E. Hancock van die Girls High School gebruik gemaak (POK, 1927:1) en in die begin dertigerjare van die hulp van mej. M.E. Mackay ook van die Girls High School (POK, 1935a:1).

Met die instelling van Liggaamlike Opvoedkunde as kursus in 1935 het die Prinsipaal, prof. P.J. van der Merwe, die doseerwerk van die vak self behartig. Die werk is later deur 'n mnr. Combrinck oorgeneem (POK, 1943:1). Die liggaamlike aktiwiteite wat van toepassing was op die dames is deur mej. Mackay behartig (POK, 1935a:1). Dit het egter spoedig geblyk dat 'n permanente pos vir die doseer van Liggaamlike Opvoedkunde aan die Kollege geskep moes word. Die pos is in die middel van 1935 geadverteer en in 1936 is D.P.J. Smith permanent benoem as dosent in Liggaamlike Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Onderwyskollege (POK, 1943:1). Dat hy 'n gewilde keuse was blyk uit 'n skrywe van die Prinsipaal van die Kollege aan die Sekretaris van die Transvaalse Onderwysdepartement. Hy het geskryf:

"Ek beveel aan dat mnr. D.P.J. Smith benoem word. 'n Paar redes vir my aanbeveling is as volg:

1. Hy is jonk en besonder geesdriftig.

2. Sy akademiese kwalifikasies sal tot groot nut wees, veral waar hy behulpsaam kan wees met die afneem van proeflesse.

3. Hy besit ook die Transvaalse O.2.-sertifikaat.

4. Hy sal kan aanpas by die staf en die heersende omstandighede.

5. Ek het besonder goeie inligting ingewin omtrent sy bekwaamheid uit ander oorde: die Kaapse Departement het duidelik te kenne gegee dat hulle sy dienste nie graag sal wil verloor nie.

6. Hy het op versoek van my hom aangemeld en my volslae bevrediging gegee met 'n demonstrasieles wat ek vir hom gereël het" (POK, 1935b:1).

Smith was verbonde aan die Potchefstroomse Onderwyskollege vanaf 1936 tot 1944. In hierdie tydperk het hy 'n besondere bydrae gelewer tot die totstandkoming en uitbouing van Liggaamlike Opvoedkunde en sport aan hierdie inrigting. Sy bydraes in hierdie verband lê veral op die gebied van opleiding, dit wil sê die instelling van kursusse en vakrigtings, die samestelling van leerplanne, die aanbied van lesings vir studente sowel as die aanbieding van kursusse aan diensdoende onderwysers. Hy het ook 'n besondere bydrae gelewer ten opsigte van die daarstelling van en beheer oor fasiliteite vir Liggaamlike Opvoedkunde en sport aan die Kollege. Hierbenewens het Smith 'n groot aandeel gehad in die uitbouing van die naam en goeie beeld van die Potchefstroomse Onderwyskollege deur middel van vertonings wat onder sy leiding plaasgevind het, asook deur sy betrokkenheid by 'n groot verskeidenheid van sportsoorte. Bogenoemde aspekte sal volledig in die volgende paragrawe bespreek word.

## 5.3.2 SMITH SE BYDRAE TEN OPSIGTE VAN OPLEIDING

### 5.3.2.1 Inleiding

Smith se aanstelling as dosent in Liggaamlike Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Onderwyskollege in 1936 was die eerste permanente pos in Liggaamlike Opvoedkunde aan hierdie kollege. Deeltydse hulp vir die onderrig in die vak aan dames is aan hom verskaf deurdat die Transvaalse

Onderwysdepartement aanvanklik 'n mej. M.E. Mackay (POK, 1935a:1) en later vir mej. K. Junker en mej. B. Hull (POK, 1943a:1) hiervoor beskikbaar gestel het. In 1938 is mej. K. Junker egter permanent benoem as dosent in Liggaamlike Opvoedkunde vir dames (POK, 1943a:1). In September 1939 is mej. E. Hartmannn in die plek van mej. Junker aangestel (POK, 1943a:1).

Smith het 'n besonder hoë werkslading gehad, want benewens sy pligte aan die Onderwyskollege is daar ook van hom verwag om die Liggaamlike Opvoedkundelesse by die volgende skole waar te neem: Gimnasium Hoërskool, Hoër Volkskool en High School for Boys. Daar was ook sprake dat hy aan sekere laerskole onderrig in Liggaamlike Opvoedkunde moes gee. In 'n skrywe van die Sekretaris van die Transvaalse Onderwysdepartement aan die Inspekteur van Onderwys (Potchefstroom) in Maart 1936 word hy onder andere versoek "... om in oorleg met die hoofde van die Potchefstroomse Normaalkollege, Gimnasium Hoërskool, Volks Hoërskool en High School for Boys 'n tydtafel van werksaamhede van mnr. Smith op te stel. As mnr. Smith dan nog nie die vereiste aantal ure per dag werksaam is nie, moet u reëlings tref om hom aan sekere laerskole onderrig te laat gee" (TOD, 1936:1). Die werkslas van Smith en Junker was in 1939 so hoog dat die Prinsipaal in 'n skrywe aan die Sekretaris van die Transvaalse Onderwysdepartement die volgende vraag gevra het:

"Is hulle verplig om ook aan skole diens te doen?" (POK, 1939a:1).

Op daardie stadium was hierdie twee dosente wat permanent by die Kollege vir Liggaamlike Opvoedkunde aangestel is, verantwoordelik vir die volgende:

1. Die doseer van Liggaamlike Opvoedkunde aan vier verskillende groepe studente wat per geleentheid weens getalle in kleinere groepe verdeel moes word (POK, 1939a:1).

2. Hul moes die res van die personeel vergesel tydens proefonderwys om hoofsaaklik behulpsaam te wees met proefonderwys in Liggaamlike Opvoedkunde en waar doenlik meehelp aan algemene proefonderrig.

3. Hul moes behulpsaam wees met die organisasie en doseer van voortsettingsklasse vir diensdoende onderwysers op Potchefstroom en Klerksdorp.

4. Hul was verantwoordelik vir die afrigting van swem en atletiek en vir sover moontlik, alle ander sportaangeleenthede van die studente (POK, 1939a:1).

5. Hul moes personeelvergaderings bywoon en meedoen aan personeelondernemings ten behoewe van Kollege-aangeleenthede. Hier is besonder baie van hul dienste gebruik gemaak omdat die Kollege nie 'n groot ledetal gehad het nie (POK, 1939a:2).

In die opvolgende paragrawe gaan, gesien in die lig van bogenoemde dienspligte, besondere klem gelê word op die bydrae wat Smith gelewer het ten opsigte van die opleiding van studente en onderwysers in Liggaamlike Opvoedkunde. Daar sal in die besonder gekyk word na sy bydrae ten opsigte van die instelling en uitbouing van kursusse en vakrigtings sowel as die samestelling van leerplanne in die verband. Daar sal ook gelet word op die bydrae wat hy gelewer het ten opsigte van die opleiding van diensdoende onderwysers en verbreding van hul kennis van die vak Liggaamlike Opvoedkunde. Aandag sal ook gegee word aan algemene sake wat deur Smith bedryf is en direk of indirek aanleiding gegee het tot die opleiding van 'n beter kwaliteit student.

### 5.3.2.2 Instelling en uitbouing van kursusse en vakrigtings en samestelling van leerplanne aan die Potchefstroomse Onderwyskollege

Pas nadat Smith by die Potchefstroomse Onderwyskollege aangestel is het hy 'n Memorandum insake Liggaamlike Opvoedkunde namens die Kollege opgestel wat aan die provinsiale onderwyskomitee (Transvaal) voorgelê is (Smith, 1937:1-4). Smith se beskouings ten opsigte van die volgende aspekte rakende die opleiding van studente in Liggaamlike Opvoedkunde, naamlik die doel, rigting, sillabus, duur van kursus, eksamens, en

proefonderwys, blyk duidelik uit hierdie memorandum. Op daardie stadium was Smith van mening dat 'n kombinasie van die Deense en Sweedse stelsels in soverre hulle by die Suid-Afrikaanse volksaard en omstandighede aanpas, gevolg moes word (Smith, 1937:1). Hy het verder aanbeveel dat die volgende sillabus gevolg moes word:

1. "Grondige kennis van Fisiologie en Gesondheidsleer
2. Metodiek van Onderwys
3. Beginsels van Liggaamlike Opvoeding met tabelle vir die volgende groepe:
   6 - 8 jaar: Juniorskoolwerk - (Apparate en groepwerk)
   9 - 11 jaar: Laerskole
   12 - 14 jaar: Laerskole
   14 - 16 jaar: Juniorafdeling van Hoërskole
   16 - 18 jaar: Seniorafdeling van Hoërskole
   18 en bo: Volwassenes
4. Informele en orde-oefeninge
   4.1 Spele (vry en georganiseerd)
   4.2 Spronge (informeel en ritmies)
5. Liggaamlike Opvoeding en ko-edukasie:
   Spanoefeninge - formasies - kleredrag, ens.
6. Waarde en gebruik van spele
7. Die gimnastieksaal, speelgronde en apparate
8. Voordele en gevare van bokkesprong, piramiede, stoei en boks
9. Optrek van werkskemas vir
   9.1 'n Komplete les
   9.2 Die week
   9.3 Die kwartaal
   9.4 Die jaar" (Smith, 1937:2).

Indien in ag geneem word dat Smith op daardie stadium self geen formele opleiding ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkunde gehad het nie en hy sy kennis verkry het deur middel van die bestudering van beskikbare handboeke en die bywoning van vakansiekursusse (wat onder andere deur H.J. Taylor in die Kaapprovinsie aangebied is), getuig bogenoemde sillabus beslis van insig en belesenheid in die verband. Nadat Smith egter in 1938 vir twaalf maande aan die volgende inrigtigns in Europa

studeer het, naamlik die Hochschule für Leibesübungen van die Universiteit van Berlyn, die Reichsakademie für Leibesübungen in Berlyn asook die Akademie voor Lichamelijke Opvoeding te Amsterdam, het daar 'n merkbare verbreding plaasgevind ten opsigte van sy sienswyses oor die vak. Hiermee gaan gepaard sy beskouings oor die samestelling en inhoud van kursusse in Liggaamlike Opvoedkunde.

Met sy terugkeer uit Europa in 1939 was die situasie by die Potchefstroomse Onderwyskollege, ten opsigte van kursusse in Liggaamlike Opvoedkunde, soos volg: die Kollege het die volgende vier kursusse vir die opleiding van onderwysers in Liggaamlike Opvoedkunde aangebied:

1. 'n Driejarige grondopleidingskursus wat die onderwyser genoegsaam bekwaam het vir die eise van die primêre- en sekondêre skool.

2. 'n Eenjarige voltydse diplomakursus wat op bogenoemde gevolg het en wat spesialisasie in hierdie rigting beoog het. Gekwalifiseerde onderwysers is tot hierdie kursus toegelaat indien hulle die praktiese toelatingseksamen kon slaag.

3. 'n Kursus vir diensdoende onderwysers.

4. 'n Spesiale kursus vir die onderwys van "agterlike" kinders.

Smith het die leerplanne vir bogenoemde kursusse saamgestel (POK, 1943a:1). In vergelyking met die sillabus wat in 1937 deur hom saamgestel is, toon hierdie nuwe leerplanne baie verbreding en vernuwing ten opsigte van Smith se denkwyses in die verband. So byvoorbeeld was die volgende basiese afdelings ingesluit in die leerplanne van die driejarige grondopleidingskursus en die eenjarige voltydse diplomakursus:

1. Teoretiese afdeling
   - 1.1 Teorie van Liggaamlike Opvoedkunde
   - 1.2 Teorie van spele
   - 1.3 Metodiek van Liggaamlike Opvoedkunde in die skoolonderrig
   - 1.4 Elementêre anatomie en fisiologie

1.5 Gesondheidsleer
1.6 Voedingsleer
1.7 Die skeikunde van die liggaam
1.8 Geskiedenis van Liggaamlike Opvoedkunde
1.9 Eerstehulp

2. Praktiese afdeling
2.1 Toestel- en bodemgimnastiek
2.2 Atletiek
2.3 Swem
2.4 Tennis
2.5 Hokkie
2.6 Handbal
2.7 Rugby (mans)
2.8 Boks en stoei (mans)
2.9 Korfbal (dames)
2.10 Kleinterreinspele
2.11 Volksdanse (dames)
2.12 Ritmiese beweging (dames)
2.13 Sang

(Smith, 1939b)

Die verandering in gedagtegang ten opsigte van die samestelling van leerplanne en die inhoud daarvan was hoofsaaklik toe te skryf aan Smith se studies in Europa en die verbreding van vakkennis wat hiermee gepaard gegaan het. Dat Smith baie sterk deur die Duitse stelsel beïnvloed was, blyk uit die bestudering van die lys boeke wat deur hom geraadpleeg was by die samestelling van die sillabusse (Smith, 1939b:12). Benewens een Engelse handboek was die res almal Duitse handboeke. Die Duitse invloed kom duidelik na vore by die insluiting van aspekte soos onder die spel Handbal (wat op daardie stadium 'n baie gewilde spel in Duitsland was en nêrens in Suid-Afrika beoefen was nie) asook Sang en Spraakopleiding. Volgens die leerplan wat deur Smith opgestel was het dit die volgende behels:

1. Aanleer en sing van liedere wat by liggaamsoefeninge, volkspele en volksdanse gebruik word.
2. Stemontwikkeling by spraak en bevele.

Bogenoemde was op daardie stadium baie kenmerkend van die Duitse opleidingstelsel.

Smith het besef dat die inhoud van die vak besonder omvangryk was (Smith, 1940:2). Hy was egter van mening dat by die afhandeling daarvan die aksent verskillend kon val by verskillende mense as gevolg van:

1. Seksverskille
2. Klimaat
3. Fasiliteite (Oefenterreine, apparaat)
4. Ouderdomstrappe
5. Die persoonlike faktor

Hieroor het hy geskryf:

> "Die ideaal sou wees dat een persoon sal weet om die balans so suiwer te hou in die verskillende afdelings van Liggaamlike Opvoeding dat elkeen presies tot sy reg kom - die norm sal dan wees die behoefte en natuur van die volk" (Smith, 1940:2).

Ten opsigte van die opleiding van studente en die omvang van die vakinhoud was hy van mening dat die student probeer om die saak breed te beskou en moes hy die opleiding as fondament neem vir verdere selfopvoeding. Daardeur sou hy, volgens Smith (1940:2) sy eie werkrigting, wat beïnvloed of moontlik dieselfde as dié van sy leermeester kon wees, skep. Hieroor het hy geskryf:

> "Die ideaal sou dan wees vir 'n onderwyser in opleiding om soveel mense en hulle werkmetodes moontlik te ontmoet en daaruit te neem wat goed is vir sy eie toekoms" (Smith, 1940:2).

Benewens die feit dat Smith hom besonder beywer het vir die instelling van Liggaamlike Opvoedkunde as selfstandige kursus aan die Potchefstroomse Onderwyskollege (Putter, 1983:1) en daarmee gepaardgaande baanbrekerswerk verrig het ten opsigte van die daarstelling en vernuwing van leerplanne, het hy ook 'n bydrae gelewer

ten opsigte van die totstandkoming van eenvormige kursusse en leerplanne wat van toepassing sou wees op alle Onderwyskolleges (destydse Normaalkolleges) in Transvaal. Hy het onder andere gedien op die komitee wat in 1938 deur die Transvaal Normal College Union aangewys is met die opdrag: "... to go into the matter of Physical Education in Normal Colleges" (Transvaal Normal College Union, 1939:1). As gevolg van sy vakkundigheid kon hy tydens die vergaderings van bogenoemde komitee verskeie bydraes lewer, veral ten opsigte van die tydstoekenning aan Liggaamlike Opvoedkunde in die gewone diplomakursus wat deur studente aan 'n kollege gevolg kon word, die samestelling van leerplanne vir Liggaamlike Opvoedkunde asook aanbevelings maak ten opsigte van die eenjarige semi-spesialiseringskursus in Liggaamlike Opvoedkunde wat na die diplomakursus gevolg het (Transvaal Normal College Union, 1939:2).

In 1940 het Smith, namens die Potchefstroomse Onderwyskollege, die volgende aanbevelings rakende Liggaamlike Opvoedkunde aan die Transvaalse Onderwysdepartement gedoen, naamlik dat:

1. " ... die Departement aan die Normaalkolleges van Transvaal almal die voorreg van 'n spesiale opleidingskursus in Liggaamlike Opvoeding toeken mits die inskrywings dit toelaat. Ons beveel aan dat slegs onderwysers(esse) in opleiding wat besondere aanleg en belangstelling in hierdie werk toon tot so 'n kursus toegelaat sal word en dat toelating sal geskied nadat 'n bepaalde toelatingseksamen suksesvol afgelê is;
2. dosente van Liggaamlike Opvoeding van Normaalkolleges almal saam 'n komitee sal vorm in die opstel van:
   - 'n Standaard leerplan
   - Toelatingseksamen
   - Eksamenstandaarde - prakties sowel as teoreties - aan end van kursus

   en verder dat dosente die geleenthede sal hê om in nouer samewerking te kom deur wederkerige besoeke veral wat beoordeling van eksamens betref: prakties en teoreties - soos wat by taaleksamens tans die geval is;

3. die Departement definitief aan kursuste (sic) sal omlyn die kompensasie verbonde aan so 'n kursus;
4. aangesien ons van oordeel is dat elke groot skool 'n onderwyser vir die doel moet hê weens sy belangrikheid in die opbou van 'n gesonde, wilskragtige volk, daar meer bemoediging tot so 'n kursus sal wees en dat meer geld beskikbaar gestel word vir die uitrusting vir liggaamsoefeninge ten einde deeglike werk en goeie resultate te verseker" (Smith, 1940:3).

Uit bogenoemde besprekings blyk dit dus dat Smith hom op verskeie terreine beywer het vir die uitbouing en verbetering van kursusse en vakrigtings in Liggaamlike Opvoedkunde ter bevordering van die opleiding van onderwystudente. Dit geld ook ten opsigte van die samestelling en vernuwing van leerplanne vir Liggaamlike Opvoedkunde in bogenoemde verband.

#### 5.3.2.3 Opleiding van diensdoende onderwysers

Benewens die velerlei pligte wat Smith gehad het ten opsigte van die opleiding van studente aan die Potchefstroomse Onderwyskollege, is dit ook van hom verwag om opleiding aan onderwysers, wat reeds in die praktyk gestaan het, te verskaf. In omsendbrief no. 20 van 1939 van die Transvaalse Onderwysdepartement aan die Inspekteurs van Onderwys en die Hoofde van Normaalkolleges is die volgende geskryf ten opsigte van die werksaamhede van die dosente in Liggaamlike Opvoedkunde aan die destydse Normaalkolleges:

> "In verband met klasse vir diensdoende onderwysers is reëlings getref deur die Hoof van die Normaalkolleges in oorleg met die plaaslike Inspekteur van Onderwys. Na gelang van omstandighede word verwag van elke instrukteur/trise om 'n kursus van lesse een of twee keer per week vir 'n tydperk van 'n halfjaar of 'n jaar vir een groep onderwysers te reël" (TOD, 1939:1).

Dit blyk dat Smith behulpsaam was met die organisasie en doseer van voortsettingsklasse in Liggaamlike Opvoedkunde vir diensdoende onderwysers op Potchefstroom en Klerksdorp (POK, 1939a:1). Die klasse aan diensdoende onderwysers te Potchefstroom is op Saterdagoggende aangebied. In 'n skrywe van die Prinsipaal van die Potchefstroomse Onderwyskollege aan die Inspekteur van Onderwys (Potchefstroom) is die volgende gemeld ten opsigte van die klasse wat Smith in Potchefstroom aangebied het:

> "Wat die fasiliteite vir diensdoende onderwysers betref soos verskaf op Saterdagoggende deur mnr. Smith, deel hy my mee dat hy alles in sy vermoë gedoen het om die klasse so vrugbaar moontlik te maak maar dat die bywoning ongelukkig sporadies van aard is; een dag 'n groot groep wanneer hy lekker kan werk en dan weer 'n groepie van sewe waarvan party nie bereid is om aktief deel te neem nie, maar soos hulleself sê: "net wil staan en kyk". Hierdie soort van bywoning bemoeilik natuurlik die saak" (POK, 1939b:1).

Omdat daar van Smith verwag was om ook op Klerksdorp aan diensdoende onderwysers voortsettingsklasse in Liggaamlike Opvoedkunde te gee en Saterdae reeds beset was met die voortsettingsklasse aan onderwysers in Potchefstroom het hy hom bereid verklaar om Vrydagaande na Klerksdorp te gaan vir hierdie doel. Dit was weer eens onder moeilike omstandighede en het baie opoffering gevra. Nogtans wou Smith net die beste vir sy vak doen, soos weer eens blyk uit die skrywe van die Prinsipaal van die Kollege aan die Inspekteur van Onderwys (Potchefstroom) op 14 Oktober 1939:

> "U kan dus self hieruit oordeel dat ons onder moeilike omstandighede tog die beste wil bied ten behoewe van die diensdoende onderwysers en onderwyseresse" (POK, 1939b:2).

Verder was dit van Smith verwag om 'n leerplan vir Liggaamlike Opvoedkunde op te stel waarvolgens die diensdoende onderwysers wat bogenoemde kursus sou volg, opgelei moes word. Die inhoud van die leerplan was hoofsaaklik prakties gerig en het veral uit die volgende afdelings bestaan: toestel- en bodemgimnastiek, atletiek, swem, spele

(wat onder andere tennis, handbal asook kleinterreinspele ingesluit het) en boks en stoei (mans) (Smith, 1939b:4).

Omdat die Transvaalse Onderwysdepartement in 1939 gevoel het dat die onderwyspersoneel in Transvaal beter toegerus moes wees onder andere op die gebied van Liggaamlike Opvoedkunde, is daar besluit om spesiale vakansiekursusse met hierdie doel voor oë aan te bied. Smith was betrokke by twee van hierdie vakansiekursusse in Liggaamlike Opvoedkunde. Die eerste kursus is gehou op 2 tot 7 Oktober 1939 en is aangebied by die Potchefstroomse Onderwyskollege (Meijer, 1939:47). Die tweede kursus is van 7 tot 12 Oktober 1940 ook by die Potchefstroomse Onderwyskollege aangebied (Coetzee, 1940:48). Onderwysers van oor die hele Transvaal het die kursusse bygewoon. Die hoofdoel van die kursusse was om die onderwysers te voorsien van 'n maksimum hoeveelheid stof en om hulle te wys hoe om dit aan die leerlinge oor te dra (Coetzee, 1940:49).

Die inhoud van die kursusse was baie omvattend. Volgens Coetzee (1940:49) het "... dit ingehou vanaf die mees eenvoudige spele vir die allerjongste outjies op Juniorskool tot die mees gevorderde toestelwerk vir die grootste seuns op die middelbare skool." Die volgende aktiwiteite is aangebied: atletiek, handbal (Duits), toestel- en bodemgimnastiek, swem, tennis, vryoefeninge (Sweeds) asook georganiseerde spele en kleinterreinspele (Smith, 1939c:1). Die massa werk wat in hierdie kort tydjie afgehandel is, was werklik verbasend (Coetzee, 1940:48). Dit kon onder andere toegeskryf word aan die sistematiese en kernagtige wyse waarop Smith te werk gegaan het.

Die metodiek wat deur Smith tydens die kursusse gebruik is, was 'n uitstaande kenmerk van die kursusse (Coetzee, 1940:48). Smith het die vermoë gehad om elke aktiwiteit baie sistematies uiteen te sit. Hieroor het Coetzee geskryf:

> "Elke soort oefening is so trapsgewyse opgebou dat die moeilikste daarvan selfs eenvoudig voorgekom het ... " (Coetzee, 1940:48).

Duidelikheid en kernagtigheid was altyd kenmerkend van die lesings wat deur Smith gelewer is. Volgens Meyer (1939:47) het die taktvolle wyse waarop Smith sy lesings gegee het en sy persoonlike vriendelikheid baie daartoe bygedra om die lesse aangenaam te maak. Meijer (1939:47) maak verder melding van die "... simpatieke en geduldige wyse ..." waarop Smith die onhandiges bygestaan het.

Smith het besondere klem gelê op die bystand en hulpverlening by die uitvoering van die aktiwiteite. Daar is prakties gedemonstreer hoedat hulp by elke oefening verleen moes word en wel in so 'n mate "... dat die gevaar van ongelukke totaal uitgesluit is" (Coetzee, 1940:49).

Verder het Smith as deel van sy metodiek besonder klem gelê op die wyse waarop apparaat hanteer en versorg moes word. Hieroor het Meijer die volgende gesê:

> "Aan die onderwysers is verduidelik hoedat hierdie soort toestelle hanteer moes word, hoedat die toestelle versorg en opgepas moes word, ten einde die beste diens uit hulle te verkry; want alleen as die toestelle goed versorg word, kan hulle duursaam wees" (Meijer 1939:47).

By die aanbied van lesings het Smith ook dikwels gebruik gemaak van oudiovisuele hulpmiddele soos onder andere die rolprent. Hy was van mening dat die rolprent 'n belangrike rol moes speel in die onderrig van Liggaamlike Opvoedkunde.

Dat Smith daarin geslaag het om die vakansiekursusse baie doeltreffend en suksesvol aan te bied, blyk uit die opmerkings van die volgende persone:

- Prof. P.J. van der Merwe (Prinsipaal van die Potchefstroomse Onderwyskollege): "Gedurende die Oktobervakansie was hier 'n geslaagde kursus vir Liggaamlike Opvoeding vir diensdoende onderwysers aangebied. Aan entoesiasme het dit sekerlik nie ontbreek nie" (POK, 1939c)

- P.W.J. Meyer: "Vir ons onderwysers het die week verby gevlieg, maar ons het baie geleer. Vol moed gaan ons terug na ons werkkringe. Nogmaals wil ons 'n woordjie van waardering aan mnr. Smith rig vir die manier waarop hy sy lesings gehou het. Tereg voel ons dat die skoliere wat langs hierdie weg Liggaamlike Opvoeding gaan ontvang, baie voorliefde vir die vak sal ontwikkel" (Meijer 1939:47).

- H.A. Coetzee: "Uit nuttigheidsoogpunt kan die waarde van hierdie kursus moeilik bepaal word. Elke onderwyser wat die kursus bygewoon het, is hier weg met 'n heeltemal ander idee van wat Liggaamlike Opvoeding werklik is, as wat hy hier mee gekom het. Die noodsaaklike gevolg is dat by elke skool waar een van hierdie onderwysers werksaam is, liggaamsoefeninge op 'n baie interessante en doeltreffender wyse aangebied sal word as wat tot dusver die geval was" (Coetzee, 1940:49).

### 5.3.2.4 Algemeen

Die wyse waarop Smith as persoon die taak van opleiding van studente en onderwysers in Liggaamlike Opvoedkunde hanteer het, het in 'n groot mate bygedra tot die ontwikkeling van die vak aan die Kollege. In die vorige paragraaf is reeds melding gemaak van die vriendelike sowel as die simpatieke en geduldige wyse waarop hy die studente behandel het. Verder het die feit dat hy sy taak met soveel entoesiasme en ywer aangepak het tot gevolg gehad dat die vak "... die verdiende aandag van die outoriteite..." begin kry het (Smith, 1939c:1). Die resultaat was dat die vak definitiewe vooruitgang aan die Kollege getoon het want in die Jaarverslag van die Prinsipaal van die Kollege van 1939 is die volgende in die verband geskryf:

> "Die kursus in Liggaamlike Opvoeding vir beide mans en dames maak geweldige opgang" (POK, 1939).

Smith het besondere inisiatief aan die dag gelê en nie geskroom om projekte aan te pak wat die opleiding van studente sou verbeter of wat die studente se belangstelling sou prikkel nie. So byvoorbeeld is daar geskiedenis gemaak toe Smith voorgestel het dat die studente in Liggaamlike Opvoedkunde van die Universiteit van Stellenbosch teen die Liggaamlike Opvoedkundestudente van die Potchefstroomse Onderwyskollege sou meeding in "'n alsydigheidswedstyd" (Anon., 1944b:48). Die twee inrigtings se studente het meegeding in die volgende sportsoorte: handbal, tennis, hokkie, boks, stoei, atletiek en gimnastiek. In 'n verslag oor die wedstryd wat in Liggaamsopvoeding (November 1944) verskyn het, is die volgende opmerkings gemaak:

> "Die stryd was taai en baie vermoeiend vir die deelnemers. Maar die wedstryd was ongetwyfeld 'n propaganda vir die Liggaamsopvoeding. Die waardering van mekaar se werk was groot en dit moet Liggaamsopvoeding ten goede kom. Mnr. Smith, wat die hele organisasie op sy skouers gehad het, verdien 'n woord van hulde vir die manier waarop hy die geweldige hoeveelheid werk verrig het" (Anon., 1944b:50).

Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat Smith se persoonlikheid, wat eienskappe soos doelgerigtheid, sistematiek, deeglikheid, entoesiasme, werksywer en deursettingsvermoë ingesluit het, 'n besliste rol gespeel het ten opsigte van die bevordering van opleiding van studente in Liggaamlike Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Onderwyskollege.

### 5.3.3 DAARSTELLING EN VERBETERING VAN SPORT- EN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDEFASILITEITE EN -APPARAAT

Daar is 'n noue verband tussen die standaard van opleiding en die standaard van fasiliteite en apparaat tot die beskikking van die persoon of instansie wat in beheer van opleiding staan. Dieselfde stelling kan gemaak word ten opsigte van die beskikbaarheid en gehalte van

sportfasiliteite en die aard en gehalte van sport wat dienooreenkomstig beoefen word. Die rol wat Smith gespeel het ten opsigte van die daarstelling en verbetering van sport- en Liggaamlike Opvoedkundefasiliteite sowel as -apparaat aan die Potchefstroomse Onderwyskollege word kortliks in die volgende paragrawe bespreek.

Met Smith se aanstelling in 1936 het die Potchefstroomse Onderwyskollege oor weinig sport- en Liggaamlike Opvoedkundefasiliteite beskik. Uit die literatuur blyk dat dit daar geen gimnasium of bykomstige apparaat vir Liggaamlike Opvoedkundedoeleindes beskikbaar was nie en dat die Kollege slegs oor twee voetbalvelde en een korfbalbaan beskik het (POK, 1943a:2). Daar was blykbaar ook 'n paar tennisbane op die terrein waar die huidige hoofgebou tans is want in die inspeksieverslag oor die Potchefstroomse Onderwyskollege na aanleiding van inspeksie wat van 13 tot 17 Mei 1938 plaasgevind het, is die volgende gemeld:

> "Die Hoof was verplig om 'n nuwe sportterrein uit koshuisfondse aan te koop aangesien die voorgestelde Kollegegebou op die huidige tennisbane opgerig sal word" (TOD, 1938a:4).

Smith het hom na sy aanstelling daadwerklik beywer vir die daarstelling en uitbouing van Liggaamlike Opvoedkunde- en sportfasiliteite sowel as -apparaat. So byvoorbeeld word daar in die jaarverslag oor die werksaamhede van die afdeling Liggaamlike Opvoedkunde in 1939 die volgende ten opsigte van uitrusting gemeld:

> "Die Potchefstroomse Normaalkollege is voorsien van die allerbeste uitrusting. Die nuwe tennisbane is reeds klaar, die aanlê van sportvelde (nuut) is begin en 'n ginmastieksaal sal aanstaande jaar ingewy word. Hierdie voorregte stel ons instaat om met die beste van oorsese lande te kan kompeteer" (Smith, 1939e:1).

Tydens Smith se dienstydperk aan die Potchefstroomse Onderwyskollege het die daarstelling van die volgende Liggaamlike Opvoedkunde- en sportfasiliteite plaasgevind:

- 1939 - Ses tennisbane met 'n klubhuis

- 1939 - Handbalveld (Een van die rugbyvelde is omskep)
- 1940 - Gebou vir Liggaamlike Opvoedkunde met stoor-, verklee- en badkamers
- 1940 tot 1942 - Atletiekbaan
- 1941 - Hokkieveld
- 1942 - Nog 'n voetbalveld
- 1943 - Pawiljoen
- 1943 - Vyf jukskeibane
- 1943 - Twee korfbalbane (In aanbou)

(POK, 1943a:2).

Benewens die aandeel wat Smith gehad het in die totstandkoming en uitbouing van sport- en Liggaamlike Opvoedkundefasiliteite aan die Potchefstroomse Onderwyskollege het hy 'n besondere bydrae gelewer tot die uitbreiding van die Liggaamlike Opvoedkunde- en sportapparaat wat veral deur die afdeling Liggaamlike Opvoedkunde van die Kollege gebruik is. Smith het gedurende die tydperk wat hy in Europa gestudeer het (in 1938) 'n verskeidenheid apparaat en literatuur daar aangekoop (Smith, 1982). Die finansies daarvoor is deur die Transvaalse Onderwysdepartement voorsien. Op hierdie wyse het die Potchefstroomse Onderwyskollege die meeste van sy gimnastiekapparaat bekom (Smith, 1982). In die Jaarverslag van die Prinsipaal van die Potchefstroomse Onderwyskollege van 1941 is die volgende oor die apparaat gemeld:

> "Verder, wat uitrusting betref is die Kollege nou in besit van die modernste apparaat vir die Liggaamlike Opvoeding Departement" (POK, 1941).

Aangesien toestelle soos die brug, die rekstang, die perd, die kas, die springplank en ringe op daardie stadium nog redelik onbekend in Suid-Afrika was, was die Kollege een van die eerste inrigtings om hiermee toegerus te word. Dat hierdie toestelle oor die algemeen nog 'n aardigheid in Suid-Afrika was, blyk uit die volgende aanhaling uit die verslag oor die eerste vakansiekursus in Liggaamlike Opvoedkunde wat in Oktober 1939 deur Smith aangebied is:

"Baie nuuskierig het die onderwysers dan ook die Maandagmôre van 2 Oktober, die toestelle bewonder, waaroor hulle binnekort sou kon wip. Ons is almal getref deur die stewigheid, geskiktheid ens. van die toestelle" Meijer, 1939:46).

Smith het dus 'n besonder bydrae gelewer tot die uitbouing van die apparaat - in besondere dit wat nodig was vir toestelgimnastiek - aan die Potchefstroomse Onderwyskollege. Hierdeur het hy 'n verdere bydrae gelewer deur dié apparaat aan studente en onderwysers, veral in Transvaal, bekend te stel.

Samevattend kan dit gestel word dat Smith daarin geslaag het om 'n positiewe bydrae te lewer tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde en sport aan die Potchefstoomse Onderwyskollege omdat hy hom daarvoor beywer het om die fasiliteite sowel as die apparaat waarmee Liggaamlike Opvoedkunde en sport beoefen moes word, aan te skaf en uit te bou.

## 5.3.4 VERTONINGS

Liggaamlike Opvoedkunde was aan die begin van die neëntiende eeu hoofsaaklik in die vorm van drill en liggaamsoefeninge aan die publiek van Suid-Afrika bekend. Die vak Liggaamlike Opvoedkunde wat uit baie meer fasette/afdelings as slegs oefeninge bestaan het, het geleidelik vanaf die dertiger- en veertigerjare in Suid-Afrika gevestig geraak (Kyk 2.3). Om die publiek bewus te maak van wat die vak Liggaamlike Opvoedkunde werklik behels kon daar van verskillende metodes gebruik gemaak word. Een van die metodes was om vertonings te hou. Met vertonings word in die eerste instansie bedoel Liggaamlike Opvoedkundevertonings wat die vak as geheel of 'n gedeelte daarvan deur middel van hoofsaaklik praktiese demonstrasies bekend sou stel en in die tweede instansie, vertonings wat op een faset/afdeling van die vak, byvoorbeeld gimnastiek sou konsentreer.

Die aanbieding van bogenoemde vertonings kon onder andere die volgende voordele gehad het:

1. Die publiek en ander oningeligtes is vertroud gemaak met die aard en inhoud van Liggaamlike Opvoedkunde.

2. Die goeie beeld van die instansie wat die vertoning aangebied het, is na buite gedra.

3. Voornemende studente kon beïnvloed word om verder in die vak te studeer.

Smith was verantwoordelik vir die organisasie en/of aanbieding van 'n hele paar vertonings wat verband gehou het met Liggaamlike Opvoedkunde tydens sy verbondenheid aan die Potchefstroomse Onderwyskollege. Hy het reeds gedurende die jare wat hy onderwys gegee het, ondervinding in die verband opgedoen. Pas nadat hy in 1936 by die Potchefstroomse Onderwyskollege aangestel is, het Smith as organiseerder van 'n Liggaamskultuurvertoning opgetree. Op die program het die name van die volgende inrigtings verskyn wat aan die vertoning deelgeneem het:

> "Normaalkollege, Universiteitskollege, High School for Girls, Hoër Volkskool, Hoër Gimnasium, High School for Boys, Demonstrasieskool" (Anon., 1936:1).

Die inisiatief vir die aanbied van hierdie vertoning is deur die Potchefstroomse Onderwyskollege geneem en het onder leiding van Smith gestaan. Die volgende verskeidenheid items is aangebied:

| Dames | Mans |
|---|---|
| Spanoefeninge | Marsjeeroefeninge |
| Liggaamsoefeninge (Vertoning) | Liggaamsoefeninge |
| Liggaamsoefeninge | Gimnastiekoefenings |
| Volksdanse | |

(Anon., 1936:1).

Die doel van die vertoning was onder andere om Liggaamlike Opvoedkunde en verskeie van sy fasette aan die skole bekend te stel want al die sekondêre- en primêre skole van die omgewing is uitgenooi (POK, 1936a:1).

In 'n skrywe aan die Sekretaris van die Transvaalse Onderwysdepartement het die Prinsipaal die volgende geskryf ten opsigte van die doel van die vertoning:

> "Hierdie uitvoering meen ons moet dien om aan die Departement te toon wat skole kan en behoort te doen op die gebied van Liggaamskultuur en terloop (sic) die instelling deur die Departement van hierdie besondere kursus aan die Normaalkolleges te regverdig" (POK, 1936b:1).

Die vertoning was suksesvol en het goeie vrugte afgewerp. So byvoorbeeld was die hoof van die Potchefstroomse Onderwyskollege, prof.. P.J. van der Merwe van mening dat hierdie vertoning 'n goeie poging was "... in launching the matter of physical education on a bigger scale than provided for in the past by the country schools" (POK, 1936c:1).

Dat bogenoemde vertoning 'n stimulerende invloed gehad en 'n positiewe gesindheid ten opsigte van die vak bewerkstellig het, blyk onder andere uit die feit dat Smith deur verskeie instansies daarna genader is om behulpsaam te wees met "liggaamsoefeninguitvoerings" (POK,1937a:1) of "liggaamsoefeningdemonstrasies" (POK, 1937b:1).

Ter bevordering van die vak was Smith voortdurend betrokke by groter vertonings en/of kleiner demonstrasies rakende Liggaamlike Opvoedkunde. Hier onder word slegs 'n paar voorbeelde ten opsigte van bogenoemde vermeld:

- In 1937 het die Potchefstroomse Onderwyskollege byvoorbeeld 'n Gesondheidsdag met behulp van die skole van die dorp, die stadsraad, die Kamer van Koophandel en ander aanverwante organisasies georganiseer. Dit was 'n reuse poging waaraan onder

andere dertig inrigtings deelgeneem het (POK, 1937c). Smith was in beheer van die vertoning. Volgens sy gade het die vertoning so 'n indruk op die destydse Minister van Finansies gemaak, dat hy aan Smith 'n beurs vir verdere studie in Liggaamlike Opvoedkunde, namens die Unie-Onderwysdepartement, aangebied het (Smith, 1982). (Na verdere onderhandelinge aanvaar Smith uiteindelik 'n beurs van die Transvaalse Onderwysdepartement waarmee hy in 1938 in Europa gestudeer het.)

- Smith het opgetree as organiseerder en moes voorbereidings tref ten opsigte van die vertoning wat deur Niels Buhh en sy gimnaste in Potchefstroom in 1939 gelewer is (POK, 1939b:1).

- In 1940 was Smith in beheer van die Liggaamlike Opvoedkundevertoning wat gehou is tydens die opening van die Liggaamlike Opvoedkundegebou van die Potchefstroomse Onderwyskollege. Hierbenewens het sy studente by verskeie geleenthede kleiner demonstrasies gelewer soos onder andere tydens die vakansiekursus in Liggaamlike Opvoedkunde wat in Oktober 1940 by die Potchefstroomse Onderwyskollege aangebied is (Coetzee, 1940:48).

- In 1943 het Smith 'n toer met die studente wat die Spesiale Kursus in Liggaamlike Opvoedkunde geneem het onderneem. Die doel van die toer was "... om aan verskillende onderwysinrigtings demonstrasies te gee van oefeninge soos vervat in die nuwe leerplanne asook demonstrasie-lesse" (POK, 1943b:1). Die toer het ongeveer twee weke geduur. In die voorafbeplanning van die toer blyk dit dat die volgende plekke besoek sou word: "Krugersdorp, Pretoria, Potgietersrust, Nylstroom, Pietersburg en indien moontlik Heidelberg en Standerton asook een of twee plekke in die Westelike Transvaal" (POK, 1943b:1).

Smith het so 'n toer soos bogenoemde veel wyer gesien as slegs 'n reeks demonstrasies wat gegee sou word. Benewens die feit dat hy die vak wou bekend stel deur middel van die demonstrasie van oefeninge deur studente self en deur middel van die gee van

demonstrasielesse deur die studente, het hy dit ook as doel gestel dat die studente ervaring moes opdoen ten opsigte van die organisasie van toere (Smith, 1943:1). Verder het hy die toer as 'n baie belangrike middel beskou om propaganda vir die vak maar ook vir die Potchefstroomse Onderwyskollege te maak.

Dat hierdie toer besonder geslaagd was blyk uit die verslag wat deur die TOD uitgebring is na 'n besoek aan die Kollege in 1944 en waarin soos volg melding van die toer gemaak word:

> "Hierdie vertoning van gimnastiek was van besonder hoë gehalte en strek beide lektor en studente tot eer" (TOD, 1944:1).

Die ure wat Smith spandeer het aan die organisasie, inoefening, en aanbieding van groot vertonings, kleinere demonstrasies en toere in Liggaamlike Opvoedkunde was nie vrugteloos nie. Uit bogenoemde bespreking blyk dit duidelik dat hy daardeur 'n besliste bydrae gelewer het ten opsigte van die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde en sport aan die Potchefstroomse Onderwyskollege.

## 5.3.5 BYDRAE TOT ONTWIKKELING VAN SPORT

Aangesien daar 'n spesiale afdeling in hierdie hoofstuk gewy word aan die bydrae wat Smith gelewer het tot die ontwikkeling van sport in die algemeen in Suid-Afrika sal daar in die volgende paragrawe slegs 'n kursoriese oorsig gegee word oor die bydrae wat hy op hierdie terrein gelewer het tydens sy verbondenheid aan die Potchefstroomse Onderwyskollege.

Met Smith se aanstelling in 1936 as dosent aan die Potchefstroomse Onderwyskollege is daar van hom verwag om benewens sy doseerwerk en ander verpligtinge wat daarmee saamgehang het ook behulpsaam te wees met die organisasie en afrigting van sport wat deur die studente as

"buite-aktiwiteit" beoefen is (POK, 1939a:1). Ongeag moeilike omstandighede, soos onder andere die beperkte fasiliteite wat tot sy beskikking was, het Smith die taak ywerig aangepak. Die resultaat van sy arbeid was sodanig dat daar in 'n inspeksieverslag van die Kollege vanaf (13 tot 17 Mei 1938) spesiaal melding gemaak is van die waardevolle werk wat reeds deur Smith ten opsigte van sportaktiwiteite verrig is (TOD, 1938a:2).

Waar die Kollege in 1936 (met Smith se aanstelling) slegs enkele sportsoorte beoefen het en daar geringe fasiliteite beskikbaar was, is daar in 1944 (Smith se laaste diensjaar aan die Kollege) 'n groot aantal sportsoorte beoefen met uitgebreide fasiliteite tot hul beskikking. (Kyk 5.3.3). Gedurende hierdie jaar het die Kollege die volgende sportsoorte beoefen: rugby, hokkie, krieket, tennis, korfbal, netbal, boks, stoei, atletiek en gimnastiek (TOD, 1944:1). Hierdie besondere aandag wat aan sport gegee is en die groei wat daar in dié verband aan die Kollege plaasgevind het, kan in 'n groot mate aan die toedoen van Smith toegeskryf word. Op indirekte wyse het die inset wat hy as dosent in Liggaamlike Opvoedkunde gelewer het, deurgesuurdeeg na die beoefening van sport in buitemuurse verband. In 'n verslag oor die buite-aktiwiteite van die Kollege in 1944, is daar onder andere melding gemaak van die besondere hoë gehalte van die Kollegestudente se gimnastiekvertonings (TOD, 1944:1).

Die verslag lui voorts:

> "Dit is seker ook omdat die spesiale kursus hier gevolg word dat liggaamsopvoeding en sport so 'n baie belangrike plek hier inneem" (TOD, 1944:1).

As gevolg van Smith se betrokkenheid by die opleiding van studente in Liggaamlike Opvoedkunde en sy bekwaamheid in die verband het hy dus op indirekte wyse invloed gehad op die ontwikkeling van sport aan die Potchefstroomse Onderwyskollege aangesien die meeste studente in Liggaamlike Opvoedkunde ook intens betrokke was by die sport van die Kollege.

Smith was ook direk betrokke by verskillende sportsoorte aan die Potchefstroomse Onderwyskollege; hetsy in administratiewe hoedanigheid of as afrigter. Dat die Kollege Smith besonder hoog as afrigter geag het blyk uit die jaarverslag van 1939 waarin melding gemaak word van die feit dat Smith by die Kollege aangestel is en die opleiding en afrigting van manstudente aan die Kollege waargeneem het. Hieroor is die volgende geskryf:

> "Egter het deskundige afrigting nog altyd in ons land ontbreek waaraan (sic) die Potchefstroomse Normaalkollege nou volkome voorsiening gemaak het" (Smith, 1939c:1).

Gedurende Smith se dienstydperk aan die Potchefstroomse Onderwyskollege het hy ook diens aan sport in Wes-Transvaal gelewer. Benewens sy betrokkenheid by die sport van die Potchefstroomse Onderwyskollege en Potchefstroomse Universiteit het hy onder andere op die uitvoerende bestuur van die Potchefstroom Interklub Atletiek Assosiasie (later die Wes-Transvaalse Amateur Atletiekbond) gedien en het hy as bron van inligting gedien aan afrigters oor die hele Wes-Transvaal (Smith, 1982). (Hieroor volg egter 'n volledige bespreking in die afdeling en die hoofstuk wat handel oor sy bydrae tot die ontwikkeling van sport in die algemeen in Suid-Afrika. (Kyk 5.6).

### 5.3.6 ALGEMENE BYDRAES

Tydens Smith se verbondenheid aan die Potchefstroomse Onderwyskollege het hy, benewens die aspekte wat reeds bespreek is, ook op ander terreine van die vak bydraes gelewer ter bevordering van Liggaamlike Opvoedkunde en sport in die algemeen. Hier word veral gedink aan aspekte soos die aanbied van liggaamsoefeningeklasse aan die publiek, die hulp wat hy aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys verskaf het ten opsigte van die aanbieding van klasse in Liggaamlike Opvoedkunde asook navorsingwerk wat gedurende hierdie tydperk deur hom gedoen is.

Ten spyte van die groot werkslading het Smith nog sy weg oopgesien om een keer per week na Parys te ry waar hy liggaamsoefeningklasse vir die publiek aangebied het (Smith, 1982). Hy het op Donderdagaande klasse gegee vir lede van die Paryse Gimnastiekklub en wel soos volg:

- 17h00 - 18h00 - kinders (3 - 6 jaar)
- 18h30 - 19h30 - dames
- 19h30 - 20h30 - Mans (Smith, 1940f:1)

Die inhoud van die lesse het bestaan uit:

1. Vrystaande oefeninge
2. Apparaatgimnastiek
3. Spele
4. Lesings oor gesondheid en Liggaamlike Opvoekundige onderwerpe

Die groot aantal deelnemers aan hierdie klasse, naamlik vyftig mans, veertig dames en tien kinders kan daarvan getuig dat die klasse wat deur Smith aangebied is, groot byval gevind het (Smith, 1940F:1).

Vanaf 1 Augustus 1940 het Smith in samewerking met mej. E. Hartmann hulp aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys verskaf ten opsigte van die opleiding van die Universiteits-onderwysdiplomastudente. Benewens hul werk aan die Onderwyskollege het hul twee namiddae in die week, dit wil sê vyf uur per week, spandeer aan die doseer van Liggaamlike Opvoedkunde op die kampus van die Universiteit (PU vir CHO, 1940:1). Die kursus in liggaamsoefening was verpligtend vir alle Universiteits-onderwysdiplomastudente en het "... al die bekende vorme van fisiese beweging, soos dril, gimnastiek en atletiek omvat" (PU vir CHO, 1941:109). Toe die Universiteit van Suid-Afrika in 1942 'n leergang vir Liggaamlike Opvoedkunde, naamlik 'n eenjarige B.A.-kwalifiserende kursus, aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys erken het, is Smith en Hartmannn gevra om hierdie kursus te behartig vir nog 'n ekstra twee periodes per week (PU vir CHO, 1942:1). Smith was ook verantwoordelik vir die samestelling van die leerplanne van bogenoemde kursusse. Dat die Potchefstroomse Universiteit vir

Christelike Hoër Onderwys hoë agting gehad het vir die werk wat deur Smith gelewer is, getuig uit die feit dat hul juis hom as senior lektor in Liggaamlike Opvoedkunde aan die Universiteit aangestel het, toe die pos in 1945 geskep is (De Klerk, 1977: 3).

Tydens sy verbondenheid aan die Potchefstroomse Onderwyskollge het Smith hom ook besig gehou met verdere studies en navorsing op sy vakgebied en wel in so 'n mate dat hy sy M.Ed.-graad in 1944 verkry het met die verhandeling: 'n Histories-kritiese ondersoek na die opleiding van onderwysers in liggaamlike opvoeding op die openbare skole (Smith, 1944). In die Voorwoord van die verhandeling het Smith gemeld dat hy reeds in 1936, toe hy as dosent aan die Potchefstroomse Onderwyskollege benoem is om onderwysers vir Liggaamlike Opvoedkunde op te lei, die noodsaaklikheid van so 'n studie gevoel het. Verder meld hy dat hy die prikkelende studie begin het "... met 'n vurige begeerte om 'n geringe bydrae te lewer tot bevordering van die Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika" (Smith, 1944:II).

### 5.3.7 SAMEVATTING

Smith was die eerste persoon wat permanent as dosent in Liggaamlike Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Onderwyskollege aangestel is. Hy was hoofsaaklik verantwoordelik vir die doseer van Liggaamlike Opvoedkunde aan die Kollege maar moes ook behulpsaam wees met die organisasie en doseer van voortsettingsklasse vir diensdoende onderwysers (POK, 1939a:1). Hierbenewens was hy ook verantwoordelik vir die administrasie en afrigting van verskeie sportsoorte aan die Onderwyskollege. Op beide terreine naamlik dié van Liggaamlike Opvoedkunde sowel as dié van sport het hy baanbrekerswerk gedoen en was hy ook daarvoor verantwoordelik dat daar drastiese ontwikkeling op albei terreine plaasgevind het.

Ontwikkeling op die gebied van opleiding van studente in Liggaamlike Opvoedkunde is veral verkry deurdat Smith verantwoordelik was vir die

instelling en uitbouing van kursusse en vakrigtings en samestelling van leerplanne in Liggaamlike Opvoedkunde en die aanbied van lesings en kursusse aan diensdoende onderwysers in Transvaal. Smith se persoonlike optrede as dosent , dit wil sê sy entoesiasme, werkywer en doelgerigtheid ten opsigte van aanbieding van die vak het ook 'n besliste rol gespeel om die gehalte van die opleiding van Liggaamlike Opvoedkunde aan die Kollege te verhoog.

Smith het hom besonder beywer vir die daarstelling en verbetering van sport- en Liggaamlike Opvoedkundefasiliteite aan die Potchefstroomse Onderwyskollege. Die feit dat die kwantiteit sowel as gehalte van fasiliteite en apparaat aan die Kollege aansienlik verbeter het gedurende die nege jaar wat Smith aan die inrigting verbonde was, het onder andere daartoe aanleiding gegee dat die standaard van Liggaamlike Opvoedkunde en sport wat deur die studente beoefen is 'n verbetering getoon het.

Smith was verantwoordelik vir die organisasie en aanbieding van heelwat vertonings wat verband gehou het met Liggaamlike Opvoedkunde. Op hierdie wyse is die publiek en ander oningeligtes met die aard en inhoud van die vak bekend gestel en kon voornemende studente beïnvloed word om verder in die vak te studeer. As gevolg van die propagandawaarde daarvan kon hierdie vertonings 'n positiewe bydrae lewer tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde en sport in Suid-Afrika.

Tydens Smith se verbondenheid aan die Potchefstroomse Onderwyskollege was hy intens betrokke by die sportbedrywighede van die Kollege, hetsy in administratiewe hoedanigheid, hetsy ten opsigte van afrigtingswerk. Hy het egter nie net hulp aan die Kollege verskaf in dié verband nie, maar was ook van diens in wyer sportkringe as gevolg van sy betrokkenheid by die sport van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys sowel as die van die Wes-Transvaalse provinsiale liggame.

Benewens bogenoemde aspekte het Smith (gedurende sy verbondenheid aan die Potchefstroomse Onderwyskollege) verdere bydraes gelewer tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde en sport deurdat hy liggaamsoefeningklasse aan lede van die publiek in Parys gegee het en

hulp aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys verskaf het ten opsigte van die opleiding van universiteitstudente wat Liggaamlike Opvoedkunde as vak geneem het. Hierbenewens het hy hom ook besig gehou met verdere studie en navorsing op sy vakgebied.

Samevattend kan dus opgemerk word dat Smith se bydrae tot die ontwikkeling van Liggaaamlike Opvoedkunde en sport, tydens sy verbondenheid aan die Potchefstroomse Onderwyskollege, gekenmerk is deur veelsydige dienslewering op verskeie terreine van die vak. Hy het op 'n besondere wyse daarin geslaag om balans te handhaaf ten opsigte van die verskaffing van doeltreffende opleiding, dienslewering na buite en navorsingswerk op die vakgebied.

## 5.4 SMITH SE BYDRAE TOT DIE ONTWIKKELING VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE EN SPORT AAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

### 5.4.1 INLEIDING

Voordat daar 'n begin gemaak kan word met 'n bespreking van die bydrae wat Smith gelewer het ten opsigte van die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde en sport aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, is 'n kort oorsig oor die stand van sake rakende Liggaamlike Opvoedkunde en sport aan die Universiteit, voordat Smith daar aangestel is, nodig. Teen hierdie agtergrond kan daar met groter begrip bespreking gevoer word oor die omstandighede waaronder Smith moes begin werk en in hoe 'n mate daar ontwikkeling as gevolg van sy toedoen plaasgevind het.

Van onderrig in die vak Liggaamlike Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Universiteit was vir die eerste keer sprake in die begin van 1935 toe dit as 'n verpligte vak vir die Universiteits-onderwysdiplomastudente (U.O.D.-studente) ingestel is (Du Plessis, 1977:1). Hierdie kursus was

aanvanklik alleen tot mansstudente beperk. Vanaf 1939 was dit egter verpligtend vir alle U.O.D.-studente (mans en dames). Die klasse vir mans is deur kaptein Kiely en die klasse vir dames deur mej. Carlsen behartig. Albei het die werk op tydelike en deeltydse basis gedoen (Du Plessis, 1977:2). Volgens du Plessis (1977:2) het alles blykbaar gedurende 1939 goed verloop, want teen die einde van daardie jaar is besluit om die materiaal van die ou sinkgeboue te gebruik vir die oprigting van 'n saal vir liggaamsoefeninge. Die geboutjie (12 meter by 18 meter) het op die terrein gestaan waar die Sielkundegebou tans opgerig is (De Klerk, 1977:5).

Gedurende 1940 het etlike probleme in verband met die liggaamsoefeninge opgeduik. Die hele saak is vir ondersoek na die Fakulteit van Opvoedkunde verwys en na sorgvuldige oorweging is aanbeveel dat die Transvaalse Onderwysdepartement versoek moes word dat die lektor en lektrise aan die Potchefstroomse Onderwyskollege die liggaamsoefeninge aan die Universiteit moes waarneem (Du Plessis, 1977:3). Die gevolge van hierdie aanbeveling was dat mnr. D.P.J. Smith en mej. E. Hartmannn van die Potchefstroomse Onderwyskollege (op daardie stadium) vanaf 1940 die werk in verband met Liggaamlike Opvoedkunde vir mans en damestudente onderskeidelik deeltyds behartig het.

Teen die einde van 1941 is daaraan gedink om aan die vak Liggaamlike Opvoedkunde, wat tot op daardie stadium nog net vir U.O.D.-studente verpligtend was, uit te brei en oop te stel sodat ander studente in die geleentheid gestel kon word om een of ander kwalifiserende kursus daarin te neem. Gevolglik is bepaal dat Liggaamlike Opvoedkunde van die begin van 1942 af as 'n eenjarige kwalifiserende kursus vir die B.A.-graad geneem kon word, dat die vak onder die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte sou ressorteer en dat van die Transvaalse Onderwysdepartement toestemming gevra sou word dat mnr. Smith en mej. Hartmann ook hierdie kursus sou behartig. Volgens du Plessis (1977:3) was hierdie reëling wat aan die begin van 1942 in werking getree het baie belangrik want daarmee is 'n begin gemaak met 'n kursus wat later tot 'n hele departement sou ontwikkel.

In 1944 het die Senaat van die PU vir CHO die volgende beskrywingspunt na die Senaat van die Universiteit van Suid-Afrika deurgestuur:

> "Dat 'Liggaamlike Opvoeding' waarvoor daar reeds 'n eenjarige kursus ingestel is, uitgebrei word tot 'n driejarige kursusvak, sodat die vak as 'n volledige hoofvak vir die grade B.A. en B.Sc. geneem mag word, en versoek dat die PUK toegelaat sal word om met die tweede kursus in Liggaamlike Opvoeding in 1945 en met die derde in 1946 'n aanvang te maak" (Du Plessis, 1977:5).

Die Senaat van die Universiteit van Suid-Afrika was nie te vinde vir Liggaamlike Opvoedkunde as driejarige hoofvak nie, maar wel om aan te beveel dat dit as 'n tweejarige hoofvak vir B.A. en B.Sc. ingestel sou word, waarmee die Potchefstroomse Universiteit heeltemal genoeë geneem het (Du Plessis, 1977:5). Met die instelling van Liggaamlike Opvoedkunde as tweejarige hoofvak het daar 'n nuwe departement aan die PU vir CHO tot stand gekom en was die groot vraag toe onder watter fakulteit dit moes ressorteer. Die Senaat wat eerste aan die saak aandag gegee het, het aanbeveel dat: "Liggaamlike Opvoeding onder die Fakulteit van Opvoedkunde moes ressorteer; prof. J.C. Coetzee as hoof van die nuwe departement sou optree; 'n senior lektor benoem en die pos aangebied word aan mnr. D.P.J. Smith van die Potchefstroomse Normaalkollege, wat alreeds vier jaar lank aan die P.U.K. deeltyds werksaam was" (Du Plessis, 1977:6). Hierdie aanbevelings is deur die onderskeie Fakulteite bekragtig. Die Senaatsbesluit, wat ook deur die Raad finaal bekragtig is, het die saak baie duidelik gestel, naamlik dat Liggaamlike Opvoeding, wat administratiewe reëlings betref, onder die Fakulteit van Opvoedkunde sou ressorteer, en dat dié Fakulteit dan aan die Fakulteit van Lettere en Natuurweteskappe sou rapporteer, terwyl die aanstelling van mnr. Smith as senior lektor van die begin van 1945 af ook bekragtig is (Du Plessis, 1977:b).

Dat Smith 'n gewilde keuse was en hoog deur die Potchefstroomse Universiteit aangeskryf is, blyk uit 'n skrywe van die Dekaan van Opvoedkunde (prof.. J. C. Coetzee) aan die Registrateur waarin hy Smith in die pos aanbeveel op grond van die volgende:

1. Sy lewens- en wêreldbeskouing : Christelik-nasionaal
2. Sy professionele bekwaamheid:
   - As vakkundige : uitstekend
   - As dosent : uitstekend
   - Maatskaplike optrede : baie goed
   - Persoonlikheid : sterk-innemend

Prof. Coetzee het verder die opmerking gemaak dat Smith beslis "... 'n aanwins vir die P.U.K." sou wees (Coetzee, 1944:1).

Smit is dus vanaf Januarie 1945 permanent as senior lektor aan die PU vir CHO benoem. In 1950 is hy bevorder tot professor van die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde (PU vir CHO, 1950:1). Hy het in hierdie hoedanigheid diens aan die Universiteit gelewer tot met sy aftrede in 1973. Tydens sy verbondenheid aan die PU vir CHO vir bykans 28 jaar, het Smith op verskeie terreine 'n bydrae gelewer tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde en sport aan die Universiteit. Hier word in besonder gedink aan die bekwame wyse waarop hy die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde geadministreer en beheer het. Hiermee saam hang sy beheer oor en verhouding met sy personeel. Smith het verder 'n besondere bydrae gelewer tot die vestiging en ontwikkeling van die vak aan die Universiteit veral ten opsigte van die instelling van kursusse en vakrigtings in Liggaamlike Opvoedkunde en die samestelling van leerplanne. Smith se vakkundigheid en veral die feit dat hy die vak in totaliteit geken het (maar tog ook in sekere rigtings gespesialiseer het) het hom in staat gestel om die studente wat aan hom toevertrou is 'n doeltreffende opleidng te gee. Hiermee saam hang die wyse waarop hy sy lesings aangebied het, sy metodiek sowel as die invloed wat hy op die studente gehad het. Smith het hom verder beywer vir die uitbouing van sport- en Liggaamlike Opvoedkundefasiliteite en verbetering ten opsigte van apparaat. Weens die feit dat hy op verskeie komitees en rade van die Universiteit gedien het en veral in die veral ten opsigte van die Universiteit se Sportkomitee, kon Smith ook 'n direkte positiewe bydrae lewer ten opsigte van sport aan die Universiteit en indirek ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkunde.

## 5.4.2 VESTIGING EN ONTWIKKELING VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE DEUR MIDDEL VAN DOELTREFFENDE ADMINISTRASIE EN BEHEER VAN DIE DEPARTEMENT VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE

### 5.4.2.1 Algemene administrasie en beheer van die Departement

Die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys is vandag stewig gevestig. Die werk wat daar gedoen word geniet, volgens De Klerk (1977:1) wye erkenning, nie net by Liggaamlike Opvoedkundiges nie, maar oor 'n wye interdissiplinêre terrein. Die uitbouing van 'n Departement verg egter deeglike begronding en daarna sistematiese beplanning. Die persoon wat vir hierdie baanbrekerswerk ten opsigte van die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde aan die PU vir CHO verantwoordelik was, was prof. D.P.J. Smith. Hy het sy hele akademiese lewe gewy aan die uitbouing van Liggaamlike Opvoedkunde. Hy het geveg vir die bestaansreg van die vak as wetenskap. Hy het ook geveg vir die verkryging van die nodige fasiliteite (De Klerk, 1977:1). Daarbenewens het hy as hoof van die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde die Departement met doeltreffendheid geadministreer en beheer daaroor uitgeoefen.

> "Die erfenis wat hy nagelaat het, was die gevestigde Departement van Liggaamlike Opvoedkunde en 'n skaar besielde, goed onderligde studente en navolgers" (De Klerk, 1977:1).

Met Smith se aanstelling in 1945 het Liggaamlike Opvoedkunde onder die Fakulteit van Opvoedkunde geressorteer terwyl prof. J.C. Coetzee (Dekaan van die Fakulteit van Opvoedkunde) aanvanklik as hoof van die nuutingestelde Departement van Liggaamlike Opvoedkunde sou optree (Du Plessis, 1977:5). Prof. J.C. Coetzee het spoedig agtergekom dat Smith 'n besondere vermoë gehad het om te organiseer. Volgens hom (Coetzee, 1983) was Smith so bekwaam dat hy (Coetzee) alles rakende die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde in Smith se hande gelaat het.

Oor Smith se aandeel ten opsigte van die vestiging van die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde het Coetzee die volgende gesê:

> "Hy het die Departement van Liggaamlike Opvoeding opgebou van die grond af" (Coetzee, 1983).

Vanweë die posisie wat Liggaamlike Opvoedkunde in die verskillende Fakulteite ingeneem het en as gevolg van die band met die Potchefstroomse Onderwyskollege is daar in 1947 oorgegaan om 'n Komitee vir Liggaamlike Opvoeding in te stel (PU vir CHO, 1947). Dit sou 'n Senaatskomitee wees, verantwoordelik vir die beheer oor Liggaamlike Opvoedkunde en is soos volg saamgestel: die Rektor, twee verteenwoordigers van die PU vir CHO (die dekaan van die Fakulteit van Opvoedkunde en die hoof van die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde), twee verteenwoordigers van die Potchefstroomse Onderwyskollege en die dekane van die Fakulteit van Natuurwetenskappe en Lettere en Wysbegeerte, met 'n lid van die Nasionale Raad vir Liggaamlike Opvoeding wat in adviserende hoedanigheid op die Komitee sitting sou hê. Volgens Du Plessis (1977:8) sou die Komitee gereeld aan die Fakulteit van Opvoedkunde rapporteer, terwyl laasgenoemde Fakulteit weer die Fakulteite Lettere en Wysbegeerte en Natuurwetenskappe op hoogte van die stand van sake sou hou. In Februarie 1951 is hierdie Komitee egter opgehef aangesien dit op daardie stadium volgens die Fakulteit van Opvoedkunde heeltemal "oorbodig" geword het (PU vir CHO, 1951a).

Smith moes onder baie beperkte omstandighede (primitiewe fasiliteite, min personeel, ensovoorts) begin werk. Die infrastruktuur was aanvanklik baie beperk. Hy was in 1945 die enigste permanente dosent verbonde aan die Departement. In 1948 het die personeel wat aan die Departement verbonde was slegs uit drie lede bestaan, naamlik D.P.J. Smith, I.J. Joubert en mej. K.M. de Wet. Dosentekantore was nie werkskantore nie en tik sowel as dupliseergeriewe het nie bestaan nie (Putter, 1983:2). Hierdie beperkte infrastruktuur was egter tiperend van die akademiese opset van daardie tyd. Daarbenewens is uitbreidings ten opsigte van die infrastruktuur van die Departement oor die algemeen versigtig benader.

Volgens Putter (1983:2) was die algemene organisasie rondom departementele sake redelik informeel. Daar is nie personeelvergaderings gehou nie omdat die Departement op daardie stadium 'n klein departement was. In 1953 het die Departement byvoorbeeld slegs drie permanente personeellede gehad met 'n totale studentetal van 57 wat bestaan het uit 6 B.A.-, 28 B.P.Ed.-, 12 U.O.D.- en 11 U.L.O.D.-studente (De Klerk, 1977:13). Omdat die Departement so klein was het "almal van alles geweet en het almal mekaar geken" (Strydom: 1986), met die gevolg dat informele onderlinge skakeling tussen personeel die algemene gebruik was.

Oor die algemeen het Smith redelik onafhanklik opgetree (Putter, 1983) en kan 'n mens die beheer wat hy oor die Departement uitgeoefen het selfs as outokraties bestempel (Strydom, 1986). Die rede hiervoor moet daarin gesoek word dat Smith vanaf sy aanstelling in 1945 die hele Departement alleen moes beheer. Hy het al die kennis en insig asook ervaring ten opsigte van alle aspekte rondom die vak gehad en dit was dus vanselfsprekend dat hy sou "voorloop" (Strydom, 1986). As gevolg van Smith se wye ervaringsveld, sy vlugheid van denke asook sy versiendheid was dit volgens Strydom (1986) egter baie selde dat sy idees en opvattings nie gewerk het nie.

Soos gemeld moes Smith onder baie beperkte omstandighede begin werk. Hy was egter baie idealisties en het volgens Lombard (1983:8) "... vroeg reeds vergesigte en ideale gehad vir 'n groot Departement van Liggaamlike Opvoedkunde met luukse fasiliteite en voldoende personeel". Dit was Smith beskore om die meeste van sy ideale verwesenlik te sien, want met sy aftrede in 1973 het die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde beslis nie meer as 'n klein departement bekend gestaan nie. In vergelyking met 1953 (twintig jaar vroeër) het die permanente personeel gegroei van drie na nege lede en die studentetal (alle kursusse) van 57 na 232 in totaal (De Klerk, 1977:13).

### 5.4.2.2 Administrasie van en beheer oor die personeel verbonde aan die Departement

Soos reeds in die vorige paragraaf gemeld, was Smith se algemene beheer oor die Departement om verskeie redes redelik outokraties van aard en was sy woord oor die algemeen wet (Strydom, 1986). Dit moet egter gemeld word dat Smith nooit "polisieman" oor sy personeel gespeel het nie. Hy het groot speelruimte aan individuele dosente gegee om volgens eie inisiatief en verantwoordelikheidsgevoel hul taak as dosente en navorsers af te handel. In dié verband het daar dus 'n sterk demokratiese benadering gegeld (Scholtz, 1986:5).

Omdat Smith 'n reguit maar taktvolle man was, het sy personeel presies geweet waar hul met hom staan. Volgens Scholtz (1986:6) het Smith nooit gehuiwer om dosente indiwidueel aan te spreek as die organisasie van die Departement nie na wense was nie. Kollegas van Smith is dit eens dat sy personeel in alle opsigte die hoogste respek vir hom gehad het (Strydom, 1986; Scholtz, 1973:1).

Die skakeling tussen Smith en sy personeel het op informele basis geskied. Smith het goeie personeelverhoudinge in die Departement besonder hoog geag. In hierdie verband het Putter, wat sestien jaar lank 'n kollega van Smith was, die volgende oor Smith se personeelverhoudinge geskryf:

> "Die grondslag van goeie personeelverhoudinge was 'n saak wat onmiddellike hantering geniet het" (Putter, 1983:2).

Smith het van sy personeel verwag om 'n goeie voorbeeld aan die studente te stel ten opsigte van hul persoonlike voorkoms (dit wil sê netheid en versorging) sowel as ten opsigte van aspekte soos stiptelikheid, betroubaarheid en eerlikheid (Putter, 1983:2).

Smith was van mening dat die personeel se eerste verantwoordelikheid in die Departement die opleiding van studente was. Navorsing het aanvanklik 'n lae prioriteit geniet, maar vanaf die middel vyftigerjare het

Smith die personeel al hoe meer aangemoedig om hulle op die navorsingsterreine van die vak te begeef. Smith het spesialisasie in 'n vakgebied deur personeelliede sterk beklemtoon en het dan ook geleentheid daarvoor geskep (Putter, 1983:2).

#### 5.4.2.3 Slotopmerking

By die bespreking van Smith se bydrae tot die vestiging en ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde deur middel van doeltreffende administrasie en beheer is daar slegs aandag gegee aan die algemene en oorkoepelende aspekte van die administrasie en beheer van die Departement sowel as beheer oor die personeel van die Departement. Alhoewel dit nie pertinent genoem is nie, was daar ook ander sake rakende die doeltreffende administrasie van 'n Departement soos byvoorbeeld die uitbouing van die biblioteek, roosteropstellings, mediese sertifikate van studente (PU vir CHO, 1945:3) asook die ontvangs van gasdosente - wat alles op bekwame wyse deur Smith hanteer is en wat daartoe bygedra het om aansien aan die Departement te verleen.

Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys kon homself gelukkig ag om 'n persoon van Smith se kaliber te hê om die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde van die Universiteit te lei deur die eerste en moeilikste skof, naamlik om dit gevestig te kry. Scholtz (1973:1) het die volgende hieroor aan Smith persoonlik geskryf:

> "U het 'n Departement met 'n trotse tradisie en gerespekteerde akademiese status nagelaat. Ek dink dat u inderdaad u Departement gebring het waar u dit graag wou gehad het: 'n gerespekteerde een".

Scholtz se woorde sal deur menige vakkundige in Suid-Afrika beaam word.

### 5.4.3 VESTIGING EN ONTWIKKELING VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE DEUR DIE INSTELLING EN UITBOUING VAN KURSUSSE EN VAKRIGTINGS EN DIE SAMESTELLING VAN LEERPLANNE

Voordat daar 'n begin gemaak kan word om Smith se bydrae tot die instelling en uitbouing van kursusse in Liggaamlike Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys te bespreek, behoort daar eers 'n kort historiese oorsig gegee te word waarin die hooflyne in die ontwikkeling van kursusse aan die Universiteit aangedui word. Teen hierdie agtergrond sal daar met groter begrip gekyk kan word na die inset wat deur Smith gelewer is.

Liggaamlike Opvoedkunde aan die PU vir CHO het 'n betreklike lang proefperiode deurgemaak omdat universiteite, volgens Smith (1951b:bylaag), konserwatiewe instellings was en nie haastig te werk gegaan het om in nuwe rigtings uit te brei nie. Die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde aan die PU vir CHO het parallel geloop met die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde aan die Universiteit van Suid-Afrika, waarvan die Potchefstroomse Universiteitskollege (van destyds) 'n konstituerende kollege was tot begin 1951. Die hooflyne in die ontwikkeling van kursusse in Liggaamlike Opvoedkunde aan die PU vir CHO lyk kursories uiteengesit, soos volg.

Van 1935 af tot aan die einde van 1944 het Liggaamlike Opvoedkunde maar 'n geringe plek in die leerprogram van die Universiteit ingeneem (Smith, 1951b:bylaag). In 1935 moes studente wat die Universiteits-onderwysdiploma gevolg het Liggaamlike Opvoedkunde as verpligte byvak neem (Du Plessis, 1977:1). Dit was op voorstel van die PU vir CHO dat die Universiteit van Suid-Afrika in 1941 besluit het om Liggaamlike Opvoedkunde as 'n kwalifiserende kursus vir die B.A.-graad te erken. Hierdie kursus is sedert 1942 deur die PU vir CHO aangebied. Tot einde 1944 is bogenoemde kursusse deur dosente van die Potchefstroomse Onderwyskollege waargeneem. Dit was eers in 1945 wat Liggaamlike Opvoedkunde volle erkenning aan die PU vir CHO gekry het toe dit as 'n tweejarige hoofvak vir die B.Sc.-graad ingestel is (Du Plessis, 1977:5). Die inhoud van die kursus is volgens prof. J.C.

Coetzee deur homself en mnr. D.P.J. Smith opgestel (PU vir CHO, 1945b). Smith was dus van die begin af betrek by die samestelling van leerplanne vir Liggaamlike Opvoedkunde aan die PU vir CHO.

Toe Smith in 1945 by die PU vir CHO aangestel is, het Liggaamlike Opvoedkunde onder die Fakulteit van Opvoedkunde geressorteer, wat dan aan die Fakulteite van Lettere en Wysbegeerte en Natuurwetenskappe sou rapporteer (PU vir CHO, 1944:1). Op daardie stadium is die volgende kursusse in Liggaamlike Opvoedkunde aangebied:

1. U.O.D. (Universiteits-onderwysdiploma). Hierdie spesiale kursus in praktiese Liggaamlike Opvoeding was verpligtend vir alle aanstaande onderwysers (PU vir CHO, 1945a:38)

2. 'n Eenjarige kwalifiserende kursus vir die B.A.-graad

3. 'n Tweejarige hoofvakkursus vir die B.Sc.-graad (PU vir CHO, 1945a:113)

Na sy aanstelling by die PU vir CHO het Smith hom voortdurend beywer vir die instelling van nuwe kursusse en vakrigtings of die verandering daarvan, afhangende van die behoeftes wat daar in die verband ontstaan het. Volgens Smith (1951b:bylaag) was die toedrag van sake ten opsigte van die B.Sc.-graad met Liggaamlike Opvoedkunde as 'n tweejarige hoofvak op daardie stadium onbevredigend. Hy was van mening dat die samestelling van vermelde B.Sc.-graad sodanig was dat daar nie voldoende tyd vir Liggaamlike Opvoedkunde gevind kon word nie en dat die steunvakke vir Liggaamlike Opvoedkunde op hul beurt verpligte vakke vereis het, sodat die kurrikulum daardeur oorlaai was (Smith, 1951b:bylaag). Die oplossing het volgens Smith (1951b:bylaag) gelê in die instelling van 'n graad in die Fakulteit van Opvoedkunde en die gevolg was die instelling van die vierjarige B.P.Ed.-graadkursus in 1947 waarvan Liggaamlike Opvoedkunde een van die hoofvakke sou wees. Die voorlegging van die kurrikulum en leerplan ter instelling van hierdie graadkursus was hoofsaaklik die taak van Smith. Volgens Putter (1983:1) het Smith se studie in Duitsland in 1938 hom besonderlik voorberei vir hierdie taak. Die belangrikheid van die samestelling van hierdie kursus

lê daarin dat dit uiteintlik die basis gevorm het vir die latere ontwikkeling van die vak (Putter, 1983:1).

Die byvakvereistes vir die B.P.Ed.-graadkursus was aanvanklik baie hoog en sterk natuurwetenskaplik georiënteerd. Danksy Smith se oorredingsvermoë is die vereistes mettertyd verminder sodat dit in 1951 soos volg saamgestel was:

"Eerste jaar: Liggaamlike Opvoedkunde I; Biologie of Dierkunde I; Fisiologie(spes.); en enige twee skoolvakke

Tweede jaar: Liggaamlike Opvoedkunde II; Opvoedkunde I; Skoolvak II; Skoolvak I of II.

Derde jaar: Liggaamlike Opvoedkunde III; Opvoedkunde II; Skoolvak III

Vierde jaar: Liggaamlike Opvoedkundkunde IV; Opvoedkunde III; Higiëne (Smith, 1951b:bylaag).

Volgens Smith (1951b:bylaag) was die doel van die graad nie slegs om goed gekwalifiseerde Liggaamlike Opvoeders vir die onderwys te voorsien nie maar ook om onderwysers wat 'n breë algemene vorming geniet het, veelsydig gekwalifiseerd was en bekwaam was om ook ander vakke op skool te doseer die lewe in te stuur. Hierdie beleid is eerstens gevolg omdat die hoofde van die meeste skole noodwendig die werk so moes indeel dat een onderwyser meer as een vak moes doseer ten einde die "... leerprogram van die skool te verryk" (Smith, 1951b:bylaag). In die tweede plek het hierdie opleiding dit vir die hoof moontlik gemaak om meer as een onderwyser met Liggaamlike Opvoedkunde as hoofvak op sy personeel aan te stel en daarmee te verseker dat die sportaktiwiteite van sy skool in die hande van opgeleide onderwysers geplaas word. Volgens Smith (1951b:bylaag) kon een Liggaamlike Opvoeder in elk geval nie, benewens die gewone skoolure, ook nog die veelvuldige sportaktiwiteite van die skool doeltreffend behartig nie. Derdens moes die moontlikheid van ongeskiktheid deur beserings of ouderdom ook in ag geneem word. Die bekwaamheid om ander skoolvakke te doseer, sou 'n versekerde

beroepslewe vir die onderwyser meebring asook bruikbaarheid in die skool waaraan hy verbonde was (Smith, 1951b:bylaag).

Volgens Putter (1983:1) was die B.P.Ed.-kursus in die eerste instansie ingestel op wetenskaplikheid want hierdie doel kon Smith nooit genoeg beklemtoon nie. Smith wou die teorie (wetenskap) diensbaar maak vir die praktyk. Dit is dan ook duidelik weerspieël in die inhoudelike van die teoretiese werk. In die tweede instansie was die kursus sterk gerig op die voorbereiding vir die praktyk, waaronder sportafrigting, sportadministrasie en oefenprogramsamestelling. In die derde instansie is opleiding in die onderwys beklemtoon (Putter, 1983:2). Die B.P.Ed.-kursus was dus, alhoewel dit hoë eise aan die studente gestel het, baie toepaslik vir sy tyd.

Benewens die feit dat Smith baanbrekerswerk gedoen het ten opsigte van die instelling van kursusse en vakrigtings in Liggaamlike Opvoedkunde aan die PU vir CHO het hy voortdurend gepoog om tred te hou met die veranderde behoeftes ten opsigte van die aanbieding van die vak. Om bogenoemde stelling te staaf sal 'n paar voorbeelde genoem word waar Smith òf in sy hoedanigheid as hoof van die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde òf as lid van 'n komitee/kommissie verantwoordelik was vir die instelling van of wysiging van 'n kursus of vakrigting in Liggaamlike Opvoedkunde.

- In 1951 was hy lid van 'n kommissie wat deur die Uitvoerende Komitee van die Fakulteit van Opvoedkunde benoem is om in te gaan op die verskillende kursusse in die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde met die oog op 'n eventuele, verbeterde samestelling (PU vir CHO, 1951b). Op aanbeveling van die kommissie (PU vir CHO, 1951c) is 'n eenjarige diploma in Liggaamlike Opvoedkunde vir studente wat in besit van 'n onderwysersertifikaat was, vanaf 1952, ingestel (PU vir CHO, 1952a).

- Tydens 'n fakulteitsraadsvergadering van die Fakulteit van Opvoedkunde van die PU vir CHO op 20 Maart 1952 het Smith 'n mosie ingedien in sake die moontlikheid dat 'n natuurwetenskaplike vak ook as hoofvak saam met Liggaamlike Opvoedkunde in die B.P.Ed.-graad

geneem mag word (PU vir CHO, 1952b). (Op daardie stadium was 'n student verplig om Opvoedkunde III as hoofvak te neem). Na deeglike bespreking is besluit om aan Smith se versoek te voldoen. Die regulasiewysiging sou deur Smith opgestel word en op 'n volgende Senaatsitting behandel word (PU vir CHO, 1952b).

- Die resultaat van Smith se arbeid blyk verder uit die bestudering van die notule van 'n vergadering van die Fakulteit van Opvoedkunde van die PU vir CHO wat op 12 Mei 1954 gehou is. Hiertydens is 'n bespreking gevoer oor die B.P.Ed.-graad en het die vergadering kennis daarvan geneem dat die Fakulteite van Lettere en Wysbegeerte en Natuurwetenskappe dit goedgekeur het dat Liggaamlike Opvoedkunde as 'n hoofvak in beide Fakulteite aangebied kon word (PU vir CHO, 1954). As uitvloeisel van bogenoemde het gevolg dat die B.P.Ed.-graadkursus in 1955 verval het. Die kursus het volgens Smith (1976) "oorbodig" geword omdat Liggaamlike Opvoedkunde toe as hoofvak aangebied is vir die B.A.- sowel as die B.Sc.-kursusse.

- Smith het hom ook beywer vir die instelling van nagraadse kursusse in Liggaamlike Opvoedkunde. Sy besondere betrokkenheid in die verband blyk uit die volgende aanhaling uit 'n notule van 'n vergadering van die Fakulteit van Opvoedkunde wat op 15 Oktober 1958 gehou is:

> "'n Kommissie ad hoc van die Fakulteitsraad van Natuurwetenskappe het op die moontlikheid van die instelling van 'n Honneurs B.Sc.-graad in Liggaamlike Opvoedkunde ingegaan. Hierdie kommissie het aanbeveel dat die voorgestelde leerplan na die Fakulteitsraad van Opvoedkunde verwys word, aangesien dit die mening is dat die samestelling van die kursus meer opvoedkundig as natuurwetenskaplik georiënteer is. Prof. D.P.J. Smith lig die saak verder toe ..." (PU vir CHO, 1958b).

Dat Smith se arbeid in bogenoemde verband nie vrugteloos was nie blyk uit die feit dat Honneursgrade in Liggaamlike Opvoedkunde in die B.A.-rigting (PU vir CHO, 1959), in die B.Sc.-rigting en in die

B.Ed.-rigting (PU vir CHO, 1960a) kort daarna ingestel is. Hiermee gepaardgaande was die instelling van die meesters- en doktorale grade in dieselfde rigtings (Smith, 1977). Dit blyk dat Smith alreeds in 1951 as promotor opgetree het vir 'n student wat sy M.Ed.-studies in Liggaamlike Opvoedkunde gedoen het (PU vir CHO, 1951b).

Smith se besondere aandeel in die uitbouing van kursusse in Liggaamlike Opvoedkunde, blyk uit die uitbreiding van kursusse en die aantal studente wat plaasgevind het gedurende die tydperk wat hy as hoof van die Departement opgetree het. In die onderstaande tabel word op die uitbreiding van kursusse en vermeerdering ten opsigte van die aantal studente gewys ten opsigte van die volgende jare: 1948 (drie jaar na Smith se aanstelling), 1954, 1960, 1969, en 1973 (die jaar van Smith se aftrede).

## TABEL I

## KURSUSSE EN AANTAL STUDENTE IN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE AAN DIE PU VIR CHO

| Jaar | B.A. 1 | B.A. 2 | B.A. 3 | B.Sc. 1 | B.Sc. 2 | B.Sc. 3 | B.P.Ed. 1 | B.P.Ed. 2 | B.P.Ed. 3 | B.P.Ed. 4 | Hon | M | D | UOD | ULOD | HNOD (I - IV) | PNOD (I - IV) | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1948 | 28 | | | 2 | | | 16 | 7 | 7 | | | | | 21 | | | | 81 |
| 1954 | 17 | 5 | | 2 | 2 | | 21 | 8 | 7 | 8 | 2 | 1 | | 16 | 5 | | | 94 |
| 1960 | 22 | 3 | 5 | 11 | 16 | 5 | | | | | 6 | 4 | 1 | 5 | 17 | | | 95 |
| 1969 | 32 | 11 | 10 | 17 | 2 | 5 | | | | | 6 | 4 | 2 | 22 | 31 | | | 142 |
| 1973 | 39 | 23 | 10 | 5 | 11 | 5 | | | | | 7 | 6 | 6 | 25 | 5 | 80 | 10 | 232 |

Uiteensetting van afkortings:

B.A. = Bacalarius Artium
B.Sc. = Bacalarius Scientiae
B.P.Ed. = Bacalarius Physicae Educationes
Hons. = Honneurs
M = Magister
D = Doctor
U.O.D. = Universitêre Onderwysdiploma
U L O D = Universitêre Laer Onderwysdiploma
H.N.O.D. = Hoër Nasionale Onderwysdiploma
P.N.O.D. = Primêre Nasionale Onderwysdiploma

(De Klerk, 1977: 13)

'n Ontleding van die gegewens toon aan dat:

- Ten spyte van die feit dat die B.P.Ed.-kursus in 1955 verval het, daar steeds 'n toename in studentegetalle was.

- Veral na 1960 was daar 'n duidelike toename ten opsigte van nagraadse studente was.

- Daar was 'n geweldige styging in studentegetalle in 1973 as gevolg van die instelling van die H.N.O.D.-kursus (Hoër Nasionale Onderwysdiploma) sowel as die P.N.O.D.-kursus (Primêre Nasionale Onderwysdiploma) in 1972 (PU vir CHO, 1972). In hierdie kursusse kon studente Liggaamlike Opvoedkunde as 'n spesialiseringrigting kies.

Ten opsigte van die inhoudelike van die kursusse in Liggaamlike Opvoedkunde wat tydens Smith se hoofskap van die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde aangebied is, moet gemeld word dat Smith aanvanklik verantwoordelik was vir die samestelling van die volledige sillabusse vir die vak (Smith, 1981:2).

Inhoudelik het die sillabusse 'n sterk Engelse, Duitse en Amerikaanse aksent bevat maar wat by die Suid-Afrikaanse omstandighede aangepas is (Scholtz, 1986:8). Die Engelse invloed blyk veral daaruit dat 'n groot aantal aktiwiteite wat in die praktiese afdeling van die vak beoefen is van Engelse oorsprong was, soos byvoorbeeld hokkie en pluimbal (PU vir CHO, 1951d). Die Duitse invloed blyk daaruit dat Smith ter voorbereiding van sy lesings van verskeie Duitse handboeke en tydskrifte gebruik gemaak het wat hy veral bekom het tydens sy studies in Duitsland (1938), sowel as die insluiting van spele wat eie aan Duitsland was, soos byvoorbeeld handbal in die praktiese afdeling van die sillabus (PU vir CHO, 1951b). Die Amerikaanse invloed het veral baie sterk na vore gekom in die teoretiese afdeling van die vak. In 1958, byvoorbeeld, was bykans al die handboeke wat voorgeskryf was vir studente wat die Honneurs B.Sc.kursus in Liggaamlike Opvoedkunde gevolg het, van Amerikaanse oorsprong. In die afdeling Grondslae van Liggaamlike Opvoedkunde was die boeke van drie Amerikaners voorgeskryf, naamlik

J.F. Williams, J.R. Sharman en C.H. McCloy. In die afdeling **Anatomie en Fisiologie** was die boek van die Amerikaners E.C. Schneider en P.V. Karpovich voorgeskryf; in die afdeling **Kinesiologie** die boeke van K.F.L. Wells en M.G. Scott en in die afdeling **Toetsing en Meting** die boeke van J. Bovard, F. Cozens, C.H. McCloy en N. Young (PU vir CHO, 1958:a).

'n Verdere kenmerk van die sillabusse was die duidelike navorsingsinslag wat daarin te bespeur was (Scholtz, 1986:8). Smith het hom al baie vroeg daarvoor beywer om afdelings soos Toetsing en Meting - wat 'n navorsingsgesteldheid by studente kon kweek - in die sillabusse in te werk. Hierdie afdeling het dan ook 'n belangrike deel van die totale kursus gevorm vir studente wat 'n graadkursus met Liggaamlike Opvoedkunde as hoofvak gevolg het.

Kenmerkend van die inhoud van die kursusse was die feit dat hul ingestel was op wetenskaplikheid. Volgens Putter (1983:1) kon Smith hierdie uitgangspunt nie genoeg beklemtoon nie. Smith wou die teorie (wetenskap) diensbaar maak vir die praktyk. Dit was dan ook duidelik weerspieël in die inhoudelike van die teoretiese werk. Hiermee saam hang die feit dat die inhoud van die kursusse sterk gerig was op die voorbereiding vir die praktyk. Inhoudelik is die klem geplaas op aspekte soos sportafrigting, sportadministrasie, oefenprogramsamestelling en veral opleiding in die onderwys (Putter, 1983:2; Scholtz, 1986:8).

Ten slotte moet dit genoem word dat die inhoudelike van die kursusse, as gevolg van Smith se toedoen, sterk onderskraag was deur 'n Christelike-nasionale benadering (Scholtz, 1986:9). Hierdie benadering het baie sterk na vore gekom in die afdeling: Grondslae/Beginsels van Liggaamlike Opvoedkunde. (Kyk 2.2.4 wat handel oor Smith se beskouinge ten opsigte van die beginsels van Liggaamlike Opvoedkunde).

**Slotopmerking**

Uit bogenoemde bespreking blyk dit baie duidelik dat Smith verantwoordelik was vir die vestiging van kursusse in die vak Liggaamlike Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Die vestiging van die vak was egter nie 'n maklike taak nie

aangesien kollegas aan die Universiteit sterk teenkanting gebied het. Volgens Smith (1977) was dit 'n tydperk van stryd om die vak Liggaamlike Opvoedkunde gevestig te kry omdat hierdie persone Liggaamlike Opvoedkunde beskou het as 'n vak sonder enige akademiese aanspraak en wat slegs gerig was op die praktiese sy daarvan. Die destydse Dekaan van die Fakultiet van Opvoedkunde, prof. J.C. Coetzee, het bevestig dat dit 'n groot stryd was om Liggaamlike Opvoedkunde as vak aan die Potchefstroomse Universiteit gevestig te kry (Coetzee, 1983).

Dat Smith egter daarin geslaag het om 'n Departement van Liggaamlike Opvoedkunde aan hierdie Universiteit te vestig en uit te bou tot een van die beste in die Republiek van Suid-Afrika blyk uit 'n skrywe van prof. G.J.L. Scholtz aan Smith:

> "Die Departement was gelukkig om 'n persoon van u kaliber te hê om dit te lei deur die eerste en moeilikste skof. U het 'n Departement met 'n trotse tradisie en gerespekteerde akademiese status nagelaat" (Scholtz, 1973:1).

## 5.4.4 OPLEIDING VAN EN INVLOED OP STUDENTE IN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE

### 5.4.4.1 Inleiding

Smith het in sy hoedanigheid as dosent in Liggaamlike Opvoedkunde, waardeur hy die opleiding van studente in Liggaamlike Opvoedkunde aan die PU vir CHO moes behartig, 'n besondere bydrae gelewer ten opsigte van die wyse waarop hy die opleiding van studente in Liggaamlike Opvoedkunde behartig het. Hierdie bydrae lê onder andere daarin dat die lesings wat deur hom aangebied is van 'n hoë gehalte was en dat die metode waarvolgens hy die lesings aangebied het besonder doeltreffend was. Hiermee saam hang die feit dat hy deur sy persoonlike optrede

daarin geslaag het om die studente wetenskaplik te vorm en positief te beïnvloed. Hierdie "... skaar besielde, goed onderlegde studente en navolgers" (De Klerk, 1977:1) het dit wat hul van Smith ontvang het, op verskillende terreine van die vak, dwarsoor Suid-Afrika uitgebou en ontwikkel.

### 5.4.4.2 Lesings

Omdat Smith aanvanklik die enigste dosent was wat op permanente basis in die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde benoem is, was hy genoodsaak om alle afdelings van die vak te doseer (PU vir CHO, 1945e). Op hierdie wyse kon sy studente leer van 'n man wat insig in alle fasette van die vak gehad het en dus oor 'n breë visie van die vak in die algemeen beskik het. Alhoewel Smith in later jare in sekere rigtings begin spesialiseer het soos (onder andere) Toetsing en Meting en Beginsels van Liggaamlike Opvoedkunde, was hy 'n kenner van sy vak op alle terreine - wat die teoretiese sowel as die praktiese betref.

Volgens Strydom (student en later kollega van Smith), was Smith 'n dosent wat 'n goeie balans gehandhaaf het tussen navorsingswerk, opleiding/doseerwerk en dienslewering. Hy het Smith as 'n uitstekende dosent beskou (Strydom, 1986). Smith se lesings was altyd goed voorberei (Lombard, 1983:9; Scholtz, 1986:10), sistematies en georden (Strydom, 1986). Scholtz (1986:10) is van mening dat Smith dit erns met sy lesings gemaak het en dat dit inhoudelik altyd van 'n hoë gehalte was. Alhoewel die inhoudelike van sy lesings teen die einde van sy loopbaan ietwat begin stagneer het, was Scholtz nog steeds van mening dat Smith een van die beste dosente was wat hy ooit leer ken het (Scholtz, 1986:11).

Strydom (1986) is van mening dat Smith se lesings getuig het van pitkos. Smith het nie aan die voorgraadse studente groot volumes werk gegee nie. Volgens Strydom (1986) sou Smith in dié verband aan die studente gesê het:

"Ek sif vir julle. Julle is nog nie ryp genoeg om sifting te doen nie."

Die "pitkos" wat deur Smith in sy lesings aan die studente oorgedra is, was egter van so 'n aard dat dit riglyne verskaf het waarop altyd later teruggeval kon word (Strydom, 1986).

### 5.4.4.3 Opleidingsmetodes en doseerstyl

Smith was analities ingestel en daarom het hy, volgens Scholtz (1986:10), deur sy doseerstyl 'n blywende stempel van 'n empiries-wetenskaplike georiënteerdheid op sy studente afgedruk. Metodologies gesien het hy verkies om lesings te dikteer, gepaardgaande met indringende verduidelikings. Op voorgraadse vlak (veral ten opsigte van eerstejaarstudente) het hy die belangrikste "pitkos" uit die groot volume leerstof gehaal en dit aan die studente geleer. Hieroor het Strydom (1986) die volgende van Smith gesê:

"Hy het jou geleer. Hy was 'n leermeester. As hy vir jou geleer het, kon jy dit begryp en dit jou eie maak".

Namate studente ryper geraak het, het Smith die studente aangemoedig om kreatief aantekeninge te neem, deur byvoorbeeld hul eie verkreë insigte neer te skrywe. Volgens Scholtz (1986:12) het Smith uitmuntend daarin geslaag om aansluiting by studente se vermoëns te vind en hulle te lei tot "... kreatiewe denke en skepping."

Smith het die vermoë gehad om sy lesings met entoesiasme aan te bied. Volgens Lombard, kollega van Smith, het Smith "sy studente aangesteek met sy entoesiasme" (Lombard, 1983:9). Lombard (1983:11) was verder van mening dat die wyse waarop Smith sy lesings aangebied het "... interessant sowel as onderhoudend" was. In gevalle waar visuele materiaal gebruik kon word, soos meetinstrumente (stophorlosies, diramometers ens.) is dit deur Smith in sy lesings gebruik. Hy het ook

dikwels van filmmateriaal en prente gebruik gemaak as aanskouingsmiddele tydens sy lesings (Scholtz, 1986:12).

As gevolg van die feit dat Smith tot op 'n hoë leeftyd fiks gebly het, kon hy die praktiese afdelings, wat deel was van sy doseerlas, tot en met sy aftrede met gemak behartig. Hy was veral verantwoordelik vir die afdelings Atletiek en Tennis en volgens Lombard was die feit dat Smith altyd self 'n flinke demonstrasie kon gee, 'n baie doeltreffende hulpmiddel tydens sy praktiese lesings (Lombard, 1983:11).

Benewens die feit dat Smith die vermoë gehad het om kennis aan sy studente oor te dra, het daar tydens sy lesings ook waarde-oordrag en wysheidsoordrag plaasgevind. Volgens Scholtz (1986:10) het Smith op hierdie wyse die sin en betekenis van sekere lewenswaardes soos "... arbeidsaamheid, spaarsaamheid, billikheid, eerlikheid, ordentlikheid en goeie sportmanskap om enkele uit te sonder ..." oorgedra. Strydom (1986) onderskryf Scholtz se mening in hierdie verband. Vir hom was Smith 'n "... kombinasie van die mens met die wetenskap" (Strydom, 1986), omdat hy aan die student nie net vakwetenskaplike kennis gegee het nie, maar hul ook van die lewe geleer het.

### 5.4.4.4 Invloed op studente

Smith het 'n besliste invloed op sy studente gehad - hetsy deur doseerwerk, hetsy deur sy optrede as mens. In die bovermelde paragrawe is aangetoon hoedat hy deur sy doseerwerk daarin geslaag het om vakwetenskaplikes te vorm en terselfdertyd lesing te gee ten opsigte van sekere lewenswaardes.

As mens self het hy egter ook deur sy voorbeeld wat hy gestel het, 'n groot invloed op sy studente gehad. Hieroor het Lombard die volgende ten opsigte van Smith gesê:

"Hy was 'n skoon mens met 'n onbesproke karakter en het in die opsig altyd 'n voorbeeld gestel" (Lombard, 1983:11).

Volgens Strydom (1986) het Smith die volgende persoonlikheidseienskappe besit wat 'n besondere indruk op hom gemaak het: eerlikheid, integriteit en betroubaarheid. Hy (Strydom, 1986) was van mening dat as Smith iets aan jou gesê het daar geen twyfel by jou bestaan dat hy dit opreg bedoel het nie. Strydom was verder van mening dat Smith aan hom, as student, lewensvisie gegee het, veral weens die feit dat hy tydens sy lesings ook aan die studente lewenswaarhede tuis gebring het. Dit was asof Smith deur middel van sy optrede aan die studente wou sê: "Dis ek, maak soos wat ek gemaak het " (Strydom, 1986). Strydom was van mening dat jy maar op Smith se spoor kon geloop het, sonder om ooit skaam daaroor te wees.

'n Besondere eienskap van Smith wat 'n definitiewe invloed op sy studente gehad het, was die netheid van voorkoms. Hy het ook van sy studente verwag dat hul deur hul netjiese voorkoms die beeld van die vak na buite sou uitdra.

Volgens Scholtz (1986:13) was Smith 'n sterk persoonlikheid en leier wat oor 'n gawe beskik het om mense/studente in te lig en hulle sienswyse en selfs gedrag te verander. In die verband het hy die volgende oor Smith geskryf:

"Sy persoonlikheid en integriteit het respek afgedwing en invloed laat uitkring. Hy was nie 'n manipuleerder nie, maar 'n dader" (Scholtz, 1986:14).

Smith het dus deur die persoonlike voorbeeld wat hy gestel het, deur sy optrede, deur die wyse waarop hy lesings aangebied het en deur die gehalte van die lesings wat hy aangebied het, 'n besondere erfenis nagelaat, naamlik " ... 'n skaar besielde, goed onderlegde studente en navolgers" (De Klerk, (1977:1).

## 5.4.5 DIE DAARSTELLING EN ONTWIKKELING VAN SPORT- EN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDEFASILITEITE EN -APPARAAT

### 5.4.5.1 Inleiding

Tydens Smith se betrokkenheid by die PU vir CHO het hy 'n groot rol gespeel ten opsigte van die daarstelling en ontwikkeling van sportfasiliteite sowel as fasiliteite in die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde van die Universiteit. Hy het dit gedoen, veral in sy hoedanigheid as:

1. Hoof van die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde (1947-1973)

2. Lid van die Komitee vir Terreine en Geboue van die Senaat (1945-1953)

3. Lid van die Beheerkomitee van die Sportinstituut (1966-1973)

4. Lid van verskeie komitees in verband met sport (1945-1973)

Pas nadat Smith by die PU vir CHO aangestel is, het hy hom onmiddellik begin beywer vir die daarstelling en ontwikkeling van fasiliteite vir gebruik deur studente verbonde aan die PU vir CHO. Dit blyk duidelik uit 'n artikel wat deur hom geskryf is en in Die Veteraan van 1946 verskyn het. Hierin het hy onder andere die volgende geskryf:

> "Die voorsiening van fasiliteite in Liggaamlike Opvoeding is tans een van die belangrikste items op die bouprogram van die PUK. Die skema sluit in 'n gimnastiekgebou, swembad, atletiekbaan, speelvelde vir voetbal, hokkie, handbal, tennis, korfbal, krieket ens; met die modernste toerusting in elke geval" (Smith, 1946b).

In dieselfde artikel het hy beklemtoon dat die fasiliteite bedoel was vir gebruik deur alle studente wat aan die Universiteit verbonde is. Hy het die volgende hieroor geskryf:

> "Die PUK stel hierdie fasiliteite tot beskikking van alle studente. Ons beoog dit dat elke student die geleentheid sal kry om aan een of meer aktiwiteite deel te neem, ongeag die kursus wat hy volg" (Smith, 1946b).

Om die fasiliteite te bekom was nie altyd maklik nie want volgens Smith (1977) moes daar 'n behoorlike saak daarvoor uitgemaak word en soms selfs gepleit word. In welke mate Smith 'n bydrae tot die daarstelling en ontwikkeling van sport- en Liggaamlike Opvoedkundefasiliteite en -apparaat gelewer het, moet gesien word teen die agtergrond van die beginjare van Liggaamlike Opvoedkunde aan die PU vir CHO toe daar nog bykans geen fasiliteite beskikbaar was nie. Voor 1939 het die Liggaamlike Opvoedkundeklasse wat aan die universiteitstudente gegee is, hoofsaaklik plaasgevind by die plaaslike Onderwyskollege (De Klerk, 1977:5). In 1939 is daar "'n nederige geboutjie" (Smith, 1977) van 12 meter by 18 meter deur die universiteit opgerig om aan die Liggaamlike Opvoedkundestudente se behoeftes te voldoen. Die geboutjie was opgerig tussen die koshuise van destyds, naamlik Ons Huis (bekend as Gatland), Heimat en Uitspan. Die apparaat was aanvanklik eenvoudig, maar mettertyd is brue, rekstange, balke en matte aangekoop, sowel as voldoende apparaat vir spele. Spele is op die rugbyvelde, wat geleë was op die terrein waar die geboue vir Fisika, Chemie, Farmasie en Industriële Chemie later opgerig is, beoefen. Daar was 'n atletiekbaan om een rugbyveld (De Klerk, 1977:5). Omdat die Universiteit nie oor 'n swembad beskik het nie, moes daar van die dorp se swembad gebruik gemaak word, wat baie organisatoriese probleme geskep het. Nadat die Onderwyskollege hul eie swembad gekry het, het hul toestemming aan die Universiteit verleen om van hul swembad gebruik te maak. Tennis is beoefen op die vier grondtennisbane wat op die terrein was waar die PU-biblioteek tans opgerig is (De Klerk, 1977:5).

Gesien teen bogenoemde agtergrond sal Smith se bydrae tot die daarstelling en ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde- en

sportfasiliteite aan die PU vir CHO, bespreek word onder die volgende hoofde naamlik: die daarstelling en uitbouing van 'n Liggaamlike Opvoedkundekompleks naamlik die Johannes van der Walt Instituut vir Liggaamlike Opvoeding en die daarstelling en ontwikkeling van sportfasiliteite in die algemeen.

### 5.4.5.2 Die daarstelling en uitbouing van die Johannes van der Walt Instituut vir Liggaamlike Opvoeding

Namate daar uitbreidings plaasgevind het ten opsigte van studentegetalle sowel as die instelling van nuwe kursusse in Liggaamlike Opvoedkunde, het die behoefte aan 'n doeltreffender gebou vir Liggaamlike Opvoedkunde al hoe meer noodsaaklik geword (Du Plessis, 1977:9). Om in hierdie behoefte te voorsien het die rektor, prof. F. Postma, reeds in 1947 vir Smith gevra om met nuwe planne vir 'n nuwe terrein en gebou vir Liggaamlike Opvoedkunde voor die dag te kom (Smith, 1977). Dat Smith intens betrokke was by die beplanning van die eerste volwaardige "gimnastiekgebou" aan die PU vir CHO blyk onder andere uit 'n artikel wat in 1946 deur hom geskryf is en in *Die Veteraan* verskyn het. Hy het onder andere die volgende geskryf:

> "Die gimnastiekgebou sal twee sale, twee lesingkamers, 'n biblioteek, kantore vir die pesoneel en doeltreffende kleed- en badgeriewe bevat. Hierdie gebou sal die sentrale punt vir alle aktiwiteite vorm" (Smith, 1946b).

Om 'n geskikte terrein te vind waar die gebou opgerig kon word, was aanvanklik 'n probleem aangesien daar genoeg ruimte rondom die gebou moes wees vir die oprigting van sportvelde. Toe die Landgoed **De Oude Molen**, 'n terrein van 32 morge wat naby die Universiteit geleë was en wat aan 'n mnr.. Shapiro behoort het, te koop aangebied is, het Smith dadelik daarin belang gestel. Hierdie terrein was slegs gedeeltelik geskik vir die bou van geboue, maar het wel genoeg ruimte vir sportvelde gebied (De Klerk, 1977:7).

Die Senaat van die PU vir CHO was aanvanklik sterk gekant teen die aankoop van hierdie terrein omdat die Universiteit op daardie stadium nie die nodige fondse beskikbaar gehad het nie. Die grond was vir R16000 aangebied. Smith het dit egter sterk by die Senaat aanbeveel dat die terrein aangekoop moes word. As motivering het hy die volgende redes aangevoer. Die Universiteit het ruimte baie nodig gehad vir verdere uitbreiding. Daardie terrein kon aan hierdie behoefte voldoen. Omdat die terrein egter nie baie geskik was vir die oprig van geboue nie, kon dit meer effektief vir die ontwikkeling van sportvelde gebruik word, sodat die terreine by die Universiteit - wat op daardie stadium vir sportvelde gebruik was - eerder gebruik kon word vir die oprig van noodsaaklike geboue (Smith, 1977).

Fondse vir die aankoop van die terrein is egter op 'n seldsame wyse bekom. Toe die bekende Suid-Afrikaanse stoeier, Johannes van der Walt, op 25 Maart 1943 op tragiese wyse oorlede is, is 'n trustfonds in die lewe geroep (Scholtz, 1977a:13). Teen die einde van 1943 het die destydse redakteur van *Die Transvaler*, dr. H.F. Verwoerd, in sy hoedanigheid as Voorsitter van die Trustees van die Johannes van der Walt-fonds, die PU vir CHO met 'n bepaalde voorstel genader. Die voorstel was dat die bedrag van ongeveer 4000 pond wat in die genoemde fonds was, aan die Universiteit oorgedra sou word op voorwaarde dat die geld vir die opbou van 'n "Instituut vir Liggaamsopvoeding" gebruik sou word en dat die PU vir CHO dan sekere verpligtinge ten opsigte van die weduwee en kinders van wyle Johannes van der Walt sou onderneem. Sover vasgestel kan word, het die Regering, op die pond vir pond-basis, nog 'n verdere 4000 pond bydra (Du Plessis, 1977:4).

Na vele onderhandelinge en verskeie verwikkelinge in hierdie verband is die terrein *De Oude Molen* gedurende Junie 1948 deur die Universiteit van mnr. Shapiro aangekoop. Volgens Scholtz (1977:16) was "... hierdie skilderagtige terrein op die walle van die Mooirivier ..." bestem vir die oprigting van die Instituut vir Liggaamlike Opvoeding. Aangesien 'n bedrag van 4000 pond uit die Johannes van der Walt-fonds vir die doel geskenk is, is die naam *Johannes van der Walt Instituut vir Liggaamlike Opvoeding* aanbeveel en aanvaar (Scholtz, 1977:16). Daar is in 1948 begin met die bou van die Instituut wat in 1949 teen 'n bedrag van 26 988 pond

voltooi is. Die swembad wat aanvanklik deel van die kompleks sou vorm is eers in 1950 teen 'n bedrag van 7 122 pond voltooi (Du Plessis, 1977:11).

Die gebou het uit 'n gimnastieksaal, twee lesingkamers, een biblioteek, drie kantore en kleedkamers bestaan. Verder was daar twee korfbalbane, ses tennisbane en een hokkieveld tot die Departement se beskikking. Die korfbal-, hokkie- en tennisbane was op die terrein waar die Biologiekompleks tans opgerig is (De Klerk, 1977:6).

Die verkryging van De Oude Molen kan in 'n groot mate toegeskryf word aan die toedoen van Smith. In die eerste instansie het hy besondere versiendheid gehad ten opsigte van die ontwikkelingsmoontlikhede van die terrein en in die tweede instansie het hy hom onvermoeid beywer vir die aankoop van die terrein al was die Senaat van die Universiteit aanvanklik sterk daarteen gekant. Volgens sy eggenote, mev. C.J.M. Smith, het hy nagte om gespook met beplannings om die aankoop van die terrein te verwesenlik. Ten spyte van die feit dat die Senaat die aankoop van die terrein afgekeur het, het Smith volgehou en "..., het hy vir mnr. Shapiro gesê dat hul die grond gaan koop en dat hy dit moet behou" (Smith, 1982).

Dit moet verder in ag geneem word dat 'n groot gedeelte van die aangekoopte terrein moerasagtig was en dat daar 'n begin gemaak moes word om die terrein sodanig te dreineer dat dit as 'n terrein vir sportvelde gebruik kan word (De Klerk, 1977:7). Hieroor het Smith die volgende gesê:

> "Die eerste wat ons gedoen het was om die sigvore wat daar bestaan het en wat rivier se kant toe geloop het, mooi skoon te maak sodat die water van die terrein kon afgeloop het, want as dit gereën het was dit ene moeras daar. Die sigvore het egter nie heeltemal aan hul doel beantwoord nie en algaande moes ons meer vore aanlê sonder om die terrein binne-in te skaad wat vir oefenterrein gebruik is ..." (Smith, 1977).

Smith was dus intens gemoeid met die ontwikkeling van hierdie terrein. Hyself het egter groot waardering gehad vir die bydrae wat deur mnr.. J. Bosman, wat later superintendent van die werke-afdeling van die Universiteit was, gelewer is om die terrein droog te lê (De Klerk, 1977:7).

As deel van die Johannes van der Walt Instituut vir Liggaamlike Opvoeding is die swembad in 1950 voltooi. Oor die voltooiing hiervan het Du Plessis (1977:11) die volgende geskryf:

> "Hierdie werk is nog in 1950 voltooi sodat die Johannes van der Walt-Instituut vir Liggaamlike Opvoeding selfstandigwording goed gehuisves en toegerus tegemoet kon gaan in een van die mooiste omgewings in Potchefstroom."

Die stroom wat die ou meul van De Oude Molen gedryf het, het aanvanklik deur die swembad geloop, menende dat dit genoeg suiwer water aan die swembad sou voorsien. Dit het egter nie baie doeltreffend gewerk nie sodat 'n filtreerstelsel aangebring moes word (De Klerk, 1977:10). Heelwat probleme is egter ondervind met die installering daarvan en Smith is op 'n kommissie benoem om die saak te probeer finaliseer (PU vir CHO, 1953a). Nadat daar op 29 Julie 1953 gerapporteer is dat die suiweringsapparaat nog nie in orde is nie (PU vir CHO, 1953b) kon die kommissie uiteindelik op 12 September 1953 aankondig dat die suiweringsapparaat uitstekend werk, maar dat daar 'n lek in die vloer van die swembad was (PU vir CHO, 1953c).

Bogenoemde uittreksels uit die betrokke notules is slegs gedoen met die doel om aan te toon hoeveel beslommernisse dikwels betrokke was by die instandhouding van fasiliteite; iets waarmee Smith gedurig te doen gehad het.

In 1960 is die swembad geteel en voorsien van toue en waterpolonette (PU vir CHO, 1960b). In Februarie 1963 is daar aansoek gedoen om spreibeligting by die swembad aan te bring. Hierdie aansoek is sterk deur Smith gesteun met die gevolg dat goedkeuring verleen is om die beligting aan te bring (PU vir CHO, 1963a).

In 1972, 'n jaar voor Smith se aftrede, het die behoefte aan ruimte en beter fasiliteite so dringend geword dat daar verskeie aanbouings aan die Johannes van der Walt Instituut vir Liggaamlike Opvoeding gedoen is. Benewens die laboratoriumkompleks is daar ook 'n groot lesingsaal, 'n gimnastieksaal, ses kantore, 'n gewigtekamer en bykomende apparaatkamer aangebou (De Klerk, 1977:14).

D.P.J. Smith kon dus met sy aftrede in 1973 met trots terugkyk na die gebou waarin hy 23 jaar lank arbeidsaam was. Hy het hoë prioriteit verleen aan die goeie instandhouding en versorging van hierdie gebou. Hy het van die begin af gesorg dat daar deeglike beheer uitgeoefen word oor die gebruik van die Liggaamlike Opvoedkundegebou. So byvoorbeeld het hy in 1953 'n besondere aandeel gehad in die opstel van die reëls vir die gebruik van die saal van die Liggaamlike Opvoedkundegebou deur die algemene student (PU vir CHO, 1952c). Reëls soos die volgende is byvoorbeeld daargestel:

- Slegs skoene sonder hakke word in die saal toegelaat
- Daar mag glad nie gerook word nie
- In die saal word geen verversings, vloeibaar of andersins, toegelaat nie
- Alles moet gelaat word in die toestand waarin dit gevind is.

(PU vir CHO, 1952c).

Omdat Smith bewus was van die inpanning verbonde aan die vestiging van die Johannes van der Walt Instituut vir Liggaamlike Opvoeding het hy besondere klem gelê op die versorging van apparaat en die instandhouding van die gebou. By die aanbieding van 'n praktiese les sou hy byvoorbeeld 'n groot gedeelte daaraan wei om toeligting aan die studente te verskaf oor die doeltreffende versorging van die betrokke apparaat. Ten opsigte van die gebou self sou hy selfs die insteek van drukspykers in houtdeure ten sterkste afkeur ten einde die instandhouding daarvan te bevorder.

Met Smith se aftrede in 1973 het hy die gebou vir Liggaamlike Opvoedkunde dus in 'n goedversorgde toestand nagelaat, want net so netjies soos hy op homself as persoon was, net so was sy besorgdheid oor die toestand van die gebou van die Johannes van der Walt Instituut vir Liggaamlike Opvoeding. Die netheid van die gebou was dus 'n versinnebeelding van dié besondere karaktereienskap van Smith as persoon.

#### 5.4.5.3 Die daarstelling en uitbouing van sportfasiliteite in die algemeen

Pas nadat Smith as dosent aan die PU vir CHO aangestel is, het hy hom begin beywer vir die daarstelling van sportfasiliteite wat deur al die studente van die Universiteit benut sou kon word. Benewens die beplanning wat daar geskied het rondom die bou van 'n gimnastiekgebou en swembad is daar ook aandag gegee aan die oprigting van 'n atletiekbaan asook velde/bane vir rugby, hokkie, handbal, krieket, korfbal en tennis waarby ingeslote was die modernste toerusting vir elke sportsoort (Smith, 1946b). Oor die gebruik van hierdie beplande fasiliteite het Smith die volgende geskryf:

> "Die PUK stel hierdie fasiliteite tot beskikking van alle studente. Ons beoog dit dat elke student die geleentheid sal kry om aan een of meer aktiwiteit deel te neem, ongeag die kursus wat hy volg" (Smith, 1946b).

Smith se betrokkenheid by die daarstelling van sportfasiliteite aan die PU vir CHO blyk verder uit die feit dat hy in 1951 benoem is op die Adviserende Komitee insake die Toekomstige Uitbreiding van Sportgeriewe (PU vir CHO, 1951c). Uit bestudering van die notules van die Komitee vir Terreine en Geboue blyk dit dat hierdie Adviserende Komitee 'n groot bydrae gelewer het tot die uitbreiding van die sportfasiliteite van die Universiteit.

As gevolg van Smith se noue betrokkenheid by tennis as sportsoort, spreek dit vanself dat hy 'n besondere bydrae ten opsigte van hierdie sportsoort se fasiliteite aan die PU vir CHO sou lewer. As kranige tennisspeler, -afrigter en -administrateur sowel as Liggaamlike Opvoedkundige was hy 'n kenner op die gebied van geskikte tennisfasiliteite en -apparaat. Sy ervaring en kennis op hierdie gebied is dwarsdeur sy dienstydperk aan die Universiteit met groot insig gebruik. As gevolg van sy toedoen is daar byvoorbeeld in 1952 die eerste sementbaan in plaas van die gewone grondbaan, gebou. In sy motivering vir die sementbaan het Smith onder andere gemeld dat so 'n baan uiteindelik besparing sou meebring (PU vir CHO, 1952d).

Dat die tennisgeriewe van die PU vir CHO, tydens Smith se verbintenis met PU-tennis, altyd van die beste was, spreek uit die volgende berig wat in *Die Wapad* van 15 Junie 1960 verskyn het:

> "Vandag voer die tennisklub 'n bloeiende bestaan. Die bane is modern. Die tennismasjien wat hier gebruik word om balle te dien, is van die modernste in die land" (Anon., 1960c).

Ook die spreiligte wat in die begin sestigerjare by hierdie tennisbane aangebring is, is deur die toedoen van Smith verkry (Smith, 1982). Die spreiligte is later verskuif na die tennisbane wat by *De Oude Molen* opgerig is.

In 1963 het Smith aansoek gedoen dat daar drie tennisbane by die Fanie du Toit-sportterrein (*De Oude Molen*) vir die gebruik van die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde, opgerig moes word (PU vir CHO, 1963b). Die bane is opgerig en stelselmatige uitbreiding het in so 'n mate plaasgevind dat die Universiteit in 1972, 'n jaar voor Smith se aftrede, met 22 tennisbane kon spog (De Klerk, 1977:14).

Smith was ook intens betrokke by atletiek as sportsoort en en ten opsigte van atletiekfasiliteite aan die PU vir CHO. Voor die totstandkoming van die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde en Smith se direkte bemoeiing met die sportsoort, is atletiek op 'n lukraakmetode en met ontoereikende apparaat beoefen. Na Smith se aanstelling by die

Departement van Liggaamlike Opvoedkunde het meer wetenskaplikheid in die afrigting gekom en waar die Atletiekklub aanvanklik geen duur apparaat kon bekostig nie is hierdie leemte in 'n groot mate deur Smith se bemoeiinge gevul. So byvoorbeeld het Smith in April 1951 verslag aan die Senaat van die PU vir CHO gelewer oor addisionele apparaat vir die Atletiekklub van die Universiteit. Hierin het hy onder andere die volgende aanbeveling gedoen:

> "Dat die Raad die nodige atletiekapparaat vir die gebruik van alle studente sal voorsien en dat die departement Liggaamlike Opvoeding verantwoordelik sal wees vir die bewaring hiervan" (PU vir CHO, 1951f).

Scholtz (1969:28) maak onder andere daarvan melding dat die Atletiekklub vir "... jare lank gebruik gemaak het van die atletiekapparaat van die L.O.-Departement".

Onder Smith se aanvoering is daar van 1951 met die Raad van die PU vir CHO onderhandel vir die bou van 'n beter atletiekbaan. Die ou baan op die terrein van die Fisikakompleks van destyds, was totaal ontoereikend (Scholtz, 1969:28). Op aanbeveling van Smith is 'n grasbaan gebou want as oefenbaan was dit die "... beste en mees higiëniese" (Scholtz 1969:28). Volgens Scholtz (1969:28) was dit op daardie stadium en tot selfs nog tot in 1969 as een van die voortreflikste oefenbane in Suid-Afrika gereken. Hierdie baan is op 11 April 1953 by wyse van 'n intervarsity teen die Universiteit van die Oranje-Vrystaat ingewy (Scholtz, 1909:29).

Smith was oral by die verbetering van sportfasiliteite, van watter aard ook al, by die PU vir CHO betrokke. So byvoorbeeld blyk sy betrokkenheid onder andere in 1953 toe hy die volgende versoeke aan die Komitee vir Terreine en Geboue gerig het:

1. "Draad moet om die vore by De Oude Molen geplaas word om balle te keer.

2. Die huidige stelsel van natspuit van die bane is nie bevredigend nie. 'n Ander tipe spuittoestel sal vir dié doel aangeskaf moet word.

3. Daar is bevind dat die rollers te lig is om die bane goed vas te rol. 'n Groter en swaarder roller moet aangekoop word"

(PU vir CHO, 1953c).

Smith was ook betrokke by die aanlê van 'n krieketveld by die Universiteit (PU vir CHO, 1953b). Hy moes aandag gee aan die Universiteit se voetbalvelde (PU vir CHO, 1949). Hy was, as erepresident van die Universiteit se Boksklub behulpsaam met die verkryging van bokshandskoene asook oefenfasiliteite vir die klub (Anon., 1950c:4). Vanaf 1951 het hy op die genoemde Adviserende Komitee insake die Toekomstige Uitbreiding van Sportgeriewe aan die PU vir CHO gedien (PU vir CHO, 1951e) en in 1965 het hy op 'n advieskomitee in verband met sport gedien wat verantwoordelik was vir 'n verslag oor die Instandhouding van Sportvelde (PU vir CHO, 1965q).

Tydens Smith se verbondenheid aan die PU vir CHO, is die terrein wat in 'n groot mate deur sy volharding aangekoop is, naamlik De Oude Molen, uitgebou tot een van die mooiste sportterreine (op daardie stadium) aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit. Die ingebruikneming van hierdie terrein, die Fanie du Toit-sportterrein, het in 1972 plaasgevind. Op hierdie stadium het die terrein beskik oor "... 22 tennisbane, 8 rugbyvelde, 1 atletiekbaan, 5 krieketvelde, insluitende moderne pawiljoen met alle geriewe, 7 netbalbane, 4 hokkievelde, 1 rolbalbaan, moderne klubgebou met kafeteria, onthaalsale, gewigte-oefensaal, noodhulpkamer, ens." (Anon., 1971:7).

#### 5.4.5.4 Slotopmerking

Uit bogenoemde besprekings blyk dit dus duidelik dat Smith 'n besliste stempel gelaat het op die daarstelling en ontwikkeling van sport- en Liggaamlike Opvoedkundefasiliteite en -apparaat van die PU vir CHO. Buitestaanders besef nie altyd hoeveel opoffering en stryd agter die skerms plaasvind om dinge tot stand te bring nie. Smith self het erken dat dit nie altyd so maklik gegaan het nie. Te midde van alles het hy steeds dankbaar gebly teenoor persone en instansies wat hom in die proses behulpsaam was. Hieroor het Smith onder andere die volgende gesê:

> "Alhoewel hierdie dinge nie altyd so maklik gekom het as wat dit lyk nie en daar behoorlik 'n aanspraak gemaak moes word en soms gepleit moes word vir die fasiliteite, moet ek tog sê dat die Universiteit altyd bereid was om aan die Departement die nodige te voorsien en ek wil met waardering aan die Raad en aan die Universiteitsowerheid, almal wat daarmee te doen gehad het, waardering betuig" (Smith, 1977).

### 5.4.6 BYDRAES GELEWER AS LID VAN RADE EN KOMITEES

Gedurende Smith se verbondenheid aan die PU vir CHO het hy op verskeie rade en komitees van die Universiteit gedien waarvan die meeste te doen gehad het met Liggaamlike Opvoedkunde en sport. Op hierdie wyse kon hy direk of indirek inspraak lewer ter bevordering van Liggaamlike Opvoedkunde en sport aan die Universiteit.

As hoof van die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde het hy sitting op die Senaat van die Universiteit gehad vanaf 1947 tot 1973. As lid van die Senaat het hy 'n bydrae gelewer tot die bevordering van Liggaamlike Opvoedkunde en sport deurdat hy op verskeie komitees en kommissies gedien het wat aspekte rondom bogenoemde moes hanteer. So byvoorbeeld

het hy op 'n komitee gedien wat alles moes reël in verband met die personeellede se tennis (PU vir CHO, 1945d). Hy is ook in 1948 op 'n kommissie benoem wat deeglik moes ingaan op die sportaangeleenthede aan die Universiteit (PU vir CHO, 1948). Verder is hy in 1965 aangestel op 'n kommissie insake verbetering in afrigting en sportstandaard van die Universiteit (PU vir CHO, 1965b).

Uit die verslag van hierdie kommissie het dit geblyk dat sport aan die PU vir CHO in die algemeen in 'n swak toestand verkeer het as gevolg van swak sportfasiliteite, swak afrigting, ondoeltreffende sportorganisasie, te min tyd vir oefeninge volgens die klasrooster en die houding van sommige dosente teenoor sport (PU vir CHO, 1965c). In hierdie verslag is aanbeveel dat 'n sportinstituut aan die Universiteit ingestel moes word. So 'n sportinstituut is in September 1965 in die lewe geroep. Deur die besondere bydrae wat Smith op hierdie kommissie gelewer het, het hy dus op 'n indirekte wyse 'n bydrae gelewer tot die totstandkoming van die Sportinstituut van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

As gevolg van die aard van die vak Liggaamlike Opvoedkunde het Smith op drie fakulteitsrade sitting gehad, naamlik:

1. Fakulteit van Natuurwetenskappe: 1946-1960

2. Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte : 1946 - 1973

3. Fakulteit van Opvoedkunde : 1946 - 1973 (PU vir CHO, Jaarboeke 1946-1973).

Ook hier kon hy 'n bydrae lewer ter bevordering van Liggaamlike Opvoedkunde en sport, in die besonder Liggaamlike Opvoedkunde, deurdat hy tydens die vergaderings van die verskillende fakulteitsrade as gesaghebbende op sy terrein kon optree. Verder is hy ook op verskeie kommissies benoem wat die vak direk of indirek sou bevorder. Slegs 'n paar kommissies word as voorbeeld genoem. In 1951 is hy benoem op 'n kommissie van die Uitvoerende Komitee wat moes ingaan op die verskillende kursusse in die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde

met die oog op 'n eventuele verbeterde samestelling (PU vir CHO, 1951b). In 1958 is hy benoem op 'n kommissie ad hoc insake nagraadse studie in Liggaamlike Opvoedkunde in die Fakulteit van Opvoedkunde (PU vir CHO, 1958b) en in 1967 het hy waardevolle bydraes gelewer op die kommissie wat benoem is insake die opleiding van dosente (PU vir CHO, 1967a). Dat daar besondere waardering was vir die inset wat deur Smith gelewer is blyk daaruit dat daar op 9 Oktober 1973 tydens 'n vergadering van die Fakulteit van Opvoedkunde (toe daar van Smith afskeid geneem is omdat hy aan die einde van 1973 uit diens sou tree), spesiaal deur die voorsitter melding gemaak is van die goeie werk wat Smith in Liggaamlike Opvoedkunde aan die PU vir CHO verrig het (PU vir CHO, 1973).

Dit dien ook vermeld te word dat Smith sitting op die Komitee vir Liggaamlike Opvoeding gehad het (PU vir CHO, 1947). Die Komitee is in Augustus 1947 in die lewe geroep en het algemene beleidsake rakende die vak hanteer. (Vergelyk met 5.4.2.1 in hierdie verband). Die Komitee is in Februarie 1951 opgehef omdat dit op daardie stadium volgens die Fakulteit van Opvoedkunde "oorbodig" geraak het (PU vir CHO, 1951a). Dit het geblyk dat Smith, in samewerking met die Fakulteit van Opvoedkunde, heeltemaal in staat was om die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde te beheer. Die inset wat Smith gelewer het op bovermelde Komitee was van groot waarde veral ten opsigte van die vestiging van Liggaamlike Opvoedkunde aan die PU vir CHO.

Vanaf 1945-1973 het Smith op die Komitee vir Terreine en Geboue, wat 'n vaste komitee van die Senaat was, gedien. Weens Smith se vakkundigheid, kreatiewe denke maar ook praktiese ingesteldheid het hy tydens sy dienstydperk op hierdie komitee 'n besondere bydrae gelewer tot die totstandkoming van sportfasiliteite van 'n hoë gehalte, die uitbreiding van fasiliteit sowel as die doeltreffende instandhouding daarvan. (Vergelyk 5.4.4).

Smith het op die Beheerkomitee van die Sportinstituut van die Universiteit gedien vanaf 1965 tot 1973. Verder is hy ook benoem om die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys te verteenwoordig in die Adviserende Sportkomitee van die S.A. Universiteite. Hy het vir baie jare waardevolle diens op hierdie Komitee

gelewer totdat hy op 2 Junie 1967 bedank het. Dit was met spyt dat die Beheerkomitee van die Sportinstituut van die PU vir CHO kennis geneem het van Smith se bedanking. Die hoë waardering wat hul vir Smith se arbeid as lid van hierdie komitee gehad het, het geblyk uit die woorde van die Voorsitter waarmee hy Smith bedank het vir die dienste wat hy as verteenwoordiger in hierdie Adviserende Sportkomitee aan die Universiteit gelewer het. Hy het onder andere die volgende in die verband gesê:

> "Prof. Smith het sy taak met onderskeiding uitgevoer. Sy siening is in die Komitee met respek bejeën en sy kennis was in die Beheerkomitee van groot waarde" (PU vir CHO, 1967b).

Soos gemeld was Smith lid van die Beheerkomitee van die Sportinstituut vanaf 1965 tot 1973. Hy het nie net 'n besondere bydrae gelewer tot die daarstelling en vestiging van die Sportinstituut aan die Universiteit nie maar het as gevolg van sy wye ervaringsveld en grondige kennis van sport 'n enorme bydrae gelewer tot die uitbreiding en groei daarvan aan die Universiteit. Sy bydrae het veral duidelik geblyk ten opsigte van aspekte soos sy kundigheid in verband met die instandhouding van sportvelde asook die opvoedkundig-filosofiese wyse waarop hy die studente se deelname aan sport benader het (PU vir CHO, 1965a). Dat die Beheerkomitee van die Sportinstituut Smith se bydrae hoog geag het, het geblyk uit die feit dat daar in 1973 'n eretoekenning aan hom gemaak is. Die toekenning is aan Smith gemaak uit erkenning van sy bydrae tot die uitbouing van sport in die algemeen, maar veral aan die Universiteit self (Anon., 1973f).

Benewens bovermelde het Smith ook diens gelewer aan verskeie sportklubs van die PU vir CHO, hetsy as erepresident, beskermheer, bestuurslid of afrigter. Die volgende kan as voobeeld genoem word:

- **Atletiek.** Smith het diens aan die PU-Atletiekklub gelewer as afrigter, spanbesuurder en voorsitter. In 1965 het die klub hom vereer deur erekleure aan hom te skenk vir jare van onafgebroke diens aan die klub (Anon., 1965).

- **Boks.** Hy is as eerste erepresident van die PU-Boksklub aangewys in 1950 (Anon., 1950c).

- **Pluimbal.** Smit het die PU-Pluimbalklub op verskeie maniere ondersteun en bygestaan. So byvoorbeeld is daar in *Die Wapad* van 17 Junie 1964 soos volg berig:

  > "Prof. D.P.J. Smith het homself bereid verklaar om as erepresident van die Pluimbalklub benoem te word. Die klub het 'n groot bondgenoot en raadgewer in prof. Smith. Hulle is hom baie dank verskuldig vir wat hy tot dusver vir hulle beteken het" (Anon., 1964).

- **Tennis.** Smith het diens aan die PU-Tennisklub gelewer as afrigter, spanbestuurder en president. In *Die Wapad* van 15 Maart 1957 is Smith "... 'n steunpilaar van die tennisklub" genoem (Anon., 1957) en in *Die Wapad* van 28 Junie 1960 het E.J. de Jager, die PU-tenniskaptein van 1959, soos volg geskryf:

  > "Langs hierdie weg wil ek namens die bestuur weer eens slegs opregte dank aan prof. Smith uitspreek vir die onbaatsugtige hulp wat ons van hom ontvang het" (De Jager, 1960).

Uit bogenoemde bespreking blyk dit dus dat Smith as lid van verskeie rade en komitees (eerstens as gevolg van sy wye sowel indringende kennis van die vak Liggaamlike Opvoedkunde en aanverwante terreine; tweedens as volg van sy breë ervaringsveld op bogenoemde terreine, en derdens as gevolg van sy bereidwilligheid om diens te lewer), 'n besondere inset kon lewer tot die bevordering van Liggaamlike Opvoedkunde en sport aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

### 5.4.7 SAMEVATTING

Tydens Smith se verbondenheid aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys vir bykans 28 jaar het hy op verskeie terreine 'n bydrae gelewer tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde en sport aan dié Universiteit.

Sy bydrae lê eerstens daarin dat hy die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde aan die PU vir CHO gevestig en uitgebou het. As gevolg van die bekwame wyse waarop hy die Departement geadministreer en beheer het - inbegrepe die beheer oor en goeie verhouding ten opsigte van die personeel en studente - het Smith daarin geslaag om met sy aftrede 'n goed gevestigde Departement na te laat. Vanuit hierdie Departement is werk gedoen wat wye erkenning, nie net by Liggaamlike Opvoedkundiges nie maar oor 'n wye interdissiplinêre terrein, geniet het.

In die tweede instansie het Smith hom voortdurend beywer vir die instelling van nuwe kursusse en vakrigtings in Liggaamlike Opvoedkunde of die verandering daarvan afhangende van die behoeftes wat daar in die verband ontstaan het. Kenmerkend van die inhoudelike van die kursusse was hul wetenskaplikheid, praktykgerigtheid en toepaslikheid. As gevolg van Smith se toedoen was die inhoudelike van die kursusse sterk onderskraag deur 'n Christelik-nasionale benadering.

Derdens was die gehalte van opleiding wat Smith aan die studente verskaf het, sowel as die invloed wat hy op hul gehad het, van so 'n aard dat dit die uitbouing van die vak aansienlik bevorder het. Nie alleen was die lesings wat deur hom aangebied is goed voorbereid, sistematies en van hoë gehalte nie, maar was ook die metode waarop hy die lesings aangebied het onderhoudend, stimulerend en besonder doeltreffend. Hiermee saam het hy deur sy persoonlike optrede daarin geslaag om die studente wetenskaplik te vorm en positief te beïnvloed.

In die vierde plek het Smith hom voortdurend beywer vir die daarstelling en ontwikkeling van fasiliteite vir gebruik deur studente verbonde aan die PU vir CHO. So byvoorbeeld kan die verkryging van De Oude

Molen-terrein, wat later ontwikkel is as die Fanie du Toitsportterrein, grootliks deur die toedoen van Smith plaasgevind. Benewens die oprigting van die Johannes van der Walt Instituut vir Liggaamlike Opvoeding was Smith ook intens betrokke by die daarstelling van fasiliteite soos die swembad, 'n atletiekbaan asook velde/bane vir rugby, hokkie, handbal, krieket, korfbal, tennis en doeltreffende toerusting vir elke sportsoort.

Omdat die gehalte en hoeveelheid fasiliteite beskikbaar, direk verband hou met die standaard van opleiding in Liggaamlike Opvoedkunde en sport wat beoefen word, kan met reg gestel word dat Smith, as gevolg van sy ywer om Liggaamlike Opvoedkunde- en sportfasiliteite aan die PU vir CHO uit te bou, hiermee 'n verdere bydrae gelewer het tot die bevordering van dié vak aan die Universiteit.

In die vyfde plek het Smith op verskeie rade en komitees van die Universiteit - waarvan die meeste te doen gehad het met Liggaamlike Opvoedkunde en sport - gedien. As gevolg van sy besondere kennis van die vak, sy breë ervaringsveld en ook sy bereidwilligheid om diens te lewer, het hy insette op hierdie rade en komitees gelewer wat 'n besliste bydrae gelewer het tot die bevordering van Liggaamlike Opvoedkunde en sport aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys kon homself gelukkig ag om 'n persoon van Smith se kaliber te hê om 'n Departement van Liggaamlike Opvoedkunde uit te bou tot 'n gerespekteerde een. Dit was 'n Departement wat kon getuig van doeltreffende administrasie en beheer, wetenskaplik-saamgestelde en praktykgerigte kursusse en 'n hoë gehalte opleiding. Hierbenewens het Smith ook 'n groot bydrae gelewer ter bevordering van sport aan hierdie Universiteit. Die eretoekenning wat in dié verband in 1973 aan hom gemaak is het hy deur en deur verdien.

## 5.5 SMITH SE BYDRAE TOT DIE ONTWIKKELING VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE DEUR MIDDEL VAN NAVORSING EN PUBLIKASIES

### 5.5.1 INLEIDING

Smith het reeds op 'n vroeë leeftyd 'n besondere aanleg vir studie en navorsing getoon. Sy promotor vir sy doktorale studie, prof. J.C. Coetzee, het die volgende ten opsigte van Smith gesê:

> "Hy het 'n besondere aanleg vir studie gehad. Hy was 'n uitstekende navorser" (Coetzee, 1983).

Smith het 'n intense belangstelling in sy vak gehad. Volgens Coetzee (1983) het hy net vir Liggaamlike Opvoedkunde gelewe. Smith het dus met toewyding in die vak Liggaamlike Opvoedkunde gewerk deur op verskeie terreine van die vak navorsingsinsette te lewer. Hy was byvoorbeeld een van die eerste Liggaamlike Opvoedkundiges in Suid-Afrika wat navorsingswerk ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkunde begin doen het. Hy het 'n besondere bydrae gelewer tot die ontwikkeling van navorsing deur middel van sy eie navorsingswerk veral - ten opsigte van toetsing en meting (evaluering), die verskaffing van navorsingshulp aan studente en die beklemtoning van die belangrikheid van navorsing op verskeie terreine soos onder andere ten opsigte van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasie (SAVLOR). Hy het ook verskeie referate gelewer en publikasies die lig laat sien wat gehandel het oor navorsingsprojekte wat deur hom afgehandel is.

Al bogenoemde aspekte word breedvoerig in die onderstaande gedeeltes bespreek. Die geskrifte wat deur Smith geskryf is, word ook in die onderstaande afdeling bespreek omdat navorsing lei tot publikasies en omdat die skryf van geskrifte in elk geval deur 'n bepaalde graad van navorsing en denke voorafgegaan word.

## 5.5.2 NAVORSING

### 5.5.2 1 Inleiding

Soos gemeld het Smith hom reeds as student geopenbaar as 'n uitstekende navorser (Coetzee, 1983). As dosent het hy daarin geslaag om 'n goeie balans te handhaaf tussen navorsing, opleiding (doseerwerk) en dienslewering (Strydom, 1986). Sy belangstelling in navorsing het onder andere soveel aandag geniet dat hy ten tye van sy aftrede en selfs kort voor sy dood nog besig was met navorsingswerk.

Smith se navorsing was sterk deur die empirisme van die Amerikaanse skool beïnvloed (Scholtz, 1986). Hy het 'n besondere waardering gehad vir die werke van Amerikaanse vakkundiges soos onder andere J.F. Bovard, H.H. Clarke, F.W. Cozens, T.K. Cureton, C.H. Mc Cloy, J.R. Sharman en J.F. Williams. Smith se bydrae tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde deur middel van navorsingswerk op die gebied sal bespreek word onder die volgende hoofde naamlik: eie navorsing, leiding aan studente ten opsigte van hulle navorsing, beoordeling van navorsing in die algemeen, en studiereise en bywoning van kongresse en simposia.

### 5.5.2.2 Eie navorsing

Smith was een van die eerste Liggaamlike Opvoedkundiges wat sy doktorale studie in Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika voltooi het. Hy was 'n ywerige navorser en het deur sy navorsingswerk die grondslag gelê vir prestasieskaalmeting in Suid-Afrika (Scholtz, 1986). Volgens Scholtz (1986) het Smith hom ook op die terrein van historiese navorsing begewe. Sy studente het hom ook op 'n verskeidenheid ander terreine

laat beweeg soos rekreasie, fisiologie, bestuur, opvoeding en sekere toegepaste terreine (Scholtz, 1986).

Smith se navorsingswerk, veral ten opsigte van Toetsing en Meting (Evaluering) was egter van so 'n aard dat dit wyd gebruik is in Suid-Afrika (Strydom, 1986). Ten tye van sy aftrede en afsterwe was hy juis nog besig met navorsingswerk in dié verband. In Smith se aktiewe navorsingsloopbaan het hy die volgende navorsingsprojekte voltooi:

Navorsingswerk van Smith

1943 'n Histories-kritiese ondersoek na die opleiding van onderwysers vir liggaamlike opvoeding op die openbare skole. (M.Ed.)

1947 Die samestelling van prestasieskale in die atletiek vir studerende blanke jongelinge van 16 jaar en ouer. (D.Phil.)

1953 Toetse vir die meting van bekwaamheid in tennis (Die resultate van hierdie navorsingswerk is nooit gepubliseer nie.)

1954
1. Prestasieskale vir atletiek van kinders van sestien tot agtien jaar.
2. Die groeipatroon van seuns van tien tot sewentien jaar.
3. Deelname aan buiteskoolse sport.

(Bogenoemde navorsingswerk is in samewerking met dr. J.W. Postma gedoen.) (Anon., 1954:9).

1961 Prestasieskale vir aktiwiteite van die liggaamlike opvoeding vir jongelinge van 12 tot 19 jaar.

1965 Die relatiewe invloed van oefenprogramme in swem en atletiek op die $O_2$.-kapasiteit van manstudente. (Hierdie projek is in samewerking met W.J. Putter gelоods.

As gevolg van die feit dat sekere inligting ontbreek het - weens omstandighede - is net sekere fasette van die projek voltooi.)

1979 Standaarde vir die meting van motoriese bekwaamheid van Liggaamlike Opvoedkundestudente.
(Smith het in 1966 met hierdie navorsingsprojek begin, maar is oorlede in 1977 - voor die voltooiing daarvan. Personeel verbonde aan die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde van die PU vir CHO het die stof wat reeds deur Smith versamel en georden was, saamgestel en in boekvorm laat verskyn.)

Indien die onderwerpe waaroor Smith navorsing gedoen het, bestudeer word, blyk dit dat hy grootliks op prestasieskaalmeting gekonsentreer het. Dit moet in aanmerking geneem word dat hierdie soort navorsing baie tydrowend is. Smith het persoonlik al die gegewens versamel en die verwerking daarvan gedoen. Gesien teen die agtergrond dat daar op daardie stadium geen navorsingshulp aan personeellede verskaf is nie en dat 'n rekenaar nog nie beskikbaar was nie kom 'n mens sterk onder die besef van die omvang en tydrowendheid van bogenoemde navorsing wat deur Smith voltooi is. Alhoewel Smith dus nie 'n groot aantal navorsingsprojekte voltooi het nie, het dié wat deur hom voltooi is geweldig baie van sy tyd in beslag geneem. Gesien in die lig van die groot insette wat hy ook op ander terreine van die vak moes lewer, soos byvoorbeeld ten opsigte van opleiding (doseerwerk) en dienslewering, kan daar net met waardering gepraat word van Smith se persoonlike bydrae ten opsigte van navorsing.

### 5.5.2.3 Leiding aan studente ten opsigte van hul navorsing

Gedurende die aanvangsjare van die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde aan die PU vir CHO en daarna was navorsing in die vak

iets wat maar selde gebeur het. (Vergelyk 4.5.2.2). Smith het die studente, veral die manstudente, voortdurend aangemoedig om aan te gaan met nagraadse studies en hul toe te lê op navorsing (Strydom, 1986). In werklikheid het Smith se grootste bydrae op die gebied van navorsing miskien nie gelê in die werk wat hyself geskep het nie, maar eerder in die feit dat hy menige jong wetenskaplike ingelei het in die aanvoeling van en beheer oor wetenskaplike denke en benaderings; vandaar dat menige van sy studente hulle in latere jare as uitgelese en kreatiewe navorsers onderskei het (Scholtz, 1986). Vanaf Smith se aanstelling as senior lektor in 1945, tot en met sy aftrede in 1973 het hy vir 17 meestersgraad- en 3 doktorsgraadstudente in Liggaamlike Opvoedkunde respektiewelik as leier en promotor opgetree. Daarbenewens, veral in die latere jare, het hy as hulpleier en medepromotor vir 'n aantal nagraadse studente opgetree. Alle Honneursstudente in Liggaamlike Opvoedkunde het gedurende sy dienstydperk aan die PU vir CHO die voorreg gehad om hom as leermeester te hê.

Magister- en doktorale studies voltooi onder leiding van Smith

**Magisterstudies**

BOSMAN, J.S.K. 1963 Liggaamlike Opvoeding in enkele Suid-Afrikaanse nywerhede. M. Ph. Ed.-verhandeling, PU vir CHO.

DE JAGER, D.K. 1966 Die motoriese ontwikkeling van S.A. Blanke skooldogters van 11-17 jaar. M.Ed.-verhandeling; PU vir CHO.

DE KLERK, R.I. 1977 Die samestelling van 'n toetsreeks in atletiek vir die hoërskooldogters van 13 tot 18 jaar. M.Ed.-verhandeling, PU vir CHO.

HUMAN, G.J.J. 1970 Die motoriese bekwaamheid van Blanke, Kleurling en Indiërskoolseuns van 12 en 13 jaar. M.Ed.-verhandeling, PU vir CHO.

JOUBERT, I.J. 1951 'n Vergelyking tussen die algemene motoriese bekwaamheid van 17-jarige Blanke en Bantoeseuns in Transvaal. M.Ed.-verhandeling, PU vir CHO.

KILIAN, H d.V. 1949 'n Histories kritiese ondersoek na die onderrig van atletiek vir seuns aan die Transvaalse middelbare skole. M.Ed.-verhandeling, PU vir CHO.

LE ROUX, J.P. 1970 Die motoriese ontwikkeling van en prestasie-standaarde vir dogters van 11 tot 16 jaar. M.A.-verhandeling, PU vir CHO.

LOUBSER, T.J. 1961 Die plek van Liggaamlike Opvoeding in militêre opleiding in die Suid-Afrikaanse leër. M.Ed.-verhandeling, PU vir CHO.

NIEMAN, R.J. 1954 Die invloed van liggaamslengte en liggaamsgewig op die motoriese bekwaamheid van 14 en 15 jaar seuns. M.Ed.-verhandeling, PU vir CHO.

PUTTER, W.J. 1962 'n Vergelyking van die liggaamlike prestasievermoë tussen manstudente en liggaamlike opvoeding, sportmanne en nie-sportmanne. M.P.Ed.-verhandeling, PU vir CHO.

ROUX, C.J. 1950 Die samestelling van 'n metode in die liggaamlike opvoeding vir die beoordeling van karakter. M.Ed.-verhandeling, UNISA.

SCHOLTZ, G.J.L. 1968 Die fisieke fiksheid van lotelinge van die S.A. Weermag, S.A. Polisie in Opleiding en skoliere in standerd 10. M.Ed.-verhandeling, PU vir CHO.

TALJAARD, E.P.S. 1968 Prestasiestandaarde in atletiek vir Bantoeseuns van 12 tot 15 jaar. M.A.-verhandeling, PU vir CHO.

VAN DER TAS, G 1953 Die fundamentele doelstellings van die liggaamlike opvoeding in teorie en praktyk. M.Ed.-verhandeling, PU vir CHO.

VAN DER MERWE, H. 1963 Prestasiestandaarde in swem vir seuns en dogters van 14-17 jaar op die middelbare skool. M.Ed.-verhandeling, PU vir CHO.

VAN ZIJL, H.C. 1966 Prestasieskale in enkele aktiwiteite van die Liggaamlike opvoeding vir dogters 11-17 jaar. M.A.-verhandeling, PU vir CHO.

WILLEMSE, J.W. 1969 Die invloed van die Sweedse stelsel van formele oefening op die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika. M.Ed.-verhandeling, PU vir CHO.

Doktorale studies

JOUBERT, J.J. 1956 Die verband tussen die algemene motoriese bekwaamheid en skolastiese prestasie van 12-, 14- en 16-jarige blanke skoolseuns. D.Ed.-proefskrif, PU vir CHO.

PUTTER, W.J. 1965 Die liggaamlike geskiktheid van blanke en nie-blanke mans. D.P.Ed.-proefskrif, PU vir CHO.

TALJAARD, E.P.S. 1976 Die administrasie en organisasie van ontspanning vir die bantoe in enkele gebiede. D.Phil-proefskrif, PU vir CHO.

Uit 'n bestudering van die titels van bovermelde verhandelinge en proefskrifte blyk dit dat Smith as studieleier/promotor kennis van en insig oor 'n groot verskeidenheid terreine van die vak moes hê. Die mees algemene was dié van toetsing en meting. Ander terreine was die historiese, die opvoeding, rekreasie, bestuur en ander toegepaste terreine.

Studente wat onder Smith se leiding navorsing gedoen het, toon oor die algemeen besondere waardering vir die hulp wat hul van hom ontvang het. Willemse (1969) maak melding daarvan dat dit aangenaam was om onder Smith se "... bekwame en inspirerende leiding te werk". Loubser (1961) skryf dat dit vir hom 'n besondere eer en voorreg was om onder Smith se bekwame leiding sy studies te kon voltooi.

Smith was bereid om sy studente te eniger tyd te woord te staan en van raad te bedien (Willemse, 1969). Studente is altyd met die grootste gasvryheid aan sy huis ontvang. Le Roux skryf byvoorbeeld dat hy die hoogste agting het vir Smith se bereidwilligheid om hom van raad te bedien maar "... ook vir sy aanmoediging, gasvryheid en vriendelikheid" tydens le Roux se besoeke (Le Roux, 1950). In dié verband het Loubser die volgende oor Smith geskryf: "Nie alleen sy kosbare tyd, maar ook sy huis en biblioteek was te alle tye tot my beskikking en dit het my taak soveel ligter gemaak" (Loubser, 1961).

### 5.5.2.4 Bevordering van navorsing in die algemeen

Die feit dat Smith 'n besondere voorstaander van navorsing ter bevordering van die vak was, blyk veral uit die navorsing wat deur homself gedoen is en die leiding wat deur hom aan studente ten opsigte van hul eie navorsing verskaf is. Daar was egter ook ander terreine in dié verband waar hy 'n besondere bydrae gelewer het.

Smith was byvoorbeeld van mening dat die verskillende onderwysdepartemente daadwerklike steun moes gee aan ondersoek/navorsing op die gebied van die Liggaamlike Opvoedkunde. Hy het gesê dat daar nog 'n groot veld van ondersoek in hierdie vak braak gelê het, want daar was talle probleme van maatskaplike, ekonomiese, opvoedkundige en biologiese aard in Suid-Afrika wat op die pad van die onderwyser gelê het. Smith was van mening dat die nodige aansporing reeds by die opleiding gegee moes word, maar dat dit verder van owerheidsweë deur fondse beskikbaar gestel moes word vir ambisieuse manne wat 'n taak van so 'n aard wou verrig (Smith, 1944:202).

As voorsitter van die afdeling Navorsing in verband met Liggaamlike Opvoeding van die SAVLOR het Smith ook 'n verdere bydrae gelewer tot die bevordering van vaknavorsing. So byvoorbeeld het Smith, as voorsitter, in 1959 die volgende in verband met die afdeling se bedrywighede berig:

> "Dat 'n komitee bestaande uit prof. dr. D.P.J. Smith (sameroeper), mnr.. J.F. Botha, dr. A. Oberholzer en dr. J.W. Postma benoem is. Die opdragte van die komitee is soos volg:
>
> (a) om resultate deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap en deur ander liggame uit te ruil;
>
> (b) om 'n gesamentlike projek te onderneem op die gebied van liggaamlike fiksheid:
>
> - om geldige en betroubare toetsbatterye op te stel om die fiksheid van verskeie leeftydsgroepe vir albei geslagte te meet
> - om hierdie toetsbatterye toe te pas en die resultate te evalueer"
>
> (Anon., 1960b:46).

Dit blyk dus dat Smith op die verskeie terreine van die vak waarop hy beweeg het, hetsy in opleidingsverband hetsy ten opsigte van vakverenigings, dit deurgaans sterk beklemtoon het dat navorsing 'n noodsaaklikheid is en ondersteun moet word.

### 5.5.2.5 Studiereise en bywoning van kongresse en simposia

Ten einde op hoogte te bly met die ontwikkeling op sy vakgebied en om kontak met vakmense te behou het Smith beplan om studiereise te onderneem en om kongresse en simposia op gereelde basis by te woon. Per geleentheid het hy ook voordragte by sulke geleenthede gelewer.

Smith het in 1938 vir twaalf maande aan die volgende inrigtings in Europa gestudeer, naamlik die Hochschule für Leibesübungen van die Universiteit van Berlyn, die Reichsakademie für Leibesübungen in Berlyn asook die Academie voor Lichamelijke Opvoeding te Amsterdam. In sy verslag oor bogenoemde studies in Europa het Smith die volgende geskryf:

> "Ek het gedurende my studie konneksies aangeknoop met beroemde Liggaamlike Opvoedkundiges in verskillende lande en vertrou dat ek daardeur altyd op hoogte van sake sal bly en die nuutste verwikkelinge op hierdie uitgebreide gebied sal volg" (Smith, 1939a:3).

Hierdie tydperk in Europa het aan Smith 'n besondere vaste basis verskaf waarop hy kon bou ten opsigte van die wetenskaplike gefundeerdheid en navorsingsingesteldheid rakende die vak.

Smith het beplan om 'n verdere studiereis na die Verenigde State van Amerika te onderneem in die vyftigerjare, maar weens gesondheidsprobleme kon dit nie geskied nie.

Smith was deurgaans 'n getroue bywoner van kongresse en simposia in Suid-Afrika. By verskeie van die kongresse/simposia het hy referate gelewer soos blyk uit die onderstaande:

**Referate gelewer deur Smith by simposia/kongresse**

- Eerste Suid-Afrikaanse Kongres in Liggaamlike Opvoeding : 9 - 12 Januarie 1945 te Kaapstad en Stellenbosch: Die vraagstuk van aanbod en aanvraag van onderwysers van Liggaamlike Opvoeding.

- Tweede Suid-Afrikaanse Kongres vir Liggaamlike Opvoeding: 10 - 12 Januarie 1950 te Kaapstad en Stellenbosch: Die aanstelling van prestasieskale in die atletiek vir studerende blanke jongelinge van 16 jaar en ouer.

- Tweejaarlikse nasionale kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasie: 28 - 30 September 1967 te Durban: Praktiese wetenskaplike gefundeerde programme vir die ontwikkeling van die basiese komponente van fiksheid.

- Simposium: Bio-meganika vir bewegingsvaardigheid by afrigting: 23 - 25 Junie 1969 te Stellenbosch: Opleiding van onderwysers/afrigters in die Bio-meganika as deel van Kinesiologie.

## 5.5.3 PUBLIKASIES

### 5.5.3.1 Inleiding

Te midde van 'n bedrywige beroepslewe het Smith tyd gevind om 'n hele aantal publikasies die lig te laat sien. Die publikasies het in boekvorm, as artikels in tydskrifte en as artikels in versamelwerke soos in kongresverslae verskyn.

### 5.5.3.2 Publikasies in boekvorm

1944 'n Histories-kritiese ondersoek na die opleiding van onderwysers vir Liggaamlike Opvoeding op die openbare skole. M.Ed.-verhandeling, UNISA.

1948 Die samestelling van prestasieskale in die atletiek vir studerende Blanke jongelinge van 16 jaar en ouer. D.Phil.-proefskrif, UNISA.

1951 Die doel en plek van Liggaamlike Opvoeding in die opvoedingsprogram. Potchefstroom: PU vir CHO (Inougurele rede).

1961 Prestasieskale in aktiwiteite van die Liggaamlike Opvoedkunde vir jongelinge van 12 tot 19 jaar. Potchefstroom: PU vir CHO.

1979 Standaarde vir die meting van motoriese bekwaamheid van Liggaamlike Opvoedkundestudente. Potchefstroom: PU vir CHO.
(Personeel verbonde aan die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde van die PU vir CHO het die stof oor bovermelde onderwerp wat reeds deur Smith versamel en georden was, na sy dood in 1977, saamgestel en in boekvorm laat verskyn).

### 5.5.3.3 Publikasies as artikels in tydskrifte

#### Liggaamsopvoeding/Physical Education

1939 Tennis: die voorhand-, rughandhou en diens/Tennis: the forehand, backhand and service. I(3): 35-40, September.

1939 Sny-, vlug- en stop-, lug- en mokerhoue/The chop, the volley, the block, the lob and the smash. I(4): 16-20, November.

1940 Atletiek: tegniese en metodiese lesse vir die afrigter/Athletics: lessons in technique and method for the coach. II(1): 32 - 39, April.

1940 Atletiek: tegniese en metodiese lesse vir die afrigter - middelafstande/Athletics: lessons in technique and method for the coach - middle distances.
II(2): 38 - 43, Junie.

1940 Atletiek: tegniese en metodiese lesse vir die afrigter - die sprong (verspring)/Athletics: lessons in technique and method for the coach - the jump (long jump).
II(4): 38-42, November.

1941 Atletiek: tegniese en metodiese lesse vir die afrigter - die sprong (hoogspring)/Athletics: lessons in technique and method for the coach - the jump (high jump).
III(3): 8-11, September.

1942 Atletiek: tegniese en metodiese lesse vir die afrigter - die sprong (paalspring)/Athletics: lessons in technique and method for the coach - The jump (pole vault). IV(1): 43-47, April.

1946 Die produk van ons onderwys uit die gesigspunt van die liggaamlike opvoeding. VIII(1): 28-32, April.

Vigor

1947 Wegspring by naellope.
I(1): 9-11, September.

1951 Tennis: die voorhand- en handrugdryfhou en die afslaan. IV(4): 24-26, September.

1951 Tennis: die snyhou, vlug- en stophou, lughou en mokerhou. V(1):49-51, Desember.

1953 Die doel en plek van liggaamlike opvoeding in die opvoedingsprogram. VI(2): 37-43, Maart.

1965 Redaksioneel. Sport en Opvoeding.
XIV(1): 3-6.

### 5.5.3.4 Publikasies as artikels in versamelwerke

1945 Die vraagstuk van aanbod en aanvraag van onderwysers vir liggaamlike opvoeding. (In Verslag van die eerste Suid-Afrikaanse Kongres vir Liggaamlike Opvoeding: 9-12 Januarie 1945 te Kaapstad - Stellenbosch. p. 127).

1947 Liggaamlike en gesondheidsopvoeding. (In Coetzee, J.C. red. Beginsels en Metodes van Middelbare Onderwys. Pretoria: Van Schaik).

1950 Die samestelling van prestasieskale in die atletiek vir studerende Blanke jongelinge van 16 jaar en ouer. (In Verslag van die tweede Suid-Afrikaanse Kongres vir Liggaamlike Opvoeding: 10-12 Januarie 1950 te Kaapstad

en Stellenbosch. p. K3).

### 5.5.3.5 Slotopmerking

Benewens bogenoemde artikels het Smith by tye ook resensies oor Liggaamlike Opvoedkundepublikasies die lig laat sien. As voorbeeld kan genoem word dat die resensie wat hy oor J.W. Postma se boek: Inleiding tot die Ligaamlike Opvoedkunde geskryf het. In Vigor van Junie 1965 het Smith die gebreke sowel as positiewe aspekte van die boek analities en wetenskaplik bespreek. Hy het die boek as 'n besondere aanwins beskou en het onder andere die volgende hieroor geskryf:

> "Inleiding tot die Liggaamlike Opvoedkunde sal 'n uitnemende boek in enige taal wees. Dit is 'n verryking van ons vakwetenskap en van ons taal. .... 'n uitstekende studieboek en baie sterk aan te beveel vir elke onderwyser en student in die Ligaamlike Opvoedkunde" (Smith, 1965b:60).

Uit 'n bestudering van die publikasies wat deur Smith gelewer is, blyk dit dat benewens die verskeidenheid van onderwerpe wat gedek is, Smith tog sekere voorkeure gehad het. Ten opsigte van praktykgerigte artikels het sportsoorte soos tennis en atletiek voorrang geniet, terwyl sake rondom Toetsing en Meting en die Ligaamlike Opvoedkunde voorkeur geniet het - veral wat die teoretiese aspek betref.

Die publikasies wat uit Smith se pen voortgekom het, het getuig van wetenskaplikheid, geordenheid, deeglikheid en afgerondheid. Dit was werk van goeie gehalte. Dit is 'n jammerte dat hy as gevolg van 'n gebrek aan tyd nie meer kon publiseer nie.

### 5.5.4 SAMEVATTING

Gesien teen die agtergrond van die groot werklas wat Smith moes dra tydens sy verbondenheid aan die PU vir CHO en gesien in die lig van die feit dat daar nog geen navorsing op die gebied van Liggaamlike Opvoedkunde aan hierdie Universiteit en ook in die algemeen gedoen was op daardie stadium nie, kan daar met lof gepraat word van Smith se inset ten opsigte van navorsing en publikasies ter bevordering van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika.

Sy bydrae tot die uitbouing van navorsingswerk op die gebied van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika behels die volgende:

1. Hy het baanbrekerswerk verrig deur middel van navorsing in Liggaamlike Opvoedkunde aan die PU vir CHO.

2. Hy het baanbrekerswerk verrig op die gebied van navorsingswerk in Toetsing en Meting in Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika.

3. Hy het bekwame en geïnspireerde leiding aan studente verskaf ten opsigte van hul eie navorsing.

4. Deur middel van studiereise - maar veral deur die bywoning van kongresse/simposia - het hy goeie kontak met vakkundiges behou en homself op hoogte gehou met die nuutste ontwikkelinge ten opsigte van die vak.

Smith se bydrae tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika deur middel van sy publikasies kan soos volg saamgevat word:

1. As gevolg van 'n gebrek aan tyd, weens die hoë eise wat daar aan Smith gestel is in sy dienslewering aan die Universiteit sowel as aan die publiek, is die omvang van sy publikasies beperk.

2. Die publikasies wat deur hom gelewer is, is beperk tot 'n paar publikasies in boekvorm (die resultaat van sy vakwetenskaplike navorsingswerk) en 'n paar artikels in tydskrifte - waarvan Liggaamsopvoeding en Vigor die belangrikste is.

3. Die gehalte van Smith se publikasies was hoogstaande en het getuig van wetenskaplikheid, geordenheid en afgerondheid.

## 5.6 SMITH SE BYDRAE TOT DIE ONTWIKKELING VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE TEN OPSIGTE VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDIGE- EN SPORTVERENIGINGS

### 5.6.1 INLEIDING

Smith was een van die weinige Liggaamlike Opvoedkundiges in Suid-Afrika wat daarin kon slaag om, in die uitbouing van Liggaamlike Opvoedkunde, 'n goeie balans te handhaaf ten opsigte van opleiding, navorsing en dienslewering na buite. Die bydraes wat hy op die gebied van opleiding gelewer het is breedvoerig onder punte 5.3 en 5.4 bespreek terwyl sy bydraes ten opsigte van navorsing onder punt 5.5 behandel is. In hierdie afdeling word gepoog om aan te dui op welke wyse Smith Liggaamlike Opvoedkunde bevorder het deur dienslewering na buite. Met dienslewering na buite word gefokus op aspekte soos die vestiging en uitbouing van Liggaamlike Opvoedkundige- en sportverenigings, die aanbied van sportkursusse/klinieke, die hou van toesprake/praatjies asook betrokkenheid by fiksheidsprojekte en feeste wat verband hou met Liggaamlike Opvoedkunde en sport. Omdat laasgenoemde aspekte direk of indirek verband hou met sy verbondenheid aan Liggaamlike Opvoedkundige- en sportverenigings en dit oor die algemeen uitvloeisels was van sy werkverrigtinge in dié verenigings sal daar dus hoofsaaklik gekonsentreer word op Smith se betrokkenheid by Liggaamlike Opvoedkundige en sportverenigings. Ten opsigte van Liggaamlike

Opvoedkunde was Smith in die besonder betrokke by die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasie. Alhoewel Smith gemoeid was met verskeie sportverenigings het hy veral ten opsigte van atletiek en tennis besondere insette gelewer.

Die bespreking van Smith se bydrae tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde deur middel van sy dienslewering aan Liggaamlike Opvoedkundige- en sportverenigings, sal onder die volgende hoofde bespreek word: Liggaamlike Opvoedkundige vereniging: SAVGLO & O (SAVLOR). Sportverenigings - met beklemtoning van atletiek- en tennisverenigings.

## 5.6.2 LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDIGE VERENIGING: SAVGLO & O / SAVLOR

### 5.6.2.1 Inleiding

Dit is bekend dat verenigings 'n besondere bydrae kan lewer tot die ontwikkeling van 'n dissipline omdat daar deur middel van 'n georganiseerde struktuur op verskeie vlakke na die belange van die vak omgesien kan word. (Kyk 3.5.1 in die verband).

Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Gesondheid, Liggaamlike Opvoeding en Ontspanning (SAVGLO & O) is in 1950 gestig. In 1958 is die Vereniging se naam verander na die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasie (SAVLOR). 'n Verdere naamsverandering het in 1982 plaasgevind toe dit verander is na die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Sportwetenskap, Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasie (SAVSLOR). By die bespreking van Smith se bydrae tot die vestiging en uitbouing van hierdie Vereniging sal deurgaans van die afkorting SAVLOR gebruik gemaak word omdat dit die

naam van die vereniging was gedurende die (langste) tydperk wat Smith diens aan die Vereniging gelewer het.

Smith was betrokke by die vestiging van die Vereniging en was 'n gereelde bywoner van die Vereniging se kongresse. Hierbenewens het hy bydraes gelewer tot die uitbouing van die Vereniging deur die insette wat hy gelewer het ten opsigte van die navorsingsafdeling van die Vereniging; aspekte soos betrokkenheid by taakgroepe; hulp ten opsigte van administratiewe sake en sinvolle deelname aan besprekings tydens kongresse en vergaderings.

### 5.6.2.2 Vestiging van die vereniging: SAVGLO & O / SAVLOR

Tydens die tweede Suid-Afrikaanse Kongres vir Liggaamlike Opvoeding wat in Januarie 1950 te Kaapstad - Stellenbosch plaasgevind het, is daar besluit om oor te gaan tot die stigting van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Gesondheid, Liggaamlike Opvoeding en Rekreasie. Smith was teenwoordig by hierdie vergadering en het deur sy deelname aan die besprekings insette gelewer wat onder andere daartoe bygedra het dat die Vereniging op 'n stewige fondament gevestig sou word. So byvoorbeeld het hy voorgestel dat die moontlikheid van affiliasie van die Vereniging by bestaande onderwysorganisasies ondersoek moet word (Smith, 1950a:F4). So 'n stap sou aan die Vereniging groter erkenning en seggenskap in onderwyskringe gee. Tydens dieselfde vergadering is daar besluit dat takke van die Vereniging in verskillende streke gestig moet word. Smith is aangewys om leiding te neem ten opsigte van die stigting van so 'n tak in Wes-Transvaal (Anon., 1950a:G2).

#### 5.6.2.3 Navorsingsafdeling

Smith het vir 'n geruime tyd (bykans 13 jaar) opgetree as voorsitter van die navorsingsafdeling van die SAVLOR. Die hoofdoel van hierdie afdeling van die SAVLOR was om navorsing in Liggaamlike Opvoedkunde, ontspanning en verwante afdelings te stimuleer (Van der Merwe, 1970:3). Onder Smith se leiding was hierdie afdeling van die SAVLOR besonder aktief. Dit blyk onder andere uit die verslag wat Smith tydens die agtste kongres van die SAVLOR, wat van 12-15 Desember 1959 te Johannesburg gehou is, gelewer het oor die werksaamhede van die afdeling: Navorsing in verband met Liggaamlike Opvoeding (Anon, 1960b:46). Hierin het hy gemeld dat 'n komitee in hierdie afdeling benoem is. Die opdragte van die komitee om:

1. 1. navorsingsresultate van die departemente van Liggaamlike Opvoedkunde aan Suid-Afrikaanse Universiteite met die medewerking van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap en ander liggame, uit te ruil.

2. 2. 'n gesamentlike projek te onderneem op die gebied van liggaamlike fiksheid

   - deur geldige en betroubare toetsbatterye op te stel om die fiksheid van verskeie leeftydsgroepe van albei geslagte te meet, en

   - om hierdie toetsbatterye toe te pas en die resultate te evalueer. (Anon., 1960b:46).

Dat daar wel uitvoering aan die opdragte gegee is, blyk onder andere uit die verslag van die werksaamhede van die SAVLOR vir die tydperk Oktober 1965 tot Oktober 1966. Hierin word melding gemaak dat daar tydens die vorige kongres 'n opgawe van navorsing wat op die gebied van Liggaamlike Opvoedkunde gemaak is, deur prof. D.P.J. Smith, voorgelê is (SAVLOR, 1966). Ook in 1970 word daar in 'n nuusbrief insake die navorsingsafdeling van die SAVLOR melding gemaak van "...

'n opgawe van navorsing in Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika wat deur prof. D.P.J. Smith opgestel is " (Van der Merwe, 1970:2).

Deur middel van Smith se ywer kon die navorsingsafdeling van die SAVLOR waardevolle dienste lewer deur:

1. Leiding te gee ten opsigte van groepnavorsing op nasionale vlak ter bevordering van Liggaamlike Opvoedkunde as 'n wetenskap.

2. Skakeling en samewerking te verkry met ander organisasies.

3. Die indiening van tweejaarlikse opnames van navorsing op die gebied van Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning aan Universiteite en ander inrigtings (Van der Merwe, 1970:1).

Dat daar besonder waardering was vir die werk wat deur Smith ten opsigte van die navorsingsafdeling van die SAVLOR gedoen is, blyk uit die woorde van G.W. van der Merwe, wat Smith in 1970 as voorsitter opgevolg het. Hy het geskryf:

> "Prof. Smith het sy pligte met nougesetheid en groot verantwoordelikheid in belang van ons Vereniging nagekom. Vir sy onvermoeide ywer is ons hom baie dank verskuldig" (Van der Merwe, 1970:1).

#### 5.6.2.4 Betrokkenheid by taakgroepe

In 1965 het die hoofbestuur van die SAVLOR, gedagtig daaraan dat Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika sedert die stigting van die SAVLOR in 1950, nog steeds te kampe gehad het met negatiewe gesindhede, struikelblokke en tekortkominge wat die doeltreffende aanbieding daarvan ernstig gestrem het en dat belangrike sektore nog nie die aandag geniet het wat dit verdien het nie, oorgegaan om 'n aantal taak- of studiegroepe aan te wys. Dit is van die groepe verwag om die

onderwerpe wat aan hulle opgedra is grondig te ondersoek en daarna 'n verslag met aanbevelings voor te lê (SAVLOR, 1965).

Smith is aangewys as voorsitter van die taakgroep wat die volgende onderwerp moes ondersoek: **Die Liggaamlike Opvoeding en 'n nasionale onderwysbeleid.** Dat Smith iets daadwerkliks in die verband gedoen het, blyk onder andere uit die jaarverslag van die SAVLOR vir die tydperk Oktober 1965 tot Oktober 1966 waarin die volgende gemeld word:

> "Prof. Smith is tans nog besig met navorsingswerk met betrekking tot Liggaamlike Opvoeding en die Nasionale Onderwysbeleid om by die volgende kongres te rapporteer oor vordering gemaak" (SAVLOR, 1966).

Toe die Voorsettingskomitee van die SAVLOR in die lewe geroep is en die kernleerplanne in 1967 ter sprake gekom het (SAVLOR, 1967a), is die noodsaaklikheid van die bestaan van bovermelde taakgroep betwyfel. Op 15 Februarie 1967 is daar deur die uitvoerende komitee van die SAVLOR besluit dat:

> "... die subkomitee van die voortsettingskomitee deur die sekretaris met prof Smith sal skakel vir uitskakeling van sy taakgroep maar dat die Sekretaris 'n brief aan prof Smith sal rig waarin 'n uiteensetting gegee sal word van die twee aspekte wat oorvleueling in die hand werk en sy opinie en samewerking aangevra sal word" (SAVLOR, 1967b).

Dit blyk dus dat alhoewel die taakgroep - waarvan Smith die voorsitter was - se bestaan, weens oorvleuelende aspekte, beëindig is, die Vereniging so 'n hoë agting vir Smith se vermoëns gehad het, dat daar spesiaal om sy opinie en verdere samewerking in die verband gevra is (SAVLOR, 1967b).

#### 5.6.2.5 Betrokkenheid in die algemeen

Smith was nie net betrokke by die SAVLOR ten opsigte van die gemelde aspekte nie. Hy het ook op ander terreine 'n bydrae gelewer tot die uitbouing van die Vereniging. Hier word onder andere gedink aan die bydrae wat hy gelewer het as lid van die Fisieke Fiksheidstoetse Komitee (SAVGLO & O, 1952g) sowel as sy betrokkenheid by die Nasionale Fiksheidskonferensie wat van 12-14 Desember 1961 te Pretoria plaasgevind het.

Smith was 'n gereelde bywoner van bykans alle kongresse van die SAVLOR. By die kongresse het hy op verskeie maniere 'n bydrae gelewer: hetsy as spreker, as voorsitter van sessies, as verslaghouer van sessies of bloot net deur sy teenwoordigheid en sy sinvolle deelname aan besprekings. In 1959 het J.W. Postma in sy hoedanigheid as sekretaris van die SAVLOR die volgende aan die Registrateur van die PU vir CHO geskryf oor Smith se bywoning en betrokkenheid by die agtste kongres van die SAVLOR wat 12-15 Desember 1959 te Johannesburg plaasgevind het:

> "Deur die voorsitterskap van die navorsingseksie en die deelname aan die diskussies in ander seksies het prof. Smith 'n belangrike bydrae gemaak tot die sukses van die konferensie" (Postma, 1959:1).

#### 5.6.2.6 Slotopmerking

Uit bogenoemde besprekings blyk dit dus dat Smith vanaf die stigting van die SAVLOR op verskeie terreine betrokke was by die vestiging en uitbouing van hierdie Vereniging. Dit was dus heel van pas dat die vereniging in 1965 besluit het om Smith in te sluit by die 15 persone aan wie spesiale merietetoekennings gemaak is. Die toekennings is gemaak om hulde te bring "... aan diegene wat hulle sedert die ontstaan van

Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika onderskei het deur hulle bydraes tot die bevordering van die vak en tot die oogmerke van hoër standaarde van nasionale liggaamlike welstand" (SAVLOR, 1965:14).

### 5.6.3 SPORTVERENIGINGS

#### 5.6.3.1 Inleiding

Smith was reeds vroeg in sy lewe intens betrokke by sport. As leerling en as student het hy aan 'n verskeidenheid van sportsoorte soos atletiek, rugby, krieket, boks, stoei en tennis deelgeneem. Hy het veral uitgeblink ten opsigte van stoei, rugby, tennis en atletiek. (Smith se beste atletiekprestasie was in die hoogspring met 'n hoogte van 6'2 5/8" - met die skêrsprongtegniek. Daardie dae (1933) was dit volgens heersende S.A.-standaarde 'n baie goeie hoogte (Coetzee, 1973). As onderwyser was hy gemoeid met buitemuurse sportafrigting in atletiek, tennis en soms rugby sowel as die aanbieding van gimnastiekvertonings. Tydens sy verbondenheid aan die Potchefstroomse Onderwyskollege het hy sy kennis ten opsigte van sport verder uitgebrei as gevolg van sy betrokkeheid by die oprigting en administrasie van verskeie sportsoorte (kyk 5.3.5) asook die aanbieding van 'n hele aantal gimnastiekvertonings. Smith het egter sy grootste bydrae tot die bevordering van sport gelewer tydens sy verbondenheid aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Hy was dwarsdeur sy universitêre loopbaan aktief betrokke by die bevordering van sport binne die Universiteit self, tussen universiteite onderling maar ook op nasionale en internasionale gebiede.

Soos vermeld het Smith benewens die bydraes wat hy op die gebied van opleiding en navorsing gelewer het, 'n groot hoeveelheid van sy tyd spandeer aan dienslewering na buite. Oor Smith se dienslewering aan sport het Coetzee (1973) die volgende gesê:

> "Dienslewering na buite en onbaatsugtige hulp aan sportmanne was deur die jare by prof. D.P.J. Smith 'n lewenstaak. Sy sportaktiwiteite het oor vier dekades 'n wye veld ingesluit en die invloed wat hy in hierdie tydperk uitgeoefen het, sal deur die talle studente wat deur hom opgelei is en in die geslagte wat kom nog verder uitgedra word."

Prof. W.N. Coetzee, voorsitter van die PU-Sportinstituut, het na Smith verwys as "... 'n goedopgeleide, bekwame, ervare en gewilde sportman en -leier" (Coetzee, 1973). Volgens hom (Coetzee, 1973) was die bevordering van sport vir Smith 'n saak van erns en toewyding waarvoor hy sy tyd en kragte opgeoffer het sonder om vergoeding te verwag.

Alhoewel Smith betrokke was by die vestiging en uitbouing van verskeie sportsoorte was dit veral ten opsigte van atletiek en tennis wat hy uitstaande bydraes gelewer het. Om hierdie rede word sy bydraes ten opsigte van hierdie sportsoorte elk onder aparte hoofde bespreek.

#### 5.6.3.2 Atletiek

Soos gemeld (kyk 5.4.6) het Smith 'n besondere bydrae gelewer tot die bevordering van atletiek aan die PU vir CHO. Benewens die feit dat hy verskeie jare die hoofafrigter van die PU-atletiekklub was, het hy ook op organisatoriese en administratiewe vlak buitengewone diens gelewer. Onder sy leiding het die klub gefloreer en is inisiatief geneem om aksies te loods ter bevordering van die sportsoort. So byvoorbeeld is daar in 1950 op aandrang van Smith die eerste interfakultêre atletiekbyeenkoms by die PU vir CHO aangebied (Scholtz, 1969:28). Hy het onder andere ook inisiatief geneem ten opsigte van die ingebruikneming van die nuwe atletiekbaan en die reël van deelname teen die atletiekspan van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (PU vir CHO, 1953d).

Smith het verder 'n leidende rol gespeel ten opsigte van die stigting en vestiging van interuniversitêre atletiek in Suid-Afrika (Scholtz, 1986:18).

So byvoorbeeld was hy voorsitter van die **Suid-Afrikaanse Universitêre Atletiekfederasie** vanaf 1957 tot 1966 en in 1962 was hy bestuurder van die SA-Universiteite se atletiekspan wat in Julie 1962 aan verskeie byeenkomste in Europa deelgeneem het. Volgens Coetzee (1973) was alle organisasie wat aan hierdie toer verbonde was deur Smith self getref.

Een van die belangrikste bydraes wat Smith gelewer het ter bevordering van Atletiek in Suid-Afrika was sy insette ten opsigte van die stigting en vestiging van die **Wes-Transvaalse Amateur Atletiekunie**. Smith was vanaf 1936 tot 1947 bestuurslid en van 1948 tot 1952 voorsitter van die **Potchefstroom Interklub** Atletiek Assosiasie (PIKAA), voorloper van die Wes-Transvaalse Atletiekunie. Toe hy in 1936 bestuurslid van die P.I.K.A.A. geword het, was **Wes-Transvaal** deel van die Suid-Transvaalse Atletiekunie - sonder enige selfstandige status. Volgens Coetzee (1973) het Suid-Transvaal nie na Wes-Transvaal omgesien nie en weinig belangstelling getoon. Onder die Suid-Transvalers se regime het Wes-Transvaal ook geen voordele geniet nie. Verskillende vertoë om volwaardige provinsiale status is tot die Suid-Afrikaanse Atletiekunie gerig. Hierdie pleidooie is deur die Nasionale Unie na Suid-Transvaal verwys waar dit herhaaldelik op dowe ore geval het.

Na Smith se verkiesing tot voorsitter van die Potchefstroomse Interklub Atletiek Assosiasie in 1947 het hy 'n ander strategie begin volg. Hy het soveel moontlik Wes-Transvalers as beamptes laat kwalifiseer en "... letterlik vragte van hulle na Johannesburg geneem om eksamen af te lê" (Coetzee, 1973). Atlete is by die dosyne genooi om op Potchefstroom aan byeenkomste deel te neem en reeds in daardie dae was Wes-Transvaal vir sy puik organisasie bekend. Op grond daarvan is 'n besoek van die Amerikaanse atletiektoerspan in 1950 aan Wes-Transvaal toegeken en in 1951 is die S.A.-Junior Kampioenskappe daar aangebied.

In 1952, met die Van Riebeeckfees in Kaapstad, het "... die langverwagte deurbraak vir Wes-Transvaal gekom (Coetzee, 1973). Die jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Amateur Atletiekunie het daar plaasgevind. Nadat Smith seker gemaak het van die steun van die meeste ander bonde, het hy die Suid-Transvaalse Unie gekonfronteer met die feit dat 'n ander bond die selfstandigwording van Wes-Transvaal sou voorstel as

Suid-Transvaal dit nie sou doen nie. Die moederunie het hom moreel verplig gevoel om so 'n voorstel in te dien. Dit is eenparig aanvaar (Coetzee, 1973).

Die breedvoerige uiteensetting van hoe Smith te werk gegaan het om die totstandkoming van die Wes-Transvaalse Atletiekunie te bewerkstellig is spesiaal gedoen om aan te toon dat dinge nie sommer net gebeur het nie. Dit het besondere vernuf, insigryke beplanning en taktvolle optrede vereis. Hiermee saam hang die feit dat Smith kosbare ure moes opoffer ter wille van die saak. Geen wonder dat Coetzee (1973) die bewering gemaak het dat Smith se diens aan sport sy "lewenstaak" was nie.

Met die totstandkoming van die Wes-Transvaalse Atletiekunie is Smith verkies tot die eerste voorsitter daarvan. Dit het hy gebly tot 1961 en daarna was hy die president van die Unie. Onder sy bekwame leiding het die Unie gefloreer tot een van die sterkste Unies in Suid-Afrika. Nie alleen het die Wes-Transvaalse Atletiekunie op gereelde basis afrigtings-, afrigters- en beamptekursusse aangebied nie maar is deeglik georganiseerde byeenkomste op alle vlakke aangebied. Dit was dan ook veral deur Smith se ywer en entoesiasme dat verskeie oorsese spanne, die S.A.-Juniorkampioenskappe en ander belangrike byeenkomste op Potchefstroom kon plaasvind (WTAAU, 1960).

Die werklike omvang en gehalte van Smith se bydrae tot die uitbouing van die Wes-Transvaalse Amateur Atletiekvereniging blyk baie duidelik uit 'n skrywe van die Vereniging aan Smith ten tye van sy siekte in 1957. (Kyk 5.1.5 in die verband).

> "Ons verseker u van ons opregte dank vir die jare van getroue en offervaardige diens, die onbaatsugtige belangstelling, die geesdrif en ywer en die wakker inisiatief wat u aan die dag gelê het ter bevordering van hierdie bond se groei en bloei in Wes-Transvaal. Ons stel op prys dat u pal en vas kon staan by u oortuigings en daardeur verantwoordelik was vir die erkenning en talryke toegewings wat ons nou geniet, maar terselfdertyd deur u taktvolle en insigryke optrede, steeds gesorg het vir eenheid in

ons eie geledere, en minsame en waardige samewerking met ander bonde" (WTAAV, 1957).

Smith het ook diep spore op nasionale vlak getrap en 'n merk gelaat ten opsigte van die Suid-Afrikaanse Amateur Atletiekunie (SAAAU). Interessant was die feit dat hy tydens die jaarvergadering van die SAAAU in 1952 opgestaan het en die vergadering in Afrikaans - anders as wat die gebruik op die byeenkomste was - bedank het. Onbewustelik het hy dus vir 'n belangrike deurbraak gesorg, want daarna het die handhawing van Afrikaans deur die SAAAU dramaties veld gewen. Volgens Coetzee (1973) kan die slag wat hy hier vir Afrikaans geslaan het, moeilik oorskat word.

Smith het 'n verdere bydrae tot die bevordering van Suid-Afrikaanse Atletiek gelewer deurdat hy voortdurend diens gelewer het as beampte. By etlike Suid-Afrikaanse kampioenskappe was hy as skeidsregter " ... een van die belangrikste figure onder die beamptes by die byeenkomste" (Coetzee 1973).

Die vertroue en agting wat die SAAAU in Smith as persoon maar ook in sy bekwaamheid gehad het, het geblyk uit die feit dat hy deur die hoofbestuur in 1956 as Algemene Bestuurder na die Olimpiese Spele te Melbourne genomineer is (WTAAV, 1960). Hy is ook deur die SAAAU aangewys as die Suid-Afrikaanse Bestuurder van die Duitse Atletiekspan wat van 11 Oktober tot 8 November 1963 deur Suid-Afrika getoer het (Le Roux, 1963).

Dit blyk dus dat Smith se dienste aan atletiek dwarsoor Suid-Afrika erkenning geniet het en wel in so 'n mate dat Springbokkleure vir diens in 1960 aan hom toegeken is. Om hierdie kleure te verwerf moes voldoen word aan die hoë vereistes wat deur die SAAAU gestel is, naamlik:

- **Diens** - Minstens 25 jaar onafgebroke diens in leidende hoedanigheid aan 'n provinsiale- of klubbestuur

- **Prestasie** - Die Suid-Afrikaanse standaard moes in 'n nommer op die baan bereik word

- **Diens aan SA Atletiek** - Voordat die toekenning van Springbokkleure aan 'n persoon oorweeg word moes hy by ten minste twee SA-kampioenskappe as hoofbeampte (skeidsregter of hoofbaanbeampte) opgetree het

Aan al drie hierdie vereistes het Smith klinkklaar voldoen en oor die verdienstelikheid van sy erekleure kon daar volgens Coetzee (1973) nie die minste twyfel bestaan het nie.

### 5.6.3.3 Tennis

Soos gemeld (kyk 5.4.6) het Smith 'n besondere bydrae gelewer tot die bevordering van tennis aan die PU vir CHO. Benewens afrigtingswerk het hy ook op administratiewe en organisatoriese vlak 'n leidende rol gespeel met betrekking tot die **PU-tennisklub**. Dit is onder andere deur sy toedoen dat die owerhede van die Universiteit van grondbane oorgeskakel het na weervaste bane (Coetzee, 1973). Menige student het onder Smith se afrigtershand deurgeloop en later uitstaande spelers geword. Smith self het aan intervarsities deelgeneem en oor 'n lang periode was hy en sy vrou reisouers na interuniversitêre toernooie. Hy het baie vir **interuniversitêre tennis** gedoen en dit was "... hoofsaaklik onder sy leiding dat die tennistoernooi van die SA Universiteite in 1969 vir die eerste keer op Potchefstroom kon plaasvind" (Anon, 1970b).

Soos in die geval van atletiek het Smith ook ten opsigte van **Wes-Transvaalse tennis** 'n enorme bydrae gelewer, veral ten opsigte van die selfstandigwording van tennis in hierdie streek. Smith het met Wes-Transvaalse tennis kennis gemaak toe dit 'n ondergeskikte subunie van Suid-Transvaal was. Smith is gevra om die stigting van die Wes-Transvaalse Tennisunie te loods. Dit sou geen maklike taak wees om Wes-Transvaal tot 'n selfstandige tennisvereniging verhef te kry nie, want die eise wat aan 'n provinsiale bond gestel was, was hoog. 'n Primêre eis was byvoorbeeld dat 'n bond 'n ledetal van 2 500 moes hê (Anon., 1973g). Om lede te werf moes Smith lang afstande - dikwels

snags - na Lichtenburg en ander plekke aflê om by tennisspelers die voordele van 'n eie vereniging tuis te bring. Vergaderings is oral in Wes-Transvaal gehou en dit het oorreding gekos om klubs die voordele van 'n eie vereniging te laat insien. Hieroor is in Die Wes-Transvaal en OVS-Herald die volgende berig:

> "Lang argumentasies was nodig om die mense te oortuig dat affiliasie by die Vereniging nie hulle bestuursake nadelig beïnvloed nie, maar slegs tot voordeel strek" (Anon., 1973g).

Dit was maar telkens Smith wat die oortuigingswerk moes doen. Dit was dus grootliks deur Smith se toedoen dat die Wes-Transvaalse Tennisvereniging in 1957 as onafhanklike liggaam tot stand gekom het. Hy het as president van hierdie vereniging opgetree vanaf 1957 en as erepresident vanaf 1967 tot 1977. Gedurende hierdie jare het hy opgetree as speler, afrigter, keurder en bestuurder van Wes-Transvaalse spanne.

Onder Smith se bekwame leiding het die Wes-Transvaalse Tennisvereniging gefloreer. Die Vereniging se doelstellings was om die belange van die spelers te behartig en om groot wedstryde aan te bied (Anon.8 1973g). Smith het dit sy taak gemaak om toe te sien dat die doelstellings tot verwesenliking kom. As voorbeeld kan die volgende genoem word:

1. Ligawedstryde is ingestel en uitgebrei (WTTV, 1958)
2. Skoleligas is ingestel (WTTV, 1958)
3. Winterligas is ingestel (WTTV, 1959)
4. Geleentheid vir interprovinsiale deelname is vir seniors sowel as vir juniors geskep (WTTV, 1960)
5. Groot toernooie is aangebied soos onder andere die SA Junior kampioenskappe en 'n toetswedstryd (Anon., 1973g)
6. Gereelde afrigtingskursusse is aangebied (Anon., 1973g; WTTV, 1964)
7. 'n Skeidsregtersvereniging is in die lewe geroep (WTTV, 1962)

Dit is egter nie net bogenoemde aspekte wat daartoe bygedra het dat Smith 'n pertinente rol gespeel het in die vestiging en uitbouing van

tennis in Wes-Transvaal nie. Deur sy voorbeeld, deur sy taktvolle optrede, deur sy insigryke voorstelle, deur sy hulpvaardigheid en as gevolg van sy ryke ervaring kon hy voortdurend toesien dat die paadjie wat deur die Vereniging geloop word, die beste pad is. In moeilike omstandighede kon hy altyd advies verskaf waarna later met waardering terug gekyk kon word. Tydens 'n vergadering van die WTTV in 1968 het die voorsitter Smith bedank vir dit wat hy vir die Vereniging gedoen het en onder andere die volgende gesê:

> "Prof. D. Smith who as president always gave us good advise and was always ready to help when asked to do so ..." (WTTV, 1968).

Dit dien ook vermeld te word dat Smith van die min Afrikaners, gedurende daardie jare, was wat tot die binnekringe van die Suid-Afrikaanse Tennisvereniging kon deurdring (Scholtz, 1986). Volgens Coetzee (1973) het Smith op hierdie wyse onbewustelik daarin geslaag om veld vir Afrikaans te wen op tennisgebied.

### 5.6.3.4 Slotopmerking

Soos in die Inleiding gemeld (kyk 5.6.3.1) het Smith diens gelewer aan 'n groot verskeidenheid sportsoorte. Alhoewel atletiek en tennis in hierdie afdeling in die besonder bespreek is, kon Smith met gesag oor 'n verskeidenheid sportsoorte gesels. Daarbenewens was die wyse waarop hy sportbeserings asook hooikoors en asma behandel het, uniek (Scholtz, 1986).

Dit moet egter ten slotte beklemtoon word dat ten spyte van die feit dat Smith soveel ure bestee het aan die vestiging en uitbouing van sport veral ten opsigte van aspekte soos beter fasiliteite, meer geleenthede en groter deelname, - hy nooit die dieperliggende waarde van sportdeelname uit die oog verloor het nie. Hy het dit voortdurend beklemtoon dat deelname in 'n goeie gesindheid en in die regte gees moet plaasvind. In sy **Welkomswoord** aan ander provinsies tydens die S.A.-Interprovinsiale

Tenniskampioenskappe wat deur Wes-Transvaal aangebied is, het hy onder andere geskryf dat die toernooi se sukses verseker sal wees indien elkeen hul "... voorneem om in 'n gelukkige gees en gesindheid saam te speel."

Ook in sy **Welkomswoord** aan die Wes-Duitse en ander atletiekspanne wat aan 'n byeenkoms te Potchefstroom deelgeneem het, het Smith die volgende geskryf:

> "May we express the hope that this meeting will give impetus to the growing interest in athletics in the Western Transvaal and that many friendships in our country and across the ocean will be established today" (Smith, 1959).

Suid-Afrika, en in die besonder Wes-Transvaal, is besondere dank verskuldig aan prof. D.P.J. Smith, gewese hoof van die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys vir sy bydrae tot die bevordering van sport in Suid-Afrika. Hy was in alle opsigte "... 'n goedopgeleide, bekwame, ervare en gewilde sportman en -leier" vir sy land (Coetzee 1973).

### 5.6.4 SAMEVATTING

Smith was een van die Liggaamlike Opvoedkundiges wat hom in die besonder beywer het vir dienslewering na buite. Hierdie dienslewering het geskied ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkundige verenigings maar veral ook ten opsigte van sportverenigings.

Ten opsigte van die Liggaamlike Opvoedkundige vereniging, die SAVLOR, het sy bydrae hoofsaaklik daarin gelê dat hy betrokke was by die vestiging van die Vereniging, bydraes wat hy gelewer het as voorsitter van die navorsingsafdeling van die Vereniging sowel as sy betrokkenheid by ander aspekte van die Vereniging soos onder andere die taakgroepe en die fisieke fiksheidskomitee. Hierbenewens was hy 'n gereelde bywoner

van die Vereniging se kongresse en het telkemale sinvolle bydraes gelewer tydens besprekingssessies.

Ten opsigte van sportverenigings het Smith aan verskeie sportsoorte - maar veral wat atletiek en tennis betref - uitstaande diens gelewer. Hy het wat bogenoemde sportsoorte betref - op universitêre, interuniversitêre, provinsiale, nasionale sowel as internasionale vlak diep spore getrap.

Weinig Liggaamlike Opvoedkundiges kan daarin slaag om so 'n goeie balans te handhaaf tussen opleiding, navorsing en dienslewering soos prof. dr. D.P.J. Smith. Vir hom was dienslewering na buite benewens al sy ander verpligtinge ten opsigte van die vak Liggaamlike Opvoedkunde 'n lewenstaak.

## 5.7 SAMEVATTING EN EVALUERING

Soos in die geval van Postma en Smit moet Smith se bydrae tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika deurgaans gesien word in die lig van die omstandighede waarin die vak in daardie jare beoefen is. (Vergelyk hoofstuk 2). Omdat die vak op soveel terreine nog geen erkenning geniet het nie, moes Smith op verskeie gebiede baanbrekerswerk verrig. Hierbenewens moes hy toesien dat die vak gevestig en uitgebou word. Daar was dus 'n groot veld wat braak gelê en gewag het vir gewillige maar ook kundige arbeiders. Een van hierdie arbeiders wat sou meewerk om Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika te vestig en te ontwikkel was D.P.J. Smith. Wat Smith se bydrae tot die ontwikkeling van die vak so merkwaardig maak, is die feit dat hy nie net ten opsigte van een faset van die vak 'n bydrae gelewer het nie, maar ten opsigte van verskeie fasette daarvan. Hy is een van die weinige Liggaamlike Opvoedkundiges wat daarin kon slaag om 'n gebalanseerde bydrae ten opsigte van elk van die volgende fasette van die vak te lewer, naamlik opleiding, navorsing en dienslewering na buite. Wat elkeen van

bogemelde fasette betref het Smith 'n duidelike merk gelaat ten opsigte van die ontwikkeling van die vak in Suid-Afrika.

Die inset wat Smith ten opsigte van opleiding gelewer het, hou grootliks verband met sy betrokkenheid by die Potchefstroomse Onderwyskollege en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Smith was die eerste persoon wat permanent as dosent in Liggaamlike Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Onderwyskollege aangestel is. In hierdie hoedanigheid was hy nie net verantwoordelik vir die opleiding van studente in Liggaamlike Opvoedkunde nie, maar moes hy ook behulpsaam wees met die organisasie en doseer van voortsettingsklasse vir diensdoende onderwys. In beide gevalle het Smith baanbrekerswerk gedoen, veral ten opsigte van die instelling en uitbouing van kursusse en vakrigtings in Liggaamlike Opvoedkunde en die samestelling van leerplanne in die verband. As gevolg van die feit dat Smith hom in die besonder daarvoor beywer het om die kwantiteit maar ook die kwaliteit van die Liggaamlike Opvoedkundefasiliteite en -apparaat van die Kollege te verbeter, het dit onder andere daartoe aanleiding gegee dat die standaard van opleiding verhoog het. Verder was Smith gedurende hierdie tyd verantwoordelik vir die organisasie en aanbieding van verskeie vertonings wat verband gehou het met Liggaamlike Opvoedkunde. Op hierdie wyse is die publiek en ander oningeligtes met die aard en inhoud sowel as opleidingsmetodes van die vak bekend gestel en kon voornemende studente beïnvloed word om verder in die vak te studeer. Smith se persoonlike optrede as dosent, dit wil sê sy entoesiasme, werkywer en doelgerigtheid ten opsigte van die aanbieding van die vak, het ook 'n besliste rol gespeel om die gehalte van die opleiding van Liggaamlike Opvoedkunde aan die Kollege te verhoog.

Die bydrae wat Smith ten opsigte van opleiding gelewer het tydens sy verbondenheid aan die Potchefstroomse Univeristeit vir Christelike Hoër Onderwys kan soos volg opgesom word. In die eerste instansie het hy die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde aan die PU vir CHO gevestig en uitgebou. As gevolg van die bekwame wyse waarop hy die Departement geadministreer het, kon die opleiding van die studente in Liggaamlike Opvoedkunde suksesvol en sonder haakplekke geskied. In die tweede instansie het Smith baanbrekerswerk verrig ten opsigte van

die instelling van nuwe kursusse en vakrigtings en Liggaamlike Opvoedkunde en die samestelling van leerplanne in die verband. Hy het toegesien dat die inhoudelike van die kursusse wetenskaplik, praktykgerig en toepaslik was. In die derde instansie was die gehalte van opleiding wat Smith aan die studente verskaf het, uitstaande. Nie alleen was die lesings wat deur hom aangebied is, goed voorbereid, sistematies en van 'n hoë gehalte nie, maar was ook die metode waarop hy die lesings aangebied het onderhoudend, stimulerend en besonder doeltreffend. Hiermee saam het hy deur sy persoonlike optrede daarin geslaag om die studente wetenskaplik te vorm en positief te beïnvloed. In die vierde instansie is die standaard van opleiding verhoog as gevolg van die daarstelling en ontwikkeling van beter Liggaamlike Opvoedkundefasiliteite en -apparaat - hoofsaaklik deur die toedoen van Smith. In die laaste instansie het Smith - as gevolg van sy besondere kennis van die vak, sy breë ervaringsveld en as lid van verskeie rade en komitees van die Universiteit - groot bydraes gelewer ter verbetering van die gehalte van die opleiding van Liggaamlike Opvoedkunde aan die PU vir CHO.

Die bydraes wat Smith gelewer het tot die uitbouing van navorsing in Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika kan soos volg saamgevat word:

1. Hy het baanbrekerswerk verrig ten opsigte van die daarstelling van navorsing in Liggaamlike Opvoedkunde aan die PU vir CHO.

2. Hy het baanbrekerswerk verrig ten opsigte van navorsingswerk op die gebied van Toetsing en Meting in Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika.

3. Hy het bekwame en geïnspireerde leiding aan studente verskaf ten opsigte van hul eie navorsing.

4. Deur middel van studiereise, maar veral deur die bywoning van kongresse/simposia het hy goeie kontak met vakkundiges behou en homself op hoogte gehou met die nuutste ontwikkeling ten opsigte van die vak.

5. Verskeie publikasies wat van wetenskaplikheid, geordenheid en afgerondheid getuig, het deur sy pen die lig gesien.

Die bydraes wat Smith gelewer het ten opsigte van gemeenskapsdiens was geweldig omvattend. Benewens terreine soos onder andere dié van die Padveiligheid en die kerk was dit veral ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkundige- en sportverenigings waar Smith diep spore getrap het. Ten opsigte van die Liggaamlike Opvoedkundige vereniging, die SAVLOR het Smith bydraes gelewer deur sy betrokkenheid by die navorsingsafdeling en taalgroepe van die Vereniging maar ook deur sy sinvolle insigte gedurende besprekingsessies tydens die SAVLOR-kongresse. Ten opsigte van sport het Smith in verskillende hoedanighede, naamlik as afrigter, administrateur, keurder, beampte, erepresidente - vanaf klub tot nasionale vlak - diens gelewer. Alhoewel Smith veral by atletiek en tennis betrokke was, het hy oor 'n wye terrein diens aan sportmanne verleen. Vir Smith was dienslewering na buite en onbaatsugtige diens aan sportmanne 'n lewenstaak. 'n Taak wat hy as goedopgeleide, bekwame, ervare en gewilde sportman en -leier met toewyding en erns volbring het. Smith het verder diens aan die publiek gelewer deur sy betrokkenheid by verskeie fiksheidsprojekte. Gedurende die veertigerjare het hy liggaamsoefeningeklasse aan die publiek te Parys gegee en in die sestiger- en sewentigerjare het hy 'n leidende rol gespeel ten opsigte van verskeie fiksheidsprojekte wat onder andere deur die Nasionale Fiksheidskema geloods is.

Suid-Afrika kan hom gelukkig ag om 'n man van Smith se kaliber as een van die leidende Liggaamlike Opvoedkundiges in dié land te gehad het. Sy Christelik-nasionale beskouing het as basis gedien by alles wat hy ten opsigte van die vak onderneem het. Liggaamlike Opvoedkundiges in Suid-Afrika sal vir D.P.J. Smith altyd onthou as 'n toegewyde vakkundige met 'n besondere vaderlandsliefde en 'n sterk anker in God.